

1995 056 979 01



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

UOVS - SASOL-BIBLIOTEK



19950569790122000019

**'N LEKSIKAAL-SEMANTIESE ONDERSOEK
NA VERANDERING IN DIE AFRIKAANSE
WOORDESKAT SOOS WEERSPIEËL IN DIE
HEDENDAAGSE NUUSMEDIA**

deur

CORLIETHA SWART

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

**FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS**

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

STUDIELEIER: DR. A.H. KLOPPER

MEDESTUDIELEIER: PROF. G.J. VAN JAARVELD

**BLOEMFONTEIN
JUNIE 1995**

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

14 NOV 1995

UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 306.440893936 SWA

Hiermee word finansiële steun van die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (SWO) vir die koste van hierdie studie erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe daar geraak is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling nie.

DANKBETUIGING

My opregte dank en waardering aan:

- * **My Hemelse Vader** vir die geleentheid, insig en gesondheid om die studie te kon voltooi. Aan God al die eer!

- * Aan my studieleier, **Dr. A.H. Klopper** en my medestudieleier, **Prof. G.J. van Jaarsveld**. Baie dankie vir u beide se bekwame leiding, geduld en aanmoediging. Dit was 'n voorreg om aan die voete van Gamaliël leiding te kon ontvang.

- * Aan die **Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling** vir finansiële steun.

- * Aan **Sandra Cordier** vir die teniese versorging van die verhandeling.

- * Aan **Me. M. Raftery** vir die taalkundige versorging van die opsomming.

'n Spesiale woord van dank aan:

- * My **moeder en oorlede vader** vir die geleentheid wat hulle aan my gebied het om my tot op Magistervlak te bekwaam. Dankie vir die bystand (op alle vlakke), liefde, aansporing en vertroue wat julle in my gestel het; en bowenal vir die navolgenswaardige voorbeeld as ouers.

Met dankbaarheid

opgedra aan

my ouers

'n Outydse Skat.

"'n Taal is soos 'n mynskag, want op die bodem daarvan lê opgehoop al die benouenisse, al die gevoelens, al die gedagtes van tallose geslagte. Dis 'n stapel, 'n outydse skat waartoe elke verbyganger sy goud- of silwer- of leermuntstukkie bygedra het. . . waar 'n ganse ras met siel en liggaam geswoeg het, honderde en duisende jare lank. 'n Taal is die openbaring van die werklike lewe, van die menslike gedagte, die heilige beskawingsinstrument, die sprekende testament van afgestorwe en lewende gemeenskappe" (Mistral, 1877 in Schoonees 1958:79).

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD		1
1	Probleemstelling	3
2	Hipotese	4
3	Doel van ondersoek	5
4	Navorsingsmetode	6
5	Uiteensetting van die verhandeling	6
HOOFTUK 1:		8
LEKSIKOGRAFIE		
1.1	Doelwitte	10
1.2	Die leksikograaf	10
1.2.1	Die taak van die leksikograaf	10
1.2.2	Die leksikograaf se hantering van gevoelswaarde	12
1.1.3	Gebruiksvoorbeelde	13
1.3	Taal, kultuur, denke en die samelewing	14
1.3.1	Inleiding	14
1.3.2	Sapir-Whorf-hipotese	17
1.4	Leksikale semantiek	22
1.5	Samevatting	26

HOOFSTUK 2: 28

LEKSIKALE UITBREIDING EN VERSKRALING

2.1	Inleiding	30
2.2	Leksikale uitbreiding en verskraling	39
2.2.1	Argaïsmes	39
2.2.2	Neologismes	44
2.2.2.1	Inleiding	44
2.2.2.2	Morfologiese prosesse	49
2.2.2.2.1	Sistematiese, reëlbeheerde prosesse	49
2.2.2.2.2	Insidentele, minder sistematiese prosesse	52
2.2.2.3	Voorbeelde van neologismes	60
2.2.2.3.1	Tegniese nuutskeppinge	60
2.2.2.3.2	Maatskaplike nuutskeppinge	70
2.2.2.3.3	Algemene hedendaagse uitdrukkinge	76
2.2.2.4	Ontlenings en -ismes	79
2.3	Samevatting	

HOOFSTUK 3: 87

BETEKENISVERANDERING (VERRUIMING EN VERSKRALING)

3.1	Inleiding	89
3.2	Soorte betekenisveranderings	92
3.2.1	Spesialisasie van betekenis	92
3.2.1.1	Ameliorasie	92
3.2.1.2	Pejorasie	94
3.2.1.3	Eufemismes	101
3.2.1.4	Disfemismes	108
3.2.2	Veralgemenings van betekenis	108
3.2.2.1	Die metafoor	108
3.2.2.2	Metonimie	120
3.2.2.3	Diverse betekenisverandering	124
3.3	Samevatting	134

HOOFSTUK 4:		136
TAALVERSKYNSELS IN DIE HEDENDAAGSE NUUSMEDIA		
4.1	Doelwitte	138
4.2	Inleiding	138
4.3	Die aard van mediataal	143
4.4	Taalverskynsels in mediataal	147
4.4.1	Taalgroei	148
4.4.1.1	Popularisering van sportsoorte	148
4.4.1.2	Wêreldgebeure	149
4.4.1.3	Die nuusmedia en die owerheid	149
4.4.1.4	Internasionalisering	150
4.4.1.5	Verplasing van norme	150
4.4.1.6	Spoedinformasie	151
4.4.1.7	Omsigtige benaderings	152
4.4.1.8	Prestasiegerigtheid	153
4.4.1.9	Intensiewe	154
4.4.2	Taalekonomie	155
4.4.3	Betekenisverandering	155
4.5	Institusionalisering	156
4.6	Leksikografie, 'n kultureel-linguistiese taak	157
4.7	Samevatting	159
HOOFSTUK 5:		161
SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS		
BIBLIOGRAFIE		166

BYLAAG A: Woorde wat glad nie in *HAT* (1979), *HAT* (1994) en *VAW* (1993) opgeneem is nie, maar algemeen in die hedendaagse nuusmedia (*Die Volksblad*) gebruik word.

BYLAAG B: Woorde wat nie in *HAT* (1979) verskyn nie, maar wel in *HAT* (1994), soos geëkserpeer uit die hedendaagse nuusmedia (*Die Volksblad*).

BYLAAG C: Woorde uit die hedendaagse nuusmedia (*Die Volksblad*) wat wel in *VAW* (1993) voorkom, maar nie in *HAT* (1994) nie.

BYLAAG D: Woorde wat nie in *HAT* (1979) verskyn nie, maar wel in beide *HAT* (1994) en *VAW* (1993) voorkom.

BYLAAG E: Woorde wat nie in *HAT* (1979) verskyn nie, maar wel in *HAT* (1994) en *VAW* (1993) verskyn.

BYLAAG F: Woorde kan wel in *HAT* (1994) voorkom, maar nie in *VAW* (1993) verskyn nie.

OPSOMMING/ABSTRACT

VOORWOORD

VOORWOORD

- 1 **Probleemstelling**

- 2 **Hipotese**

- 3 **Doel van onderzoek**

- 4 **Navorsingsmetode en terreinafbakening**

- 5 **Uiteensetting van die verhandeling**

VOORWOORD

1 PROBLEEMSTELLING

Glenis Sugermann, 'n woordvoerder van Afrikaans Stereo, maak 'n interessante ontdekking omtrent die Afrikaanse woordeskat op 13.6.1994 in 'n onderhoud wat Daniël Hugo met haar voer. Ter verduideliking kan genoem word dat sy alreeds 'n hele aantal jare in Tel Aviv (Israel) woon en dus nie daagliks met die aktiewe Afrikaanse woordeskat in aanraking kom nie. Sy noem pertinent hoe verbaas sy soms is oor die snelle uitbreiding van die Afrikaanse woordeskat oor die afgelope twee dekades. Dit is des te meer opvallend omdat sy as 'n kundige persoon buite die snel veranderende taalopset dalk meer objektief hieroor kan berig.

Die algemene probleemstelling wat hier ondersoek word lui: op watter wyse en in watter mate word maatskaplike, politieke en ander alledaagse sosiale veranderinge in die taal, en meer spesifiek in die leksikon van Afrikaans, weerspieël? Dit geld ook sosiale veranderinge, nie alleen nuwe sake en begrippe nie, maar ook **houdings**.

Esterhuyse (1986:7) vertaal Levic Jessel (1978) se bespreking in *The ethnic process* van die tweeledige funksie van taal as volg: "Afgesien van die sentrale funksie as kommunikasiemiddel, weerspieël dit ook die sosiale en **behavioristiese** toestande binne die groep, die groepeervaringe, die manier waarop daar gedink word en die breë lewensbeskouing van waaruit alle gebeure en ervaringe geïnterpreteer word. Naas die kommunikatiewe funksie, besit die taal dus ook 'n veelsydige sosiale dimensie. In die sin is taal die draer van 'n groep se sosiale geskiedenis, en word werklikheidservarings in die taallae vasgelê. So word die taal van die gemeenskap 'n verwickelde akkumulering van groepeervaringe en die taal en die letterkunde 'n soort argief van die historiese bewussyn. 'n Grondige studie van 'n taal se leksikon, sy geïllustreerde metafore en sy idioome behoort dus heelwat te openbaar omtrent kontemporêre en historiese waardes van 'n groep of spraakgemeenskap."

Die stelling van Jessel dat 'n grondige studie van 'n taal se leksikon, metafore en idioome veral sinvol kan wees in 'n tyd van maatskaplike en sosiale veranderinge, aangesien die aanpassings op al dié taalgebiede des te meer opvallend en noemenswaardig sal wees, word in hierdie verhandeling as vertrekpunt geneem.

Suid-Afrika het sedert die negentigerjare onder andere politieke en maatskaplik drastiese veranderinge ondergaan (en ondergaan dit steeds). **Die probleemstelling behels die wyse waarop hierdie verandering in die taal en woordeskat neerslag vind.** (Vergelyk Trudgill 1974:27, Van Rensburg 1992:183 en Ponelis 1992:71).

Maatskaplike veranderinge het normaalweg 'n groot impak op woordeboeke (vergelyk onder andere Ponelis en Gouws 1992:15-17, 39). In 'n snelveranderende opset sou daar van leksikograwe verwag kon word om byderwets te wees en veranderinge vinniger te weerspieël as wat normaalweg die geval is. *HAT* (1994) en *VAW* (1993) het redelik onlangs verskyn. Die vraag wat gevolglik ontstaan is of dié woordeboeke wel die grootskaalse veranderinge weerspieël.

2 HIPOTESE

Die hipotese in dié studie is dat die woordeskat van Afrikaans wysiginge ondergaan het as gevolg van resente maatskaplike veranderinge, veral wat politieke en sosiale veranderinge asook ideologiese normveranderinge betref. Bylaes met 'n willekeurige ekserpering van woorde uit *Die Volksblad* (1990-1994), 'n tydperk van grootskaalse politieke en sosiale veranderinge, rugsteun bogenoemde hipotese met konkrete data.

Verder word van die veronderstelling uitgegaan dat die nuutste hedendaagse kommersiële woordeboeke wat tydens en na versnelde maatskaplike veranderinge die afgelope dekade verskyn het, funksioneel en op datum behoort te wees. Of dit wel die geval is, sal aan die lig kom deur 'n vergelyking van geëkserpeerde woorde met *HAT* (1994) en *VAW* (1993).

3 DOEL VAN ONDERSOEK

In ooreenstemming met die hipotese is die oogmerk met die ondersoek:

- 3.1 Eerstens om te bepaal **hoe** die woordeskat van Afrikaans aangepas word. Die resultate kan lig werp op die aard van 'n algemeen sosiolinguistiese proses; dit vind ook aansluiting by die dissipline van taalekologie wat al hoe groter belangstelling in Suid-Afrika geniet.
- 3.2 Tweedens om nuwe woorde en woorde in nuwe betekenisverbande wat as gevolg van maatskaplike veranderings verskyn te sistematiseer.
- 3.3 Derdens om deur middel van 'n steekproef woorde te identifiseer wat ekserpeerbaar is.
- 3.4 Vierdens om deur middel van 'n vergelykende studie te bepaal of daar beperkinge bestaan in enkele onlangs hersiene kommersiële woordeboeke soos die *HAT* (1994) en *VAW* (1993).

4 NAVORSINGSMETODE EN TERREINAFBAKENING

Deur middel van 'n steekproef is woorde geïdentifiseer wat ekserpeerbaar is, met ander woorde wat twee maal of meer in mediaberigte voorgekom het. Woorde uit *Die Volksblad* is sedert 1990-1994 geëkserpeer. As een van die susterskoerante van die Nasionale Pers, kom daar heelwat oorvleuelende berigte en gevolglik woorde in *Die Volksblad* voor, wat die bylaes verteenwoordigend van die Nasionale Pers maak. Die periode vanaf 1990 tot 1994 is gebruik, omdat daar veral sedert 1990, na die waterskeidingstoespraak van Minister F.W. de Klerk, grootskaalse politieke en sosiale veranderinge plaasgevind het, wat noodwendig 'n beduidende invloed op die Afrikaanse woordeskat gehad het.

Die geïdentifiseerde woorde is deur middel van 'n vergelykende studie gekontroleer met die nuutste handwoordeboeke, naamlik die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, (voortaan *HAT* (1994)) en die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, voortaan (*VAW* (1993)) en daarna in ses bylaes verdeel.

Alhoewel daar soms 'n oorvleueling van geëksperpeerde woorde voorkom, is daar nie van 'n frekwensiële navorsingsmetode gebruik gemaak nie; die kwantitatiewe dimensie van taalgebruik is met ander woorde nie verreken nie. Die opnamebeleid van die *WAT* is egter in gedagte gehou, naamlik die feit dat ten minste twee gebruiksvoorbeelde van 'n woord uit nie-vaktaalbronne in die databasis teenwoordig moet wees om opname te regverdig. Daar is nie klem gelê op gebruiksfrekwensie nie, aangesien die aanduiding van frekwensie-etiket (byvoorbeeld **weinig gebruiklik** en **nie algemeen**) in handwoordeboeke (wat in die studie gebruik word) nie soveel beklemtoon word as in 'n omvattende woordeboek soos die *WAT* nie. Vergelyk in dié verband Carstens (1994:251) wat verklaar dat die leksikograaf gewoonlik aangewese is op die eie interpretasie van taalgebruiksdata wat in terme van frekwensie en spreiding as verteenwoordigend beskou kan word. Die frekwensiële metode is verder ook nie van pas nie, aangesien woorde na willekeur per hand geselekteer is en daar nie gebruik gemaak is van 'n gerekenariseerde netwerk nie.

5 UITEENSETTING VAN DIE VERHANDELING

- 5.1 Eerstens word **die taak van die leksikograaf** onder die loep geneem. Sociolinguistiese faktore soos **taal, kultuur, denke en die samelewing** word vervolgens aan die hand van die **Sapir-Whorf-hipotese** bespreek.
- 5.2 Tweedens word **leksikale uitbreiding en vernouing** in die woordeskat behandel aan die hand van **argaïsmes en neologismes**, waar laasgenoemde kategorie verwys na **tegniese neologismes, maatskaplik-gemotiveerde neologismes en ontlenings en -ismes**. Die morfologiese uitbreidingsprosesse werksaam by neologismes word ook verreken.

- 5.3 Derdens word **betekenisverandering**, wat die verruiming en verskraling van betekenis impliseer, bespreek aan die hand van **Spesialisasie van betekenis**, **Veralgemening van betekenis** en **Tegnologiese betekenisverandering** (waar **Spesialisasie** onder andere verwys na **ameliorasie**, **pejorasie**, **eufemismes** en **disfemismes**, terwyl **Veralgemening** onder andere die **metafoor** en **metonimie** verreken).
- 5.4 Vierdens word taalverskynsels in die hedendaagse nuusmedia bespreek veral met inagneming van data uit die ses bylaes. Taalverskynsels in mediataal sluit in **taalgroei**, **taalekonomie** en **betekenisverandering**. Die volgende stadium in die leksikaliseringsproses, naamlik **institusionalisering**, knoop die studie aan die leksikografiese proses as kultureel-linguistiese taak van die leksikograaf.
- 5.5 'n Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings rond die verhandeling af.

LEKSIKOGRAFIE

HOOFSTUK 1

LEKSIKOGRAFIE

1.1 Doelwitte

1.2 Die leksikograaf

1.2.1 Die taak van die leksikograaf

1.2.2 Die leksikograaf se hantering van gevoelswaarde

1.2.3 Gebruiksvoorbeelde

1.3 Taal, kultuur, denke en die samelewing

1.3.1 Inleiding

1.3.2 Die Sapir-Whorf-hipotese

1.4 Leksikale semantiek

1.5 Samevatting

HOOFSTUK 1

LEKSIKOGRAFIE

1.1 DOELWITTE

In hierdie hoofstuk word beoog om, vir oriënteringsdoeleindes, **leksikografie** as vakgebied te bespreek aan die hand van die algemene taak van die leksikograaf, die wyse waarop die leksikograaf problematiese aspekte soos gevoelswaarde in leksikografie hanteer en die wyse waarop die leksikograaf gebruiksvoorbeelde hanteer.

Vervolgens word **taal, kultuur, denke en die samelewing** bespreek deur te verwys na taalbeïnvloeding wat plaasvind as gevolg van 'n veranderende en veranderde samelewing en lewens- en wêreldbeskouing van die taalgebruikers. Hierdie bespreking bied 'n basis vanwaar die studie aan die hand van die Sapir-Whorf-hipotese uitgevoer kan word.

Die verband tussen leksikografie en die leksikale semantiek word ook uiteengesit.

1.2 DIE LEKSIKOGRAAF

1.2.1 DIE TAAK VAN DIE LEKSIKOGRAAF

Die leksikon of woordeskat van 'n taal bestaan uit 'n versameling leksikale items. Volgens Snijman (1975:1) is die maak van 'n woordeboek geen vanselfsprekende bedrywigheid nie en verteenwoordig dit by taalgebruikers 'n gevorderde stadium van kulturele ontwikkeling, aangesien mens by onontwikkelde volke tevergeefs na 'n woordeboek sal soek. Aangesien daar rekenskap gegee moet word van die woorde van 'n betrokke taal, het die woordeboek 'n belangrike taalgebruiksinstrument van die hedendaagse taalgebruiker geword. Dit is die taak van die leksikograaf om lemmas in 'n woordeboek as weerspieëling van die leksikale items waaruit die betrokke taal se

aktiewe woordeskat bestaan, op te neem. Die vorm waarin die lemmas opgeneem word, moet ook linguisties motiveerbaar wees.

Leksikografie kan beskou word as 'n wetenskaplike praktyk gerig op die maak van woordeboeke. 'n Teoretiese grondslag is onontbeerlik om 'n wetenskaplike aanpak te verseker en om optimale inligtingsoordrag daar te stel, aangesien teorie en praktyk sodoende aanvullend gebruik word. Volgens Gouws (1989:14) verteenwoordig die ontstaan van woordeboeke die praktiese komponent, terwyl die teoretiese komponent die taalteoretiese aspekte insluit wat die korrekte wetenskaplike benadering tot die praktiese komponent verseker. Gouws gebruik Hausmann (1986:101) se benaming vir genoemde teoretiese komponent, naamlik **metaleksikografie**. Swanepoel (1992b:210) beskryf hierdie term as: "...daardie komponent van die leksikografie as wetenskaplike aktiwiteit wat die praktiese skryf van woordeboeke onderlê of stuur".

Dit is gevolglik die taak van die leksikograaf om as tussenganger tussen die teoretiese taalkomponent en die breë taalgemeenskap in die samelewing op te tree. Aangesien daar grootskaalse veranderinge in die samelewing sedert president F.W. de Klerk se waterskeidingstoespraak in 1990 plaasgevind het, is die leksikograaf se taak aansienlik gekompliseer.

Nuwe lemmas het in die alledaagse spraakverkeer ontstaan as weerspieëling van genoemde veranderde maatskaplike samelewing. Aangesien woordeboeke tradisioneel as gesaghebbende houers van taalkundige inligting beskou word (vergelyk Gouws:1989:14), is dit te verstane dat diegene wat informasie in verband met nuwe politieke of maatskaplike begrippe wil bekom, hulle tot die nuwe woordeboeke wat in 1993 en 1994 verskyn het, naamlik die *VAW* en die *HAT*, sal wend vir leiding. Maatskaplike veranderinge het normaalweg 'n grootskaalse impak op woordeboeke. Ponelis en Gouws (1992:23) het byvoorbeeld aangetoon dat die ontstaansgeskiedenis van die *WAT* en onder andere die groeiende nasionalisme van die vroeë dertigerjare (in Suid-Afrika) hand aan hand gegaan het.

Aangesien 'n woordeboek nie bloot as 'n kompilasie van navorsing oor woorde beskou kan word nie, is die wyse waarop hierdie inligting toeganklik gemaak word vir die woordeboekgebruiker, ook 'n belangrike faset van die taak van die leksikograaf.

1.2.2 DIE LEKSIKOGRAAF SE HANTERING VAN GEVOELSWAARDE

'n Potensiële probleemgebied op die vlak van die morele, ideologiese en etiese woordgebruik kan as leksikografies sensitief vanuit 'n sosiolinguistiese oogpunt beskou word. Hieronder ressorteer rassistiese, vulgêre, seksistiese of sensitiewe politieke of godsdienstige woorde en uitdrukkings. Aan sodanige woorde word gewoonlik 'n negatiewe konnotasie gekoppel wat met ander woorde 'n pejoratiewe waarde daaraan verleen en wat kan lei tot vooroordele en diskriminerende ingesteldhede en manipulasie. Aucamp beskryf die taak van die leksikograaf met betrekking tot gevoelswaarde in die bylae van *Die Volksblad*, 19.4.1995 as: "...nóg rassis, nóg puris: hy is linguis..." Hy vervolg: "Die leksikograaf beskryf geskiedenis. Vir hom is die taal geskiedenis; geskiedenis, taal."

Kritiek teen die objektiwiteit van woordeboeke kom egter heel dikwels voor. Vergelyk in dié verband Esterhuyse (1987) wat 'n leidende woordeboek soos *HAT* as politieke instrument tipeer. Sodanige kritiek lei tot polemieke - vergelyk Webb (1989:129-142) se reaksie op Esterhuyse (1987). In sy bespreking som Webb (1989:136) die taak van die leksikograaf in verband met woorde met 'n gevoelswaarde soos volg kernagtig op: "Die probleem met hierdie kritiek van Esterhuyse is dat 'n woordeboek nie 'n maatskaplike, filosofiese, sosiologiese, antropologiese of taalkundige dokument of 'n ensiklopedie is nie. Die leksikograaf se taak is om die woordeskat van 'n taalgemeenskap op te teken en leksikologies te beskryf - soos dit gebruik word deur lede van daardie gemeenskap."

Op grond van die professionele beeld van die leksikograaf as objektiewe gewetensgetroue optekenaar en ontsluiter van die ryke woordeskat, mag geen persoonlike voor- of afkeure sy integriteit beïnvloed nie. Aangesien woordeboeke in 'n groot mate oor normatiewe status beskik in die oë van die woordeboekgebruiker, moet

die leksikograaf sosiolinguistiese verandering binne die taalgemeenskap verreken alvorens hy bepaal of hy woorde wat verband hou met die sosiolinguistiese verandering gaan opneem of weglaat. Volgens Hauptfleisch (1989:126) sluit sodanige sosiolinguistiese veranderinge aspekte van verandering in gebruikswyses asook verandering in waardes in.

Volgens Steyn in *Die Volksblad*, 11.4.1994, sal woordeboekgebruikers van die *HAT* (1994) vir Odendal dankbaar wees dat hy nie die voorbeeld van ander woordeboekmakers gevolg het deur kwetsende woorde weg te laat nie. Steyn vervolg: "Odendal sê in sy voorwoord tereg dat dit na volstruispolitiek lyk. 'Dit skep onvermydelik die indruk dat sulke woorde nie in die taal bestaan nie, en gee dus 'n verwronge beeld.' Hy het kwetsende terme wel tot die minimum beperk en die kwetsende aard daarvan duidelik aangetoon, soms deur by te voeg: 'en dus te vermy.'" Vergelyk in dié verband Carstens (1994:255-266) se bespreking van die skraping van rassismes in *VAW* (1993).

Aucamp neem ook in die bylae van *Die Volksblad*, 19.4.1995, sterk standpunt in teen die uitfaseer van woorde in 'n taal hetsy op ideologiese of sedelike grondslag. Volgens hom word feite sodoende vervals en geskiedenis gekanselleer as gevolg van regstellende aksie binne die taaldomein. Die uitgangspunt van die leksikograaf behoort met ander woorde 'n objektiewe, lewensgetroue weerspieëling van die werklikheid te wees.

1.2.3 GEBRUIKSVORBEELDE

Die belangrikheid van voorbeeldmateriaal in woordeboeke word verwoord deur Kirkpatrick (1985:11) wat noem dat die aanduiding van hóé 'n woord gebruik word, belangriker is as die betekenaanbieding daarvan. Volgens Lombard (1992:158) is hierdie stelling aanvegbaar, aangesien die aanbieding van betekenis 'n baie belangrike rol speel in enige woordeboek. Tog verdien hierdie stelling verdere ondersoek deur leksikograwe en erken Lombard (1992:149) die meriete van Kirkpatrick se stelling as

hy sê dat dit "die gebruiker in staat stel om die tipiese sintaktiese omgewing waarin 'n woord gebruik word, te leer ken".

Die leksikograaf moet versigtig te werk gaan om nie neerhalende verbande tussen die sensitiewe woord en saak te lê nie en om gelade sitate en poëme te vermy om emosionele reaksies by woordeboekgebruikers uit te skakel. Goedgekose sitate kan met ander woorde 'n verhelderende effek op woorde en die gepaardgaande definisies hê. Volgens Lombard (1992:148) is Afrikaanse woordeboeke se hantering van gebruiksvoorbeelde nie bevredigend nie. Die kriteria wat Lombard stel vir funksionele gebruiksvoorbeelde, is: voorbeeldmateriaal moet die taalwerklikheid reflekteer, aanpas by die teikengebruikers van die woordeboek en maklik begrypbaar en neutraal wees. Hierdie kriteria staan doeltreffende inligtingsontsluiting voor en kan dus as belangrike metaleksikografiese riglyne aanvaar word. (Vergelyk 1.2.1).

Die ideaal is dat die woordeboekgebruiker met goeie voorbeelde en inligting oor die situasies waarin 'n woord pas of nie pas nie toegerus sal word. Gebruiksleiding is dus 'n prominente taak van die leksikograaf (Vergelyk Gouws 1989:31; Beylefeld 1992:65). Etikette soos **onfyn** of **plat**, **verouderd** en **verouderend**, **weinig gebruiklik**, **nie algemeen**, **neologisme** of **modewoord**, kom in die *HAT* (1994) voor.

1.3 TAAL, KULTUUR, DENKE EN DIE SAMELEWING

1.3.1 INLEIDING

Taal dien as middel om kommunikasie en begrip tussen die spreker en hoorder te bewerkstellig. Taal as sosiaal-verworwe kennis word gevolglik beïnvloed deur 'n veranderde en veranderende samelewing en heersende kulturele aspekte. Dit lei tot geleidelike semasiologiese normverplasings wat taalverandering tot gevolg het. Of hierdie taalbeïnvloeding spoedig in woordeboeke gereflekteer word, sal deur die loop van die verhandeling duidelik word.

Die Suid-Afrikaanse politiek het sedert die vroeëre jare negentig radikaal verander na 'n relatiewe lang statiese en onveranderde politieke era. Veral die Suid-Afrikaanse politici, ampsdraers en die nuusmedia, soos die radio, TV of koerante/tydskrifte, het hul houdings en standpunte ingrypend gewysig. Die beheer wat oor die massamedia uitgeoefen word in 'n samelewing wat in 'n maatskaplike of politieke krisis verkeer, is van strategiese belang, aangesien hierdie media gewoonlik 'n sagte teiken vir besetting uitmaak in geval van 'n staatsgreep. Aangesien veranderinge van so 'n drastiese aard altyd in 'n taal weerspieël word, moet daar ook veranderinge in die woordeskat en alledaagse taalgebruik verwag word. Vergelyk in dié verband Trudgill (1987:28) wat beweer dat "...social change can produce a corresponding linguistic change...", en Jean Aitchison (1991:75) wat noem dat die verspreiding van die verandering in taal "...is essentially a social phenomenon, which reflects the changing social situation...". Uit Aitchison se bespreking word dit duidelik dat voortdurende veranderinge in 'n taal natuurlik en onvermydelik is en dat dit 'n direkte gevolg is van 'n kombinasie van psigolinguistiese en sosiolinguistiese faktore soos vroeër reeds vermeld. Navorsing in dié verband kan aantoon hoe taal en maatskaplike veranderinge in 'n soort simbiotiese verhouding tot mekaar staan.

Schoonees vergelyk, interessant genoeg, hierdie verskynsel van simbiose tussen taal en faktore in die samelewing met 'n verkleurmannetjie: "Dis seker een van die interessantste bedrywighede om die verkleurmannetjiespel van woorde na te spoor. Wie dink dat 'n woord 'n dooie ding soos 'n baksteen is, begaan 'n groot fout! Dit neem die kleur van sy omgewing aan net soos 'n kleurklasje, maar met hierdie verskil: dit het niks van die filosofiese waardigheid van die trapsoetjies nie, want beweeglikheid is juis een van die kenmerke van sy bestaan. 'n Woord kan inderdaad sonderlinge bolmakiesiestreke uithaal: dit wissel gedurig van betekenis, word telkens in 'n nuwe verband gebruik sodat dit dikwels gebeur dat dit uiteindelik presies die teenoorgestelde beteken van wat dit oorspronklik aangedui het!" Schoonees (1958:73).

'n Eie taal, godsdiens en identiteit verseker normaalweg 'n bloeiende kultuur. Om die verwantskap tussen taal en kultuur te illustreer, word verwys na Pienaar (1965:68) wat sê taal is "...'n skepping en 'n instrument van die sosiaal-lewende en -voelende mens se

gees, ten opsigte van wat veroorloof word al dan nie in ons spraakverkeer met ander gemeenskappe. Hierin sien ons diachronies baie duidelik die spore van ons kulturele ontwikkeling of neem ons sinchronies die verhouding van onself tot ander gemeenskapslede waar..." Calitz (1980:4). 'n Kultuurtaal kan verder gemeet word aan wat daar in skriftelike formaat, hetsy boek, koerant- of tydskrifartikel verskyn het.

Ten opsigte van voortdurende veranderende omstandighede verklaar Aitchison (1991:17): "The rapid turnover in vocabulary and the continual changes in the meaning of words often directly reflect social changes." In 1836 alreeds verklaar die Duitse filosoof-linguis, Wilhelm von Humboldt: "There can never be a moment of true standstill in language, just as little as in the ceaseless flaming thought of men. By nature it is a continuous process of development" (Engelse vertaling deur Aitchison 1991:3).

'n Interessante afleiding wat uit Jessel se aanhaling (in Esterhuyse 1986:7) in die probleemstelling van hierdie studie gemaak kan word, is dat ook die literatuur oor die algemeen ondergeskik is aan sosiale, maatskaplike en politieke veranderinge in die samelewing en dat die literêre sisteem direk daardeur geraak word. Vergelyk Aucamp se verklaring in *Die Volksblad*, 19.4.1995 dat taboewoorde in prosa 'n bevrydende karakter in die regte konteks kan hê.) Sosiopolitieke faktore affekteer die kanon (gesaghebbende voorskrif/maatstaf) voortdurend, sodat literêre werke rekening moet hou met veranderende waardes en norme in die samelewing en dat daar geen sprake is van 'n statiese kanon nie. Vergelyk Venter (1993:16): "Verhale vertel hoe taal is en hoe taal maak," en Cloete (1993:1) wat sosiopolitieke, ideologiese kenmerke as tydgebonde bepalers in die literatuur beskou. Volgens Van Coller (A.T.K.B.-gedenklesing, 2.11.1993) sal die huidige kanons in Engels én Afrikaans slegs verander nadat 'n politieke, sosiale en estetiese verandering voltrek is in die Nuwe Suid-Afrika. Dit impliseer dat die letterkunde nie bloot as spieël van die lewe optree nie, maar sêlf 'n skeppende funksie kan hê.

Dit bring ons by 'n wetenskaplike verrekening van enkele teorieë wat bestaan oor die **relatiewiteit** van woordvelde. In 'n bespreking oor taal, kultuur, denke en die samelewing se invloed op taalgebruik (wat met ander woorde daarop dui dat daar meer

algemene semantiese komponente is wat verskillend in verskillende tale geleksikaliseer word) sal aan die hand van die Sapir-Whorf-hipotese, toegelig word.

1.3.2 DIE SAPIR-WHORF-HIPOTESE

Die Whorf-hipotese is 'n teorie van Benjamin Lee Whorf (1897-1941), geskoei op vroeëre idees van Edward Sapir waarvoor Whorf later bewysmateriaal gevind het in sy studies van Indianetale.

Volgens De Klerk (1978:91) kan die Whorf-hipotese soos volg saamgevat word: "Taal is 'n sistematiese weerspieëling van hoe sprekers die werklikheid sien. Taal is egter 'n historiese gegewe: wanneer iemand 'n taal leer, leer hy daarmee 'n sekere werklikheidsiening. Kortom: ons ken die wêreld om ons soos ons hom deur die bril van ons taal sien. Soos tale onderling verskil, verskil ook die werklikheidsbeeld van hulle sprekers."

Hieruit kan afgelei word dat Whorf onder andere aanneem dat die kenbare werklikheid hom nie gestruktureerd aanbied nie. Afsonderlike woorde wat in 'n taal bestaan, word deur die taalgebruiker aangeleer en dan onderskeidend op die werklikheid toegepas, tesame met die grammatiese sisteem wat ook op die werklikheid geprojekteer word.

Volgens De Klerk impliseer die Whorf-hipotese dat menslike vryheid 'n illusie is, omdat hy slegs kan dink soos sy taalsisteem hom toelaat; volgens hom is taalkategorieë die gietvorms van die mens se wetenskaplike en religieuse idees, omdat die mens se logika bloot 'n spieëlbeeld is van sy grammatika.

De Klerk (1978:93) se punte van kritiek teenoor die Whorf-hipotese behels:

1. Nie alle kulturele verskille het linguistiese korrelate nie en geen taal in die geskiedenis kon tot dusver grootskaalse kulturele veranderinge stuit nie.

2. Volgens hedendaagse linguïste het Whorf vasgestaar teen bobouverskynsels, terwyl die dieptestrukture van tale veel groter ooreenkomste as verskillende vertoon (met ander woorde daar bestaan wel universele grammatiese kategorieë).
3. Hierdie teorie van ekstreme taalrelatiwisme van Whorf het tans min ernstige aanhangers, aangesien die mening dat die leksikon van 'n taal nie 'n geordende versameling is nie, wel in sekere kringe gehuldig word.

Swanepoel (1992) noem dat die Sapir-Whorf-hipotese as teorie van taalrelatiwisme en taaldeterminisme lank verpopulariseer is en dat die idee (wat Swanepoel 'n mite noem) wat hierdie hipotese onderlê, die gelykstelling is tussen die moedertaal en identiteit. Hy verwys na Te Winkel wat reeds 'n soortgelyke stelling as Sapir en Whorf in 1859 gemaak het. Swanepoel verwoord sy siening van die teorie van taalrelatiwisme as volg, naamlik. dat "...die lewens- en wêreldbeskouing van 'n sosiokulturele groep, soos wat dit histories beslag gekry het, in die moedertaal van daardie groep vergestalt is. Taal is hiervolgens 'n 'geheue', 'n houër van die dinge wat die sprekers daarvan gedink en ervaar het in die leefruimte waarin hulle hul bevind. In hierdie opsig is elke kultuurtaal 'n biblioteek van die geskiedenis van 'n groep, van mense se kontak met hul fisiese en sosiale omgewing; kortom: van alles wat 'n groep as nasie of volk identifiseer en van ander volke of groepe onderskei" Swanepoel (1992a:143).

Swanepoel verwys ook na unieke en kultuurspesifieke woordeskatelmente wat tale van mekaar onderskei, byvoorbeeld die hele stel onderskeidende woorde en uitdrukkings in Afrikaans van plante, diere, en die trekkersleefwyse. Dit dui gevolglik daarop dat die relatiwisme van taal daarin lê dat elke taal 'n soort unieke kykie op die werklikheid, wat taaleie is, bied. Dit lei daartoe dat 'n mens met die verwerwing van 'n moedertaal ook daarmee saam hierdie unieke lewens- en wêreldbeskouing verwerf wat in die taal vasgelê is. Hy toon verder aan hoe die ekstreme (sterk) deterministiese weergawe van die hipotese vir taalpropaganda, taalbeskuldiging en stereotipering gebruik word (Swanepoel 1992a:144-145).

Beylefeld (1992) gebruik onder andere die Sapir-Whorf-hipotese as teoretiese begroning in haar verhandeling oor taalseksisme, wat 'n inherente komponent uitmaak van die verhouding wat bestaan tussen taal, kultuur en die samelewing.

Beylefeld (1992:18) vat die hipotese as volg kernagtig saam: "Die Sapir-Whorf-hipotese verteenwoordig 'n kombinasie van linguistiese determinisme (taal bepaal die lewens- en wêreldbeskouing) en linguistiese relativiteit (kultuur het 'n invloed op taal en daarom is tale se diversiteit onbeperk)." Daarna lig sy dié kernagtige opsomming toe met 'n verduideliking oor wat die sterk en swak deterministiese/relatiewistiese weergawes van die hipotese behels. Vir hierdie studie se doeleindes is dit ook belangrik om te verstaan wat elk van dié weergawes van die Sapir-Whorf-hipotese behels.

Whorf se stelling dat die mens in 'n wêreld gevul met objekte en sosiale aktiwiteite afhanklik is van die taal van die betrokke samelewing, het gelei tot die **sterk deterministiese weergawe** van die Sapir-Whorf-hipotese. Die mens beleef met ander woorde die werklikheid in terme van die kategorieë en onderskeidings wat in die betrokke taal geënkodeer is.

Die **swak deterministiese weergawe** van die Sapir-Whorf-hipotese impliseer daarteenoor dat die taal nie 'n persoon se denkprosesse beïnvloed nie, maar wel 'n effek het op die mens se geheue, persepsie en gedagtes.

Die **swak relatiewistiese weergawe** impliseer dat alle taalgebruikers fundamenteel oor ooreenstemmende konseptuele raamwerke beskik wat abstrakte konsepte soos tyd en ruimte betref. Kultuurbeskouings ressorteer egter nie onder hierdie weergawe nie. Volgens Beylefeld (1992:20) is sekere aspekte van die werklikheid vir sommige gemeenskappe belangriker as vir ander en daarom vind noukeurige kommunikasie oor sodanige aspekte ook neerslag in die taal en kan grammatikale en leksikale struktuurverskille tussen tale in 'n sekere sin teruggevoer word na verskillende kulture waarmee daardie spesifieke tale geassosieer word. Beylefeld (1992:13) beskou **kultuur** (na aanleiding van Lyons 1981:302 en Hudson 1980:81) as sosiaal verworwe

kennis wat die individu opdoen vanweë sy of haar lidmaatskap van 'n bepaalde samelewing.

Maatskaplike ontwikkeling vind neerslag in die woordeskat wat dikwels 'n spieël word van maatskaplike veranderinge. Volgens Trudgill (1974:27-29) is daar talle voorbeelde van die effek van die gemeenskapslewe op taal:

"First, there are many examples of the physical environment in which a society lives being reflected in its language, normally in the structure of its lexicon - the way in which distinctions are made by means of single words..."

"Secondly, the social environment can also be reflected in language, and can often have an effect on the structure of the vocabulary. As society is reflected in language in this way, social change can produce a corresponding linguistic change..." en,

"Thirdly, in addition to environment and social structure, the values of society can also have an effect on its language..."

Du Toit en Nel (1975-voorwoord) se siening kom grootliks ooreen met bogenoemde siening van Trudgill in hulle bespreking van die TV as een van die sogenaamde massamedia van die ruimte-eeu. Hulle noem verder die feit dat niemand in die massamedia lees, luister of kyk sonder 'n bepaalde ingesteldheid nie, "...want al hierdie gebruike of funksies, soos beriggewing, opinievorming, kultuuroordrag en blote ontspanning, word deur elkeen beoordeel volgens sy eie kennis, begrip en siening van die lewe om hom" Du Toit en Nel (1975:voorwoord).

Du Toit en Nel beperk, interessant genoeg, nie hulle bespreking bloot tot die breë kyker-, leser- en hoorderpubliek nie, maar delf dieper tot by die skeppers van TV-programme wat dan ook uiteraard verantwoordelik is vir die handhawing van of veranderinge in die mediataal. "Eweseer word diegene wat televisie beheer en beplan, en moet besluit oor die inhoud van programme, gelei deur 'n bepaalde siening van die gemeenskap of samelewing wat gedien word."

Schoonees verwys terloops in 'n bespreking van die grootte van 'n mens se woordeskat, na die oorsake wat normaalweg tot nuwe woorde in die woordeskat aanleiding gee. "n Woord kom nooit geïsoleer in ons gemoed voor nie, maar behoort steeds tot 'n min of meer uitgebreide groep. En omdat hierdie groepe deur grammatikale, sielkundige, historiese en maatskaplike oorsake ontstaan, is dit nutteloos om iemand se woordeskat in getalle te bereken" Schoonees (1958:9). Ook Geeraerts (1986:189) verwys na woorde wat nie geïsoleerd beskou kan word van die ervaringskonteks van die taalgebruiker (en die kulturele konteks van die taalgemeenskap) nie.

Die vroeër genoemde drie effekte van die gemeenskapslewe op taal soos uitgelig deur Trudgill (1974:27-29), word effektief saamgevat deur die volgende stelling: "Waar en wanneer ons dus kyk na televisie binne 'n kulturele of sosiaal-sielkundige verband, is elke stelling of enige kommentaar oor dié medium ook by implikasie kommentaar op die mense self" Du Toit en Nel (1975:voorwoord).

Hieruit is dit duidelik dat die fisiese omgewing, die sosiale omgewing en die waardes van die gemeenskap (soos genoem deur Trudgill) as 'n geïntegreerde eenheid beskou kan word (vergelyk Du Toit en Nel 1975).

In hierdie verhandeling word van die veronderstelling uitgegaan dat 'n taal se woordeskat verander as gevolg van maatskaplike veranderinge. Swanepoel (1992a:143-144) merk tereg op : "Dis onteenseglik so dat die woordeskat van 'n taal 'n afspieëling van die wel en wee en van die breëre lewens- en wêreldbeskouing van 'n groep kan wees, maar dit sou 'n verabsoluttering wees om te sê dat so 'n lewens- en wêreldbeskouing in sy geheel in 'n taal vasgelê is omdat die artikulasie daarvan veel meer as enkele woordeskat-elemente vereis."

1.4 LEKSIKALE SEMANTIEK

Vir oriënteringsdoeleindes is dit belangrik om te verstaan wat onder die begrip "**leksikale semantiek**" verstaan word, aangesien die betekenis van 'n lemma in enige woordeboek van primêre belang is.

Gouws (1989:113) en De Stadler (1989:49) beskou albei **leksikale semantiek** as 'n studiegebied wat hom besig hou met die betekenis van **leksikale items**, dit wil sê met leksikale betekenis. Insigte uit die sinsemantiek tesame met leksikale semantiek is ook vir die leksikograaf belangrik, want "...daar bestaan naamlik 'n netwerk van betekenisverhoudinge tussen die leksikonelemente, en dié verhoudinge vorm deel van die studieterrrein van die leksikale semantiek..." Gouws (1989:140). Dit is dus die plig van die leksikograaf om die semantiese verhouding tussen leksikonitems weer te gee.

De Klerk (1978:67/68) verwys na die leksikale definisie en vra na aanleiding daarvan hoe die leksikograaf te werk moet gaan om die "betekenis" van woorde in 'n woordeboek te beskryf. Volgens hom speel konnotasies sowel as denotasie hier 'n rol waar konnotasie ten nouste saamhang met die begrip sinonimie, met ander woorde die relasie tussen woorde. Konnotasie is volgens De Klerk (1978:59) "betekenis", "kognitiewe betekenis" of "deskriptiewe betekenis". Denotasie en verwysing het weer te doen met die relasie tussen woorde en sake waarvoor die woorde op 'n gegewe oomblik van segging staan.

Volgens De Stadler behoort die leksikale semantiek antwoorde te kan verskaf op die volgende twee vrae:

- * Watter taaleenhede vorm die leksikale items van 'n taal?
- * Op watter wyse is hierdie leksikale items betekenis-vol?

Die betekenis of semantiese aspek blyk dus belangrik te wees in die bestudering van 'n leksikonitem. Voordat 'n woord sinvol gebruik kan word, moet die woordgebruiker die **vorm** en **betekenis** van die betrokke woord ken. Daar behoort verder in gedagte

gehou word dat die klankvorm van 'n betrokke woord *arbitrêr* is ten opsigte van sy betekenis. Volgens Gouws (1989:114) behoort daar by 'n studie van betekenisverklaring ook gekyk te word na:

1. die leksikografiese definisie
2. polisemie en homonimie (Vergelyk ook De Stadler 1989:61 e.v.).

Leksikale items bestaan uit woorde, woorddele en woordkombinasies, waar **woorde** gedefinieer kan word as selfstandige betekenisdraers wat geled of ongeled kan wees, terwyl **woorddele** op prefikse en suffikse (affikse) en **woordkombinasies** op 'n vaste verbinding van twee of meer woorde, byvoorbeeld idiome, dui. Dit is egter belangrik om daarop te let dat woorde die omvangrykste gedeelte van 'n taal se leksikale items verteenwoordig.

Leksikale items kan ook verteenwoordig word deur multileksikale eenhede wat kan bestaan uit vaste verbindings wat 'n betekenisgeheel vorm en bestaan uit twee of meer woorde, byvoorbeeld "met behulp van". Dit kan egter ook in sinsformaat voorkom (soos byvoorbeeld idiome), waar die betekenis nie die resultaat is van 'n voor die hand liggende optelsom van die sin se samestellende dele se betekenis nie. 'n Voorbeeld hiervan, is: "Hare op jou tande hê", wat 'n voorbeeld van geykte taalgebruik is. Volgens Nida (1975:114) is idiome 'n essensiële aspek van die leksikale skat van 'n taal. Idiome kan dus beskou word as 'n verbinding van woorde wat, as geheel gesien, betekenisvol is en wat soms elemente van skerts of spot kan bevat, byvoorbeeld die volgende skertsende verwysing na iemand wat drink: "**Die mannetjie met die kurkhoed soen.**" Interessant genoeg, het affikse (subwoordelike vorme) lemmastatus in die nuutste toonaangewende woordeboeke. Idiome, wat nog nie in woordeboeke opgeneem is nie, behoort as lemmas oorweeg te word, op grond van die feit dat hulle wel as leksikale items beskou word.

Leksikale semantiek behels egter nie noodwendig **slegs** woordbetekenis nie. Woorde maak wel die grootste gedeelte van die teikengebied van die leksikale semantiek uit, wat impliseer dat taalgebruikers meestal die betekenisonderskeidinge van 'n bepaalde

woord in 'n woordeboek naslaan. In tematiese woordeboeke kom woorde in hul betekenisvelde of waar woorde dieselfde betekenisonderskeidingsdele, voor. In gewone woordeboeke word die alfabetiese ordeningsbeginsel gebruik

Die betekenis van 'n leksikale item is 'n abstrakte wete na aanleiding van die verwysingsraamwerk waarvoor 'n spreker beskik as gevolg van ervaring en kennis van die leefwêreld om hom. De Stadler (1989:16) noem dit die geheel van waardes wat die moedertaalspreker moet ken om die woord korrek te gebruik binne enige gegewe gespreksituasie. Hierdie wetegeheel is egter deelbaar (De Stadler 1989:23) en word gewoonlik herskryf in terme van polisemiese waardes (Gouws 1989:189) en onderskeidende kenmerke of komponente (Gouws 1989:189-193). Die volgende voorbeeld illustreer die betekenisverklaring van die woord **brug**. Schoonees (1958:10) dui twee van die polisemiese waardes van die woord **brug** aan. In twee uiteenlopende kontekste waar die woord verskillend gebruik word, soos by die oogkundige en die tandarts, verander die semantiese aspek van dié woord hemelsbreed, aangesien die een dui op die middelstuk van 'n bril, terwyl die ander betekenis dui op die verbinding tussen twee tande ('n betekenis wat terloops steeds nie in die *HAT* 1979 aangedui word nie).

Ander polisemiese waardes van die woord, **brug** wat in *HAT* (1979) voorkom, sluit in:

- * "n Verbinding oor 'n diepte".
- * "Iets wat 'n verbreding/kontrak tussen twee sake, persone of beskouings, ensovoorts bewerkstellig".
- * "Benaming vir allerlei werktuie of onderdele wat 'n verbinding vorm, byvoorbeeld die middelstuk van 'n bril of die houtkam van 'n viool". (Beide Schoonees se twee voorbeelde ressorteer onder hierdie polisemiese waardes.)
- * "Benaming vir 'n verhewe deel van die liggaam, bv. die gedeelte van die neus tussen die oë".
- * "Loopplank tussen skip en wal".
- * "Hoë dek van kaptein op 'n skip".
- * "Toestel met twee ewewydige balke". (In gimnastiek).

* "Kaartspel vir vier persone".

Bogenoemde staan ook bekend as die beskrywing van die betekenisveld van 'n woord. Die verskillende toepassingsmoontlikhede van die woord in taal word genoem die **polisemie** van 'n woord. Polisemie dui op die verskillende semantiese waardes van een leksikale item. Dit wil dus voorkom of daar reeds agt polisemiese waardes met verskillende voorbeelde onder elk, onder die woord **brug** geëkserpeer is in die *HAT* (1979). Om verwarring uit te skakel verklaar Gouws (1989:114): "Polisemie moet van homonimie onderskei word op grond van 'n verskil in die hantering van verwante en onverwante betekenisaspekte. Een vorm kan soms verskillende onverwante betekenis hê. Elk van die betekenis moet in die artikel van 'n afsonderlike homonimiese lemma behandel word."

Dit is duidelik uit 'n bespreking van De Stadler (1989:59-60) dat daar 'n verhouding tussen betekenis en die buitetalige werklikheid bestaan. Die hantering van die leksikale betekenis behoort op 'n kognitiewe wyse te geskied, wat eerstens impliseer dat die onderskeid tussen semantiese en ensiklopediese kennis vervaag en tweedens stereotipering (wat die vloeibare eienskap van taal beklemtoon) as benaderingswyse aanvaar. Hierdie vloeibare eienskap van taal wys vervolgens heen na een van die oorkoepelende prosesse, naamlik betekenisverandering, wat dui op betekenisverruiming en betekenisverskraling. Derdens erken die kognitiewe benadering ook die polisemiese aard van leksikale semantiek, aangesien verskillende taalgebruikers leksikale items semanties verskillend kan interpreteer.

Leksikaal-semanties beskou, is dit belangrik dat 'n woordeboeklemma se bewerking die woordeboekgebruiker in staat stel om dit in 'n taaluiting te kan gebruik. Toeligting ten opsigte van die lemma se stilistiese waarde en beperkinge betreffende dialektiese of chronolektiese redes (plek- en tydgebondenheid) moet teenwoordig wees in etiketformaat. Volgens Gouws (1988:14) staan die gebruik van etikette bekend as **leksikografiese deiksis**. Gouws (1989:202) verklaar verder dat die standaardtaal wat geld op die tyd van samestelling, as leksikografiese deiktiese sentrum in 'n verklarende/vertalende woordeboek beskou kan word.

Afrikaans word verteenwoordig op elke bestaansdomein van die samelewing, hetsy as werkstaal, kerktaal, kultuurtaal, mediataal, wetenskapstaal of vaktaal wat Afrikaans dus as funksioneel toereikend vir kommunikasie tipeer. Woorde met 'n deiktiese waarde vereis met ander woorde 'n voorafkennis van die reeds genoemde deiktiese sentrum. Sodoende lê gespreksgenote die verlangde verband tussen die buitetalige werklikheid en die taaluiting.

Dit verwys siklies terug na die bespreking van die samelewing met sy verskillende bestaansdomeine en die taal, kultuur en die denke wat in hierdie samelewingsverbande fungeer.

1.5 SAMEVATTING

"Die sosiolinguïes benader dus nie taal as 'n geslote kode, of as 'n soort volkserfenis nie, maar as die draer van 'n uiters verwickelde vorm van sosiale interaksie waarin stand, status, ekonomiese mag, opvoedingspeil, sosiale beheer en groepsidentiteit as veranderlikes werksaam is..." Esterhuyse (1986:6).

Daar is verwys na talle ondersoekers wat wys op die noue verband tussen taal en die verskillende lewensfere waarin die taalgebruiker hom begewe. Van Coller (1993:1) verklaar ook oor die taalbeleid die volgende: "Wanneer gekyk word na die belangrikste voorstelle vir 'n nuwe taalbeleid vir Suid-Afrika, nl. dié van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (wat ook die grondslag vorm van die Nasionale Party se voorstel), die voorstel van die A.N.C. en dié van die Linguistevereniging van Suid-Afrika, val sekere gemene delers op. Hoewel daar onderlinge verskille bestaan ten opsigte van die gevisualiseerde nuwe taalbedeling, stel al drie voorstelle demokratiese beginsels sentraal, word die bemagtiging van sprekers ter sprake gebring en is dit duidelik dat al drie voorstelle die noue verband tussen taal en ander lewensfere, soos die politiek, sinjaleer."

Uit bogenoemde aanhaling word die aktualiteit van die ondersoek weereens duidelik en word die hipotese versterk dat alle lewensfere 'n direkte invloed op die taal, veral op die woordeskat, uitoefen.

Hieruit word die onontbeerlikheid van 'n hoofwoordeboek (*WAT*) in Afrikaans duidelik. Die *WAT* as alomvattende woordeboek van die Afrikaanse taal bied volgens Gericke (1991:213) 'n weerspieëling van die totale woordeskat van Afrikaans; gevolglik word streektaal ook in hierdie woordeboek verreken. Die voortdurende rol van veranderende sosiale omstandighede by die aanpak van so 'n reuseprojek kan nie agterweë gelaat word nie. Vergelyk in dié verband Geeraerts (1986:9-11) wat verklaar dat die kultureel-politieke belang daarin lê dat 'n hoofwoordeboek uitdrukking gee aan en 'n bevestiging is van die kulturele identiteit van 'n taalgemeenskap.

2

**LEKSIKALE UITBREIDING
EN VERSKRALING**

HOOFSTUK 2

LEKSIKALE UITBREIDING EN VERSKRALING

- 2.1 **Inleiding**

- 2.2 **Leksikale uitbreiding en verskraling**
- 2.2.1 Argaismes
- 2.2.2 Neologismes
- 2.2.2.1 Inleiding
- 2.2.2.2 Morfologiese prosesse
- 2.2.2.2.1 Sistematiese, reëlbeheerde prosesse
- 2.2.2.2.2 Insidentele, minder sistematiese prosesse
- 2.2.2.3 Voorbeelde van neologismes
- 2.2.2.3.1 Tegniese nuutskeppinge
- 2.2.2.3.2 Maatskaplike nuutskeppinge
- 2.2.2.3.3 Algemene hedendaagse uitdrukkinge
- 2.2.2.4 Ontlenings en -ismes

- 2.3 **Samevatting**

HOOFSTUK 2

LEKSIKALE UITBREIDING EN VERSKRALING

2.1 INLEIDING

Die beheersing in taal stel voortdurend eise aan die mens-met-taal. Gevolglik moet die mens sy taalvermoë in alle opsigte, op alle vlakke en na alle kante eksploiteer. Schoonees (1958:36.37) lewer die volgende pleidooi vir samewerking ten opsigte van die groeipotensiaal van 'n taal: "n Volk wat dus 'n historiese sin het, wat sy geskiedenis eer, kan nie die uitdrukking van sy geestelike ontwikkeling in alle takke van die samelewing verontagsaam nie. Die optekening daarvan moet bygehou word as die lewende spieël van die volksbewussyn, die indeks van sy geestelike besit terwyl dit groei. In die jongste tyd (1958) het **sput** byvoorbeeld 'n heeltemal nuwe betekenis gekry in die woord **sputvliegtuig**; en eweso **apartheid** op die politieke terrein. Die plek om hierdie ontwikkeling aan te dui en dop te hou, is die woordeboek." Geen wonder Schoonees beskou 'n goeie woordeboek as 'n simbool van nasionale waardigheid nie.

Volgens Gouws (1989:23) is woordeboeke altyd deels preskriptief weens die teenwoordigheid van bepaalde taalnorme. Volgens hom vereis die deskriptiewe benadering in 'n woordeboek dat erkenning gegee moet word aan die taal as 'n sosiale werklikheid. Hy beskou verder 'n woordeboek as openbare vertoonvenster van die taalkunde wat behoort te dui op die verankering wat daar tussen taal en die buitetalige werklikheid bestaan.

Zgusta (1971:16) gee weer erkenning aan die sosiolinguistiese karakter van 'n leksikografiese werk deurdat hy 'n pleidooi lewer dat die kultuur van 'n taalgemeenskap by die skryf van 'n woordeboek in ag geneem moet word. Dit is 'n werklikheid dat die woordeskat van 'n taal 'n weerspieëling is van die wel en wee van die breë lewens- en wêreldbeskouing van die taalgebruikers. Dit sou egter 'n verabsoluterende beskouing wees om te bepaal dat sodanige beskouing as geheel in 'n leksikografiese werk vervat kan word.

In die voorwoord van *Webster's Third New International Dictionary of the English Language* onderstreep die hoofredakteur, Gove, die **kultureel-linguistiese plig** van die leksikograaf.

'n Meer resente siening lui: "Die bestudering van 'n taal se leksikon en idiomeskate (vanweë die konvensionaliteit van die betekenisimplikasies van idioome, wat weer afhanklik is van 'n spreker se ervaring van die werklikheid) sou waarskynlik 'n goeie beeld kon gee van die heersende waardesisteme en statusreëling binne 'n bepaalde spraakgemeenskap" Beylefeld (1992:8).

Volgens haar speel die buitetalige werklikheid 'n groot rol in die totstandkoming van woorde en kan die bestudering van 'n resente woordeboek lig werp op die heersende sosiale en kulturele waardesisteme van die sprekers van die betrokke taal. Dié besef het as vertrekpunt gedien vir haar ondersoek rondom taalseksisme wat ook dui op 'n bepaalde statusreëling in 'n bepaalde taalgemeenskap.

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om te let op die invloed wat gebeurde in 'n bepaalde tydperk op die woordeboek van 'n taal het. Indien die woordeboek nie opgeneem is in die mees onlangse woordeboeke nie, bestaan daar 'n leemte waaraan aandag gegee moet word, die snelle politieke en maatskaplike omwenteling in ag genome.

Oral is die invloed van nuwe woorde in Afrikaans wat in die media hulle oorsprong gehad het, te bespeur. Eksteen (1984:26) verwys na so 'n voorbeeld: "Die Amerikaners het 'n goeie naam vir regte ongesonde kos: hulle praat sommerk van **junk food**, wat goed deur *Die Burger* vertaal is as **kafkos**." In dieselfde werk verwys hy (p.36) na woorde soos "**stagflasië**" wat, volgens hom, "...deur die een of ander spitsvondige joernalis of skrywer gemunt is..." wat 'n geteleskopeerde sametrekking van die woorde **stagnasië** en **inflasië** gemaak het. Die neologisme beteken 'n stilstand in die handel wat gepaard gaan met inflasië.

'n Verdere interessante voorbeeld is die woorde **trouma** of **trauma** met die afleiding, **troumaties**; die woord **aubade** of **oubade** (oggendlied) is op dieselfde lees as die vorige voorbeeld geskoei. **Aubade** het nie in die vorige uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (voortaan *AWS*) voorgekom nie, maar is in die jongste uitgawe (1992) vervat. Interessant genoeg word die "ou"-variant naas die vreemder "au"-variant gebruik, wat 'n klinkklare bewys is van 'n **verafrikaanste** tongval.

Woorde soos **meringue**, **tjop** en **stres** kom nog nie in die ouer weergawe van die *AWS* voor nie, maar is wel op grond van hulle algemene gebruik in die omgangstaal in die *Nasionale Woordeboek* opgeneem. In die nuwe *AWS* (1991) is die drie woorde ook opgeneem.

Schoonees (1958:17,18) vergelyk verandering in die woordeskat met bouwerk. "Prof. van Haeringen het daarop gewys dat ofskoon taal dikwels die indruk wek van 'n struktuur met vaste bouplan te wees, dit tog veeleer is soos 'n bouwerk waaraan gedurig verander en aangebou word." Dit impliseer dat solank die sprekers van die betrokke taal lewenskragtig is daar nooit sprake kan wees van 'n afgewerkte, finaal voltooide gebou nie. Hy vergelyk die baie lyste van die Vaktaalburo met aanbousels aan die gebou en volgens hom sal dit nog lank duur voordat die groot kompleks van geboue in die *Afrikaanse Woordeboek* almal onder een dak ingebou is. Selfs dan sal daar nog van geen permanente bouwerk sprake kan wees nie aangesien elke taalondersoeker weet dat die verskynsels waarmee hy hom besighou, die lyne en grense wat hy probeer trek, nooit staties kan wees nie. Nuwe bakstene word ingemessel, hele vlerke of sale aangebou, terwyl party ou gedeeltes verkrummel. Wie met ander woorde 'n beeld van die Afrikaanse taalwerklikheid wil gee, moet gedurig rekening hou met al die faktore wat besig is om voortdurend veranderinge teweeg te bring.

Met hoeveel insig het Schoonees nie hierdie voortdurende verandering en vernuwing in die woordeskat van 'n taal raakgesien en met bouwerk vergelyk en verwoord nie. Boonop het hy 'n hoë premie geplaas op die faktore wat die dryfveer is wat veranderinge teweeg bring.

Aan die begin van die twintigste eeu het die Afrikaanse taalgemeenskap verstedelik; gevolglik moes die taal in nuwe behoeftes voorsien. Aanvanklik het Jan Alleman talle woorde in die daaglikse lektuur en spreektaal raakgeloop wat toe nog in geen woordeboek opgeteken was nie. Schoonees (1958:2) staaf hierdie stelling: "In die afgelope vyftien of twintig jaar het daar wat Afrikaans betref 'n wonderbaarlike bedrywigheid op die gebied van taalskepping plaasgevind. Hy (die taalgebruiker) moet hom aanpas by die nuwe omstandighede, hy moet nuwe benamings vind vir nuwe gereedskappe en vreemde begrippe... Voorbeelde sluit in nuwe ontwikkelinge in hierdie eeu wat sedert die ontwikkeling van stoom as kragbron in diens van die mens gestel is. Die betekenis van hierdie "nuwe" hulpbronne in die nywerheid, die landbou, die boubedryf, die verkeerswese, die krygswese, die mediese wetenskap, en ook op talle ander gebiede, is gewis noemenswaardig. Daar het dus 'n dringende

behoefte bestaan aan 'n woordeboek wat aan die gewone man verlangde inligting rakende betekenis en woordgebruik kon gee.

Verder geskied die ontwikkeling van die maatskappy in velerlei rigtinge, aangesien verskillende mensegroepe aan die een kant hulle innerlike sosiale struktuur wysig en aan die ander kant voortdurend met ander kultuurgroepe in aanraking kom; dit lei gevolglik daartoe dat die woordeskat en uitdrukkinge op talle wyses by die nuwe toestande en geestestrominge aangepas moet word. Schoonees som die kompleksiteit van die proses van vernuwing in die woordeskat reeds in dié jare raak op: "Dit is moeilik om aan 'n meer ingewikkelde proses te dink as dié waardeur die woordeskat van 'n taal ontstaan en hom deur die eeue aanpas aan die menigvuldige behoeftes van 'n beskaafde mens" Schoonees (1958:1).

'n Groot aantal "nuwe" benaminge word vereis vir alle nuwe ontdekkings en uitvindings in elke tak van die tegniek, byvoorbeeld **bioskoop** en **radio**, die nuwe of gewysigde instellings op staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en wetenskaplike gebiede; alle benodigdhede vir die gewone materiële lewe, byvoorbeeld woning, voeding, sport, kultuur, wetenskap, ens. As gevolg van 'n voortdurende verbetering in kommunikasie- en verkeersmiddele tussen alle lande, kry ontlenings uit ander tale en die opneem en deelmaak van internasionale woorde en uitdrukkinge in Afrikaans 'n hupstoot.

Volgens Ponelis (1992:81) bestaan daar 'n leemte in Afrikaans as gevolg van die snel veranderende woordeskat: "Een van die heel belangrikste wetenskaplike prioriteite vir Afrikaans is 'n nuwe wetenskaplike naslaanwoordeboek van die omvang van die *HAT* waarin 'n betroubare en dinamiese beeld van Standaardafrikaans gebied word. Die *WAT* is nie op hierdie behoefte ingestel nie en sal in elk geval nie volgens die jongste inligting binne die eersvolgende halfeeu voltooi word nie, en die kommersiële woordeboeke, soos die *HAT* en die *Nasionale Woordeboek*, is óf te voorskriftelik óf te beperk om verteenwoordigend te wees van hedendaagse Standaardafrikaans." Hierdie standpunt word deur die resultate van die bylaes in die studie versterk.

Met die doel van die ondersoek in gedagte, is dit belangrik om te let op Esterhuysse (1986:7) se waarskuwing dat die sosiolinguïes nie sy benadering tot taal bloot moet vereng tot navorsing rondom woordeboeke nie, maar taal as kommunikasiemiddel as geheel moet beskou in sy simbiotiese verhouding tot die gemeenskap waarin dit funksioneer. Hy vervolg in dié verband: "Die sosiolinguïes benader nie taal as 'n geskenk uit die hemele of 'n vooraf vervaardigde kommunikasie-pakket wat binne die

skutblaai van 'n woordeboek verpak kan word nie, maar as 'n simboliese kode wat in 'n ingewikkelde verhouding tot die gemeenskap funksioneer..." Taal is dus veel meer as bloot 'n kommunikasiemiddel. Taal maak wel kommunikasie moontlik, maar dit weerspieël ook die sosiale en behavioristiese toestande binne die groep, tesame met die groepservaringe, denkwyses en die breë lewensbeskouing van waaruit alle gebeure en ervarings geïnterpreteer word.

Fishman (1972:4) bespreek die dinamiek van taal soos volg: "Language itself is content, a referent for loyalties and animosities, an indication of social statuses and personal relationships, a marker of situations and topics, as well as of the societal goals and the large scale value-laden arenas of interaction that typify each speech community." Esterhuyse merk op dat Fishman se definisie alle aspekte van die sosiolinguistiek aansny, naamlik taal en mag, taalinhoudelikheid, taaljaliteit en taaldivergensie, taal as bepaler van sosiale status en taal as 'n eindeloos verwikkelde draer van spraakgemeenskaplike sosiale geskiedenis.

Esterhuyse gee 'n bondige samevatting wat 'n leksikaal semantiese ondersoek na veranderinge in die hedendaagse Afrikaanse nuusmedia regverdig as hy sê: "Die ingrypende ideologiese inset wat sedert 1948 in die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke strukture gemaak is, moes volgens sosiolinguistiese stelreëls ook eise gestel het aan die taal waarin ideologies gewerk is. En die linguistiese voertuig vir apartheidskonsepsies was helaas Afrikaans" Esterhuyse (1986:35).

Om die simbiose tussen semantiese verandering van leksikale elemente en sosiale verandering te beklemtoon, verklaar Hughes (1988:25) die volgende: "The assumed relationship between semantic change and social change is that of a flexible symbiosis."

Met die snelle verandering sedert 2 Februarie 1990 op beide politieke en maatskaplike gebiede waar bestaande stelsels omver gewerp is en veranderinge aan die orde van die dag geraak het, het die vroeëre woordeskat voor dié datum ook veranderinge ondergaan en uitgebrei, veral op die gebied van die media wat as mondstuk vir alle nuusgebeure dien. Leksikale veranderinge is veral duidelik waarneembaar in politieke, ekonomiese, opvoedkundige, oorlogs- en markgerigte terminologie. Die veranderende omstandighede maak dus 'n ondersoek op hierdie stadium onontbeerlik.

Met 'n leksikaal semantiese ondersoek in gedagte, is dit op hierdie tydstip belangrik om die begrip, **semantiese verandering** met sy onderafdelings oorsigtelik uiteen te sit. In hoofstuk 3 word semantiese verandering uitvoerig bespreek. Die indeling van hierdie studie vertoon sterk ooreenkomste met 'n indeling van Hughes (1988:9-18). Volgens hom verwys die konsep, semantiese verandering, na drie basiese aspekte - 'n indeling wat ook in ons geval handig te pas kom, alhoewel daar slegs oorsigtelik na registerverandering verwys sal word. Die implikasie van registerverandering sal egter gedurende die bespreking van betekenisverandering en leksikale uitbreiding en verskraling verreken word.

SEMANTIESE VERANDERING

A. LEKSIKALE UITBREIDING EN VERSKRALING

1. **Neologismes** wat tot stand kom deur:
 - 1.1 indringing
 - 1.2 leenwoorde
 - 1.3 tegniese nuutskeppinge
2. **Argaïese woorde** wat in onbruik raak in 'n spesifieke woordveld.

B. BETEKENISVERANDERING VAN INDIVIDUELE WOORDE MET VERLOOP VAN TYD

1. **Spesialisasie**
2. **Veralgemening**
3. **Tegnologiese veranderings**

- C. **REGISTERVERANDERING** wat dui op 'n woordkeuse tydens sosiale interaksie.

Vervolgens word 'n kort bespreking van elke afdeling aangebied:

A. LEKSIKALE UITBREIDING EN VERSKRALING

1. Neologismes

Heelwat tegniese terme en nuwe benaminge vir nuwe uitvindsels word daagliks met nuwe ontwikkelinge onder dié afdeling bygevoeg, byvoorbeeld. **ombudsman**, **video**, **laser**, ensovoorts. Die woord **yuppie** (1984) is volgens Hughes (1988:16) eerder 'n sosiologiese formulering as 'n weerspieëling van sosiale verandering.

2. Argaisiese woorde

Woorde en uitdrukkinge wat in onbruik raak en verdwyn uit 'n taal se aktiewe woordeskat word egter beskou as belangrike sosiolinguistiese materiaal, aangesien die woordeskat dien as spieël van 'n bepaalde era se gebruike, waardes en voorwerpe. Voorbeelde sluit in **babbeljoentjie**, **lunsriem**, **kwispedoor**, **konfoor**, **wakis**, ensovoorts.

B. BETEKENISVERANDERING

Onder hierdie afdeling kom heelwat soorte betekenisveranderinge voor, byvoorbeeld:

a) Ameliorasie

Sosiale verandering word dikwels weerspieël in **ameliorasie** waarby 'n woord 'n positiewe konnotasie verkry.

b) Degenerasie

Die proses degenerasie dui op 'n soort verandering waartydens 'n woord 'n pejoratiewe konnotasie verkry.

c) Emotiewe intensifikasie

Hierdie verskynsel is 'n minder opsigtelike soort semantiese verandering waar klassieke woorde soos **sensasioneel** emotief gebruik word.

d) **Omgekeerde betekenis**

In Anglo-Saksies het "wan", **donker** beteken, waar dit tans na betekenisverandering ingetree het, **bleek** beteken.

e) **Verswakking van betekenis**

Betekenisverswakking en uiteindelik -verlies kan 'n simptoom wees van 'n normlose, verwarde samelewing met min gemeenskaplike waardesisteme (Vergelyk Hughes 1988:248).

f) **Verwringing**

Hierdie verskynsel kom veral in advertensietaal en onpresiese emotiewe politieke taalgebruik voor, bv. woorde soos: **droomhuis, wondermiddel, fasis, demokrasies**, ensovoorts.

g) **Eufemismes**

Hierdie verskynsel kan onder andere as aanduider van taboe-woorde funksioneer, met ander woorde, woorde wat as sosiaal onaanvaarbaar of sensitief getipeer kan word. Woorde rondom seks, ras, siekte, finansiële agteruitgang, armoede, mentale gebreke, die dood, vloekwoorde en liggaamlike uitskeidings ressorteer onder dié afdeling. Met verloop van tyd het taboe-woorde geleidelik minder voorgekom, maar oorblyfsels uit die taboe-era soos **gotta** en **gaats** in plaas van God se naam, duik nog gereeld op. Vloekwoorde rondom lyflike funksies kom ook voor, byvoorbeeld **sherbet** (vir **shit**), ensovoorts. Sosiaal verrykte eufemismes sluit in **resessie** vir **depressie**, **insident** vir **onaangename gebeurte** en **rasionalisasie** vir **vervroegde pensioen**.

h) **Disfemismes**


Daar word byvoorbeeld spottend na 'n **doorie** verwys as iemand "**wat die blomme bemes**" of "**ondergronds werk**".

C. REGISTERVERANDERING

Hierdie verskynsel dui op sosiale interaksie tussen gespreksgenote waar formele en informele situasies registerkontras regverdig. Van Niekerk (1992:84/85) verwys ook na gevalle waar die sosiale status van gespreksgenote kan lei tot formele of informele registergebruik.

Aangesien alle fasette van registerverandering nie van toepassing is op die databasis, mediataal nie, word daar bloot interessantheidshalwe verwys na Hughes se skematiese voorstelling van registers in 'n semantiese veld. Hughes (1988:18) beskou 'n semantiese veld as 'n begrip wat daardie woorde of betekenis bevat wat saamhang rondom 'n bepaalde konsep, onderwerp of objek. Die formaat van Hughes se voorstelling word egter ietwat gewysig om 'n oorsigtelike beeld te verseker. Let op dat die verskynsels, **argaïsmes** en **neologismes**, wat volgens Hughes onder **LEKSIKALE VERANDERING** val, ook as **REGISTERVERSKYNSELS** in 'n semantiese veld voorkom.

Registers in 'n semantiese veld:



Opsommend: Semantiese verandering dui met ander woorde op leksikale verandering (wat vervolgens bespreek sal word), betekenisverandering (wat in hoofstuk 3 bespreek sal word) en registerverandering.

2.2 LEKSIKALE UITBREIDING EN VERSKRALING

2.2.1 ARGAIISMES

Argaïsmes dui op woorde wat direk te doen het met die veroudering van woorde of begrippe. Die gebruiksfrekwensie van die betrokke woord het dus afgeneem, omdat die saak waarna die leksikale item verwys, in onbruik verval het. In *VAW* (1993) verwys dié term na 'n "...verouderde woord of uitdrukking...", terwyl **argaïes** in dieselfde bron met 'n tydvak verbind word in die definisie, "...wat op die oudste tydperk betrekking het..." Hier is dus sprake van woorde en uitdrukkinge wat in so 'n mate verouder het, dat dit totaal uit die daaglikse omgangstaal verdwyn het. Die rede hiervoor is dat die voorwerp/saak waarna verwys word, verouderd of uit die mode geraak het. Dus word die betekenis van woorde uit die vorige eeu nie meer deesdae altyd in die letterlike sin van die woord gebruik nie. Wie onthou nog die **blaker, konfoor, lampetbeker, snuiter, langwa, kwispedor, tessie, jaagbesem, vuurslag, snaphaan, sens, boerseep, tonteldoos, voorlaaier, waskom, kruithoring en knypbril?**

Talle van bogenoemde woorde moet egter onderskei word van dié woorde wat histories wel oorleewer is, dit wil sê kroongetuie is van historiese omstandighede, sedes en gewoontes, maar waarna ook in die hede gerefereer moet kan word soos onder andere:

beeldestorm
duimskroef
fakkel
ghetto
inkwisisie
konsul
skildknaap
skildkneg

Enkele woorde wat gemerk is met die etiket, **histories**, is leksikale items waarvan die denotata self verouderd geraak het in *HAT* (1979), naamlik: **lans, lansier, floryn, Oos-Indiëvaarder, veldkornet**, ensovoorts. By sommige woorde is die historiese etiket slegs op 'n enkele betekenisonderskeiding van toepassing, byvoorbeeld **prefek** wat verwys na 'n "...Romeinse amptenaar wat toesig hou...", terwyl die ander betekenisonderskeidinge nie as histories getipeer kan word nie.

Enkele voorbeelde van **argaïsmes** sluit die volgende in:

babbeljoentjie	-	(hemelbed)
haksel	-	(harslag)
remskoen	-	(die apparaat waarmee 'n wa tot stilstand gebring word)
weesboom	-	(houtpaal bo-op 'n vrag gerwe)

Enkele woorde soos **lunsriem** en **remskoen** word deesdae nog in 'n figuurlike sin gebruik in die vorm van personifikasies, byvoorbeeld:

- * 'n **Lunsriem** is 'n baie vuil persoon.
- * 'n **Remskoen** is 'n persoon wat so stadig is dat dit almal om hom affekteer.

"Dit is byvoorbeeld 'n bekende feit dat ons in 'n sekere mate uit die woorde van 'n taal die kultureel-sosiale geskiedenis van 'n volk kan aflees" Schoonees (1958:14).

Dit is met ander woorde nie slegs **woorde** nie, maar ook **uitdrukkinge** in 'n taal wat kan vernuwe of verouder en verdwyn uit 'n taal se **aktiewe woordeskat**. Boonop is idioeme en spreekwoorde (as gevolg van hulle argaïese aard) nuttige sosiolinguïstiese materiaal aangesien dit beskou kan word as die reeds genoemde spieël van die breë volksfilosofie en waardes en sienings wat sinoniem is met 'n bepaalde taal. Volgens Esterhuysen (1986:109) is idioeme vanweë hulle semigefossileerde staat 'n fassinerende sosiokulturele argief vir era-gebonde beskouinge en wysshede. Sommige idioeme bevat historiese relikte, byvoorbeeld "...**der dagen sat...**" Die kultureel-sosiale geskiedenis van 'n volk is maklik uit woorde en idioeme "af te lees" (Vergelyk ook Schoonees 1958:14).

Enkele woorde in bepaalde kontekste het leksikale verskraling ondergaan as gevolg van die veroudering van woorde of begrippe en kan as argaïsmes beskou word, byvoorbeeld:

Tweede Vryheidsoorlog

Na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het daar volgens Gouws (1989:42) 'n woordeboek, die *Patriot Woordeboek*, verskyn met hoofdoelstelling, nie linguïsties van aard nie, maar kultureel en polities, aangesien die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners sensitief was.

Enkele voorbeelde uit hierdie tyd sluit in:

- * Martjie Louw (Martial Law - 'n Krygswet wat bepaal dat die land nie binnegekom mag word nie, vanweë geweld).
- * Rooiversbul (Redvers Buller)

M.C. van der Toorn gee in sy boekie *Het Nederlands in de Tweede Wereldoorlog* (1989) enkele illustratiewe voorbeelde, byvoorbeeld: **tepeltjetapmelk** is 'n variant vir **lulletje rozenwater**. Hierdie voorbeeld is so genoem na die baie dun afgeroomde melk wat in die oorlogsjare op groot skaal gebruik is.

Die eienaam, Quisling, 'n verraaier in die Tweede Wêreldoorlog, het gelei tot die spotnaam, **quisling**, vir verraad of verraaiers.

Modes

Woorde wat spottenderwys gebruik word om anderstalige leenwoorde te verafrikaans, word **volksetimologie** genoem. Sodanige voorbeelde eie aan die mode, sluit in:

- kosmyniks** - vir die Engelse **cosmetics**
- oliekolonie** - vir die Franse **eau de Cologne**

('n Vroeëre modewoord wat steeds nie in die *HAT* (1994) opgeneem is nie, is die woord, **klokbroek**.)

Musiek

Die **huisorreltjie**, **harmonium**, **trapmusiekie**, **musiekie**, **traporreltjie** of **serfyntjie** is reeds 'n aardigheid uit die oude doos en pronk nog slegs as erfstuk of as antieke gerestoureerde meubelstuk in huise, museums of pandjieswinkels. Die benaming **harmonium** is volgens die *HAT* (1994:346) oorspronklik aan dié instrument gegee deur Debain, die oorspronklike vervaardiger van die instrument.

Ander voorlopers van die klavier is die **klavesimbel** en die **klavichord**, woorde wat steeds in die *HAT* (1994) voorkom, maar wat baie selde gebruik word. (Die moderne klawerbordinstrument, byvoorbeeld die Yamaha- of Casioklawerbord, wat toegerus is met verskillende ritmefunksies en instrumentklanke, is deesdae aan die orde van die dag.) Handleidings wat dié instrumente se bou benoem, is egter uitsluitlik in Engels beskikbaar - 'n veld wat nog braak lê vir Afrikaanse terminologie.

Beroepe

Aangesien perde en osse nie meer die enigste vervoermiddele is nie en 'n baie ondergeskikte rol in die gejaagde lewe van vandag speel, is daar nog slegs 'n handjievol **ystersmede** oor. Dit is dus voor die hand liggend dat die amp van **touleier** en **wadrywer** ook nie meer gereeld in die advertensiekolom van hedendaagse koerante geadverteer word nie.

(So verdwyn die beroepe (en benamings) uit vergange se dae en verskyn nuwe beroepe soos **wetenskapsjoernaliste**, **rekenaarprogrammeerders**, **musiekterapeute**, ensovoorts, waarvan sommige benaminge steeds nie in die huidige handwoordeboeke verskyn nie, maar daagliks in die omgangstaal ter sprake kom.)

Vervoermiddels

Die ossewa en soortgelyke vervoermiddels soos die donkiekar of perdekar is nie deesdae meer alledaagse vervoermiddels nie; daarom het woorde en uitdrukkings rondom dié begrippe feitlik heeltemal verdwyn. Sodanige woorde word **argaïsmes** genoem en verwys na woorde wat vroeër alledaags was maar wat tans verouderd is en soms nog net in die figuurlike of metaforiese sin gebruik word, byvoorbeeld **remskoën**, **lunsriem**, **teerputs**, ensovoorts.

Argaïese voorbeelde sluit in **koppelstok**, **skamel**, **horssweep**, **langwa**, **taboes** ('n soort karwats), **ensovoorts**.

Neusbek verwys spottenderwys na die Engelse **nosebag** van 'n perd en kan dus as **volksetimologie** getipeer word.

Politiek

Die vroeëre politieke afkortings, **LV** en **LPR** het tydelik plek gemaak vir die afkorting, **LP**. Volgens Diederichs (1981:98) het **Die Departement van Samewerking en Ontwikkeling** eers bekend gestaan as **Departement van Naturellesake**, **Departement van Bantoesake**, **Departement van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling** en **Departement van Plurale Betrekkinge**. Hierdie voorbeelde verwys na 'n interessante verloop in naamgewing wat direk verwys na woorde met 'n emotiewe etiket.

'n Woord soos **Naturel** het verander na **Bantoe**, toe na **pluraal** en nog later het die woord **Swartman** tot stand gekom. Sommige neutrale aanspreekvorme het gestigmatiseer geraak vanweë die politieke klimaat in Suid-Afrika en is hierdie woorde soms verkeerdelik beskou as skeldwoorde vir bepaalde etniese groepe in plaas van blote aanspreekvorme.

Godsdiens

Om godsdiens as maatskaplike motivering vir die ontstaan van 'n woordeboek voorop te stel, is nie 'n gedagte wat eintlik by die taalkundige posvat nie. Gouws (1989:51) verwys na die verklaring van Al-Kasimi (1977:2) dat godsdienstige redes die belangrikste motivering vir die ontstaan van Arabiese woordeboeke in die sewende eeu was. Volgens hom is hierdie woordeboeke saamgestel ter verklaring van die talle moeilike woorde wat in die Koran verskyn.

Volgens Raidt (1989:34) is die groei van die Katolieke woordeskat in Afrikaans aansienlik - sodanige woorde maak deel uit van 'n supraregionale en supra-etniese sosiolek. Die wisselwerking tussen die ou en nuwe woordeskat word duidelik wanneer Raidt noem dat die leksikograaf wat 'n Katolieke kerkwoordeboek wil saamstel, vertrou moet wees met die ou en die nuwe terminologie en boonop rekening moet hou met nakonsillêre ontwikkelinge en die nuwe liturgievertaling. Uit hierdie voorbeeld is dit duidelik dat die term, godsdiens, na die hele spektrum van Afrikaanssprekende kerke verwys wanneer die woordeskat in godsdiensbeoefening verreken word.

In 'n Bybelrubriek op Afrikaans Stereo (29.06.1994) verklaar 'n Bybelkenner tereg dat die taalgebruik van die Bybel van 1933 hemelsbreed verskil van die taalgebruik in huidige Bybelvertalings. Talle van die woorde in die ouer Bybelvertalings het totaal uit die algemene volksmond verdwyn vanweë hulle argaïese aard.

'n Verdere bewys van die verandering in 'n gemeenskap se maatskaplike ingesteldheid wat op een of ander wyse in die taal gereflekteer word, word aangedui deur Webb (1992:64): "Die feit dat dit byna 300 jaar geneem het voordat die Bybel in Afrikaans vertaal is, dui op die enorme rol wat **taalhoudings** in die gemeenskapslewe speel." (Vergelyk 1.1, Probleemstelling, ten opsigte van veranderde houdings).

Talle argaïese tussenwerpsels (soms in "Hooghollands" soos die ouer garde gesê het) is as alledaagse segswyses oorspronklik uit die ryk bron van die *Bybel* of *Halleluja* ontleen en soms as verkorte vorm weergegee, byvoorbeeld:

"hygend hert!" was "hygend hert der jagt ontkomen."

"O heilsfontein!"

"Vader vol van mededogen."

'n Voorbeeld van volksetimologie wat uit onkunde of spot aan die Afrikaanse woordeskat toegevoeg is, is die volgende:

sondvloed - sinfluòt (groot vloed)

Kerktwiste van die verlede het gelei tot benaminge soos **Gatjieponner**. Tans word gepraat van **huisgodsdienst** - die **huisaltaar** was in die Bybelse tyd die plek van godsdienstbeoefening. Hierdie woord het in vroeë Afrikaans 'n verletterliking ondergaan, byvoorbeeld: "Daar word uit die Woord geles by die **huisaltaar** waar almal saans aanbid." Die gebruik van sodanige woord het verflou en **huisgodsdienst** of **boekewat** word tans gebruik. Tog is **huisaltaar** steeds in die *HAT* (1994:400) en in *VAW* (1993:279) opgeneem.

'n Sprekende voorbeeld van argaïese Afrikaans wat weer onder sekere sprekers in gebruik geplaas is, is onder andere:

alsydig
bepaaldelik
foltering
inderdaad
kameraderie
loutering
ruinhartigheid
sekere genietinge
verfoei
vervlakkinge

2.2.2 NEOLOGISMES

2.2.2.1 INLEIDING

O'Meara (1983:74) beskou die taak van die FAK ten opsigte van **vernuwende elemente** wat in direkte verband staan met leksikale uitbreiding, soos volg: "One of

the first and most important tasks undertaken by the FAK was its language project. Its conscious goal was to modernise Afrikaans, adapting it to industrial society, transforming it from the language of the veld and farm to the language of city, factory and commerce. In doing so it drew together, coordinated, directed and planned the full resources of Afrikaner intellectuals."

Die beskrywing van die oorsake en omstandighede wat kan lei tot die skepping van nuwe woorde, woordgrepe of woordvorme beteken nie dat die taal in alle gevalle die moontlikheid bied om verskynsels uit die werklikheid te benoem nie.

Bestaan daar woorde vir:

- * die dogter van die man met wie jy saamwoon?
- * die kinders van jou vriendin?
- * die vriendin van jou vader?
- * die vrou van jou neef?
- * korrupsie waar daar geen teenprestasie gelewer word nie, byvoorbeeld omkoperij sonder teenprestasie?

Die taal bied egter al die moontlikhede dat begrippe wel benoem kan word, maar dit word nie benut nie, waarskynlik omdat die behoefte om woorde te vorm in sekere gevalle nie so dringend blyk te wees nie.

Die kennisontploffing van die hedendaagse mens in 'n wêreld waar tegnologiese vooruitgang, nuwe uitvindsels op maatskaplike terrein en voortdurende verandering en vernuwing op staatkundige en politieke gebied aan die orde van die dag is, lei tot 'n gepaardgaande terminologie-ontploffing wat in die leksikografie gereflekteer behoort te word in die vorm van neologismes. *HAT* (1994) definieer die etiketaanduiding, **neologisme** as volg: "Woord wat betreklik kort gelede ontstaan het, maar, anders as die modewoord, moontlik sal bly voortbestaan, bv. kuierkoop, kulkunstenaar, kothuis, meenthuis, sneeubal ww."

Nuutskeppinge beslaan 'n omvangryke versameling in 'n taal se woordeskat - enkele woorde bly egter eendagsvlieë aangesien hulle een of twee maal in die media verskyn, maar nie permanensie in die betrokke taal verkry nie. Resente studies oor woordvormingsprosesse waaronder dié van Bauer (1987), beskou neologismes as nuut-gelede woorde wat op die ingewing van die oomblik deur 'n betrokke spreker

of skrywer gevorm word om in 'n onmiddellike taalbehoefte te voorsien (Vergelyk Bauer 1987:45).

Enkele woorde ontstaan bloot as 'n versugting na taalsuiwerheid en oorspronklikheid, byvoorbeeld:

ewenaar
gelyksydige driehoek
raaklyne/raak/punte
woonstel

Soms is daar slegs 'n idee of prikkel nodig om die taalgebruiker se oorspronklikheid te aktiveer. 'n Toevallige gaping waar daar 'n behoefte bestaan om iets spesifiek te benoem, is dan die ideale teelaarde vir die saadjie van oorspronklikheid by die mens. So is die woord "**werkolis**" heel vindingryk geskep na aanleiding van die Engelse "**workaholic**" (Vergelyk Eksteen 1978:109). Die oorspronklike woord, **voetvinger**, het ontstaan na aanleiding van die woord, **toon**. *HAT* (1979:1300).

Ook voorbeelde uit die Letterkunde is die volgende:

doofpot
hoogbloei
jakkalsjagter
keursteen
kremetartekspedisie
kromspraak
vlindervanger

Die sosiale en tegnologiese werklikheid ontwikkel met rasse skrede. **Neologismes** ontstaan in die geval van nuwe ontwikkelinge wêreldwyd, aangesien daar 'n behoefte aan benamings vir nuwe verskynsels ontstaan, byvoorbeeld:

18-stasiegeheue digitale instemming (radio)
aandreeks (krieket)
afstandbeheer
afstandkontrole
bestestasie-geheue (radio)
CD-skyf
CD-speler
dief-alarmstelsels
differensiële voer
drukker
faksmasjien
foonkaart
gemotoriseerde hekke
geslotebaan-televisie
hooligan
huisalarmtermoplastiek

kaartfoon
 kiwivrug
 kompakskyf
 koordlose telefoon
 kopieerder
 krapkaartbedryf
 kredietkaartrekeninge
 laserplate
 laserskyfspeler
 laservertoning
 lusvormers
 M-Net-dekodeerder
 massa-aksie
 meeluisterapparaat
 meenthuiskomplekse
 mikrogolfbakke/ -sakkies
 mikrogolfoond
 moltrein
 motorlaserspeler
 nagbus
 nagtrein
 nagvlug
 omkapmasjien (overlocker)
 oorfoonsok
 panieknoppie
 papiervoerder
 papsakwyn/kartonwyn
 potjiekosgeregte, byvoorbeeld seekospotjie.
 programtydsteller (videomasjien)
 randsnyer
 reksprong
 rubberkoeëls
 selfaftas-speelfunksie (radio)
 sellulêre telefoon
 skottelbraaiër
 sonkrag-panele
 taxifoon
 toegangbeheerstelsels
 veldore
 video-opname
 videowinkel
 vredesknopies
 vredestuine
 waterwurm
 wurgroof

Bogenoemde lys woorde sluit nuwe name in vir uitvindings wat onlangs maar begin deel uitmaak het van 'n veranderde en veranderende leefwêreld. (Vergelyk ook selfstandige naamwoorde in bylaag A).

Aan nuwe ontwikkeling in die wetenskap is die volgende woorde te danke:

bloedbank
 bloedoortappings
 bloedtoets
 hart-long-masjien
 hartmassering
 hartomleidingsoperasie
 kornea-oorplantings
 kosmetiese chirurgie
 leweroorplanting
 proefbuisbaba
 respirator
 skenkerselle
 veloorplantings
 vigs
 vigs- en mediese inligtingslyne

Cluver (1989:181) verklaar dat terminologieverruiming verreikende implikasies vir die inligtingkundige, die vertaler, die terminograaf en die onderwyser inhou. Hy verwys na 'n nuwe beroep, die **wetenskapsjoernalis**, wie se taak dit is om 'n deel van die nuwe kennis toeganklik te maak vir die gewone burger. Dit is egter die taak van die leksikograaf om neologismes te beoordeel om te bepaal of 'n nuwe woord bloot maar 'n eendagsvlieg is, of die woord 'n **geleentheidskepping** is (byvoorbeeld woorde wat ontstaan het rondom die modderderramp en kerkslagting) en of die woord reeds ekserpeerbaar is.

Die invoer van 'n nuwe saak kan tallose probleme daarmee saam meebring. Die sisteem in die benoeming kan versteur word en dreig om gebrekkig te raak as 'n mens in 'n soortgelyke sfeer 'n woord op verskillende wyses sou gaan toepas, byvoorbeeld:

komp - komper - kompers - kompertjie

(Vergelyk ook Eksteen (1978:112) se bespreking wat die meriete van **komper** as Afrikaanse woord bevraagteken.) Vergelyk ook die bespreking by **Tegnologie en Wetenskap**.

By die invoer van 'n nuwe saak word dit duidelik dat verskillende sinonieme naas mekaar gebruik word. Die term wat die oorhand sal kry is die term wat met die meeste prestigewaarde beklee word en veral omdat dit gebruik word deur 'n groep prestigesprekers.

2.2.2.2 MORFOLOGIESE PROSESSE

Onder die algemene taalgebruiker bestaan die foutiewe persepsie dat woordvorming bloot uit 'n aantal "aanmekaarlas"-prosesse bestaan. Dit kan wel as die geval beskou word waar **samestellings** behandel word. Die bespreking wat egter op dié gedeelte volg, dui op die verskillende **prosesse** wat betrokke is by die vorming van woorde in die algemeen.

Die belangrikste formele middele wat Afrikaans tot sy beskikking het om nuwe woorde te vorm, sluit onder andere die volgende **woordvormingsprosesse** in:

Leksikale uitbreidingsprosesse sluit in sistematies, reëlbeheerde prosesse en insidentele minder sistematiese prosesse wat vervolgens met subkategorieë bespreek sal word.

2.2.2.2.1 SISTEMATIESE, REËLBEHEERDE PROSESSE

SAMESTELLINGS

Nuwe woorde word meestal gevorm deur gebruik te maak van reeds bestaande woorde of stamme deur dit aanmekaar te koppel en sodoende samestellings te vorm. Die twee stamitems verloor hulle afsonderlike selfstandigheid as woorde, word woorddele en het dan as samestellings selfstandigheid. Samestellings verteenwoordig kombinasies van verskillende woordsoorte, waaronder selfstandige naamwoorde (nominale), werkwoorde (verba), byvoeglike naamwoorde (adjektiewe) en bywoorde (adverba) as kombinasies die algemeenste voorkom. 'n Sogenaamde "generatiewe" krag is aanwesig in hierdie kombinasiereëls - die taalgebruiker kan dus die gelede woord sistematies dekodeer, wat dui op semantiese deursigtigheid.

Komposita word as gelede lemmas in woordeboeke opgeneem indien sodanige woorde **ondeursigtig** is, met ander woorde wanneer die betekenis nie bloot af te lei is van die betekenis van die samestellende dele nie. Geen konsekwente opname van komposita in woordeboeke is egter moontlik nie, aangesien daar verskillende grade van deursigtigheid bestaan.

Alhoewel hulle nie samestellinge is nie, word multileksikale lemmas soos **vaste uitdrukkinge, leenwoordgroepe, groepsetsels en onderbroke lemmas** ook tans

meer geredelik in hedendaagse woordeboeke erken, alhoewel die woord as eenheid as sodanig steeds die belangrikste item van 'n woordeboek uitmaak.

Voorbeelde van samestellings:

abbahart
 dagmoeder
 enkelouer
 etensuurkonsert
 faksmasjien
 feesuitgawe
 hangswef
 huishulp
 inkopiesentrum
 jaarprogram
 kartonwyn
 kreukeltraag
 laserplate (*KEUR* 21.1.1994)
 nasorgsentrum
 sekslyn
 slapskyf
 splintervry
 sportkanaal
 telefoonantwoordmasjien
 tuinhulp
 voorverkiesingsbomveldtog
 werkseminaar

AFLEIDINGS

Die tweede baie produktiewe en kenmerkende wyse om woorde in Afrikaans te vorm, is die maak van afleidinge deur middel van voor- en agtervoegsels, beter bekend as pre- en postmorfeme of prefikse en suffikse, byvoorbeeld:

vergruiser - apparaat wat iets tot gruis maak
 versapper - apparaat wat groente/vrugte tot sap verwerk

'n Voorbeeld waar sowel die woordstam as die agtervoegsel van Griekse herkoms is (en dus antiek) en steeds produktiewe woordvormers is, sluit voorbeelde in soos:

"biblio-" (boekie)	+ "teek"	(kas/kis)
	+ "grafie"	(wat geskryf is)
	-faag	
	-fiel	
	-filie	
	-graaf	
	-klep	
	-pool	
	-taaf	

	-	terapie
Ander:	biblio -	maan
Samestellings sluit in:		bibliofievereniging bibliograaf (-grafie)

Opvallend in die afgelope dekade is die invoering van geheel en al nuwe affikse, maar terselfdertyd ook die ontwikkeling tot tegnostamme van 'n aantal selfstandige naamwoorde. "**Euro-**" word met ander woorde beskou as die produk van 'n reduksieproses, terwyl 'n affiks soos "**Afro-**" beskou word as die produk van 'n reduksieproses wat gepaardgaan met kombinasie, naamlik **Afrika + -o-**.

euro-: eurosentries, eurosentrisme
eurodollar
eurokaartjie
eurovisie

tele-: telebank
teledata
telefaks
telefotolens
teleinformasie
teleprosessering

nul-: nulkonnotasie
nulgradiënt
nulgroei
nulhipotese
nulmorfem
nulnommer
nulopsie

Woordvormingsprosesse wat uit samestellings en afleidings voortspruit en wat nie hier bespreek word nie, sluit in: **samestellende afleidinge** en **samestellende samestellinge** (byvoorbeeld **hoëspoed- outomatiese wasmasjien** en **hoëtemperatuurpasteurisasie**).

Volgens Swanepoel en Morris (1988:57) tree 'n enkele lekseem normaalweg as trefwoord op by die opname van sodanig gevormde woorde in woordeboeke: "Fleksie-morfologies verwante woordvorme word tot 'n enkele lekseem gereduseer wat dan as trefwoord optree; die woordvormlike variante van 'n fleksie-morfologiese paradigma word aangedui met behulp van die aangee van die betrokke fleksiemorfeme..."



1995 056 979 01

Voorbeelde sluit in:

karos (-se,-sie).

korreksie, (-s)

korrektor, (-e,-s)

2.2.2.2.2 INSIDENTELE MINDER SISTEMATIESE PROSESSE

KLANKNABOOTSING (ONOMATOPEE)

Klanknabootsings is woorde wat ontstaan na aanleiding van die betrokke saak se geluid wat daaraan gekoppel word, byvoorbeeld: **zoem, girts-garts en piet-my-vrou**. Grieshaber (1987:37-45) verwoord hierdie proses as die skep van nuwe (leksikale) items deur die (her)interpretasie van sekere geluide om by die foneties-fonologiese sisteem van 'n bepaalde taal aan te pas. Kantaantekeninge van Jenkinson (1987) in dieselfde artikel van Grieshaber voeg **nie-verbalisme** as verdere onderskeiding van onomatopeë by.

Klanknabootsing as woordvormingsmeganisme kan lei tot egte nuutskeppinge of nuutvorminge soos byvoorbeeld.

- * Die **bliep** van elektroniese apparatuur maak my mal.
- * 'n **Bliepgeluid** laat hoor.
- * Hy hoor my nie. Sy **blieper** is seker buite werking.
- * Hy **poer-poer** nog net - hy het nog nie voluit begin hardloop nie. (Volgens Eksteen: 1985 mag poer-poer dalk net moontlik 'n klanknabootsende woord wees, aangesien dit dui op die luier van 'n motor.) Die Engelse woord **idle** word heel dikwels, selfs deur Afrikaanssprekendes, in plaas van die woord **poer-poer** gebruik, wat die aanname versterk dat hier sprake is van 'n klanknabootsing.

Die fonetiese motivering in die geval van onomatopeiese taalvorme (soos aangedui deur Carstens 1990:38) word ook duidelik uit bogenoemde nuutgeskepte onomatopeë.

VERVORMINGE

Verskillende soorte vervorminge word aangetref, byvoorbeeld:

Kontaminasie

Kontaminasie staan ook bekend as taalbesmetting en sluit voorbeelde soos die volgende in:

alchemie				
algebra	=	(Dieselfde Arabiese lidwoord al is ook in die volgende vier voorbeelde verskuil)		
alkali				
alkoof				
ammunisie	=	(Geabstraheer uit Frans la munition)		
botel	=	boot + hotel		
eldorado	=	(Spaanse lidwoord van bepaaldheid, el , wat nie as sodanig herken word nie)		
elikser	=	(eerste morfeem is 'n lidwoord en wel 'n Arabiese variant van al)		
meepartisipeer	=	meedoen + partisipeer		
motel	=	motor + hotel		
transistor	=	transfer + resistor		
walgsaam	=	walgluk + grusaam		

In Alice in Wonderland (Lewis Carroll), verklaar Alice ten opsigte van kontaminasie (taalbesmetting): "Well, 'slithy' means 'lithe and slimy' ... you see, it's like a portamenteau - there are two meanings packed up into one word." Haar ráák waarneming ten opsigte van kontaminasie spreek vanself. (Vergelyk ook **stagnasie** + **inflasie** = **stagflasie**). Hibriediese kontaminasieprodukte ontstaan, byvoorbeeld: **ondeugniet** = **ondeug** + **deugniet**

Reduksie

Reduksie bestaan uit die volgende vier onderskeibare prosesse in Afrikaans:

1. **Akroniemvorming** wat bestaan uit **Letternaamwoorde** en **Letterklankwoorde**
2. **Inkortinge** wat bestaan uit **Ellipse** (verkortinge of geteleskopeerde woorde), **Knipsels** en **Tru vorme**.

•Akronieme/letterwoorde

Volgens Combrink (1990:55) is **Akronieme** "...woorde wat uit die beginletters van twee of meer morfeme opgebou is. Hier kan twee soorte onderskei word, al na gelang van die waarde wat aan dié letters geheg word, naamlik:

Letternaam-woorde

Word die letters se alfabetnaamwaarde (aa, bee, see, ensovoorts) behou, dan word die akroniem 'n **letternaam-woord** genoem".

Voorbeelde van Combrink (1989:237) sluit in:

B.A.	-	Baccalaureus Artium
DDT	-	dichloordifeniel-trichlooretaan
HOD	-	Hoër Onderwysdiploma
KSOK	-	Kleinsakeontwikkelingskorporasie
OKP	-	Onderwysopleidingskollege Paarl
SAUK	-	Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
SUKOVS	-	Streekraad vir die Uitvoerende Kunste van die Oranje-Vrystaat
VLU	-	Vrouelandbou-unie
VVO	-	Verenigde Volkeorganisasies
WNNR	-	Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

Enkele voorbeelde wat algemeen in die hedendaagse nuusmedia gebruik word, sluit in:

ANC	-	African National Congress
AV	-	Afrikaner Volksfront
AWB	-	Afrikaner Weerstandsbeweging
BSP	-	Boerestaat-Party
BWB	-	Boere-Weerstandsbeweging
CD	-	"compact disc"
CNA	-	Central News Agency
DP	-	Demokratiese Party
GTB	-	Georganiseerde Taxibedryf
HIV	-	Vigs-virus
KP	-	Konserwatiewe Party
NP	-	Nasionale Party
NSA	-	Nuwe Suid-Afrika
PAC	-	Pan African Congress
SABS	-	Suid-Afrikaans Buro vir Standaard
SAKD	-	SA Kommunikasiediens
SAKP	-	Suid-Afrikaans Kommunistiese Party
UOR	-	Uitvoerende oorgangsraad

Letterklank-woorde

"Word die letters se klankwaarde (a,b,s,k, ensovoorts) behou, dan word die akroniem 'n **letterklank-woord** genoem" Combrink (1990:55).

Enkele voorbeelde waarna Combrink (1989:237) verwys, sluit in:

Apla	-	Azaniens Peoples Liberation Army	
Avbob	-	Afrikaanse Verbond Begrafnisondernemers Beperk	
ISO	-	Internasionale Standaardorganisasie	
Kodesa	-	Konvensie van 'n Demokratiese Suid-Afrika	
MEOSA	-	Munisipale Elektrisiteitsondernemings van Suidelike Afrika	
NAVO	-	Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie	
NICRO	-	Die nasionale instituut insake misdaadvoorkoming	en
		rehabilitasie van oortreders	
Nusas	-	Nasionale Unie van S.A. Studente	
PIN	-	Private identifikasie nommer by banktellers	
SAMPI	-	S.A. Nasionale Mielieprodusente-instituut	
SANRA	-	S.A. Nasionale Raad insake Alkoholisme	en
		Dwelmafhanlikheid	

Samestellings met akronieme

Heelwat samestellings met akronieme, veral akronieme wat 'n politieke inslag het, kom veral sedert 1990 algemeen in die hedendaagse media voor, byvoorbeeld:

"Apla-nes"
 ANC-aktiwis
 ANC-alliansie
 ANC-beamptes
 ANC-besprekingsdokument
 ANC-beweringe
 ANC-gedrag
 ANC-intimidasie
 ANC-kamp
 ANC-kandidaat
 ANC-magsbasis
 ANC-onderhandelaar
 ANC-SAKP-alliansie
 ANC-stadsraadslid
 ANC-struktuur
 ANC-verdraagsaamheid
 anti-ANC's
 Apla-kaders
 AWB-oorlogsplan
 AWB-uniforms
 DP-werwers
 KP-besware
 KP-hoofswep
 KP-respondente
 KP-sweep

MK-oorlopers
 MK-vegters
 SAKP-onderhandelaar
 SAUK-raad
 top-ANC-leiers
 TV-debat
 VN-vredesmag
 VN-wapenboikot

'n Baie interessante verskynsel wat opgeduik het tydens die ekserpering van verandering in die woordeskat in die hedendaagse nuusmedia (en ook onder gebruikers in die algemeen), is die wyse waarop die letternaamwoord, **ID** foutief aangewend word. **ID** is die gebruiklike letterwoord vir **identiteitsdokument** en word saamgestel as 'n letternaamwoord bestaande uit die eerste twee letters van die twee morfeme. In *Die Volksblad*, (22.12.1993) verskyn 'n voorbeeld van die foutiewe gebruik van die term wat ook algemeen in die volksmond verkeerd gebruik word. Die woord **ID-dokument** word meermale in dieselfde berig genoem. Die letternaamwoord **ID** dui reeds op die term **identiteitsdokument**, met ander woorde in die berig word 'n verkeerde aanname gemaak en dus gepraat van die "**identiteitsdokument-dokument**"!

Die meervoudsvorm van die woord **ID** word egter later heel korrek in dieselfde koerant aangedui as **ID's** in plaas van **ID-dokumente**, alhoewel die kans nie uitgesluit mag word dat die meervoudsvorm alreeds verkeerdelik inslag gevind het in die volksmond nie, aangesien die verkeerde gebruik 'n paar maal daarna ook in die media voorgekom het.

•INKORTINGE

Ellipse, verkortinge of geteleskopeerde woorde

Soms het woorde 'n hoë gebruiksfrekwensie in die algemene spreektaal. Lang woorde of omslagtige verbindings van woorde word dan op 'n verkorte manier uitgespreek met inagneming van die gegewe morfologiese struktuur. Later vervaag die oorspronklike langer weergawe van die woord, omdat slegs die verkorte weergawe algemeen gebruik word. Die betekenis van die oorspronklike woord bly egter behoue. "Nuwe" woorde ontstaan dus met behulp van reduksie op die basis van een of meer bestaande morfeme. Sodanige woorde staan bekend as ellipse, geteleskopeerde woorde of verkortinge, byvoorbeeld die volgende voorbeelde van Combrink (1989:236, 237):

avokado	avokadopeer - avokadopeerboom (Hierdie verskynsel kom byna by alle vrugtesoorte voor.
derdeparty	derdepartyversekering
dubbelverdieping	dubbelverdiepinghuis
halfeind	halfeindstryd (In byvoorbeeld tennis)
mikro	mikrogolfoond
naelloop	naelwedloop
Rand	Witwatersrand

Voorbeelde uit die algemene mediataal sluit in:

damesenkel	damesenkelspel - 'n wedstryd tussen individuele dames in tennis.
foon	telefoon
intensief	intensiewesorgeenheid
kontras	Contra-rebelle wat teenstanders van die Sadinistiese Regering is; asook die benaming in landboukringe wat byvoorbeeld 'n organisme of 'n soort plant aandui wat ontstaan het uit kultivering en wat daarna sy eienskappe by verdere verbouing of voortplanting behou.
laag - mansdubbel	laagdruk (so ook hoog - hoogdruk) mansdubbelspel - 'n wedstryd tussen twee spanne bestaande uit twee manlike spelers elk.
media - massamedia	massakommunikasiemedium (die medium waardeur kommunikasie met groot massas mense geskied)
pornofilm	pornografiese film
pornofoto	pornografiese foto
privaatreg	privaatburgerreg
rasta	(rastafari) Lid van die oorspronklike Jamaikaanse beweging van swart mense wat in die terugkeer na Afrika glo.
Sasol	Sasolburg
speurhoof	speurdienshoof
vierwiël	vierwielaangedrewe voertuig

Knipsels

'n Knipsel is volgens Combrink (1990:56) "...'n woord wat uit 'n grondwoord gemaak word deur laasgenoemde se vorm te reduseer, sonder inagneming van die morfologiese struktuur van die grondwoord". Hy vervolg: "Knipsels is veral in sleng, in gesintaal, by aanspreektitels en by eiename volop."

Die neiging om woorde te verkort is taamlik oud. Vergelyk voorbeelde soos:

depressiwiteit	-	depro's
joernaliste	-	journos
kafeteria	-	kaf
maksimum lengte	-	maksi
Nasionale Party	-	Nattes
ouditeer	-	oudit

pornografie	-	porno
predikaat	-	predie
primaria	-	prim
Progressief	-	Prog
televisie	-	tellie
totalisator	-	toto

Laasgenoemde verkorte woorde is algemene terme onder studente op kampusse en kan gevolglik beskou word as 'n "**groepsvariasie**" wat tussen mense in dieselfde omgewing voorkom (Weereens 'n aspek wat na 2.1 nr. c verwys).

Vergelyk ook Combrink (1989:235-237) se **doom - dominee, foon - telefoon, 'sant -sersant, pop - populêr**, en Jenkinson (1988:393 3n 394) se **eeries, onnies, predies, koelics**, ensovoorts.

Die neiging om lang name te verkort, het geen bekendstelling nodig nie, byvoorbeeld:

Adriana	-	Riana
Annabel	-	Bella
Annette	-	Netta/Anet
Elisabeth	-	Lisa/Elise/Bessie/Bettie/Elsa/Lizl, ens
Johanna	-	Hanna/Joanna/Jana
Magrieta	-	Griet

Woordvorming vind plaas wanneer 'n reduksieprodukt, wat weens inkorting of knipsels ontstaan, gekombineer word met 'n tweede item om 'n samestelling of 'n afleiding te vorm, byvoorbeeld:

bibboeke
 bibkaartjie
 foonoproep
 karkos
 popmusiek
 prediedag
 proffie
 sêrontvangs

Reduksieafleidings sluit in:

paps	-	pappa
rollie	-	rewolwer
skillie	-	skilpad
sloerie	-	slordige persoon
suurtjie	-	suurklontjie
tientonner	-	tientonvragwa

Vergelyk voorbeelde van Combrink (1989:247):

langspeler	-	langspeelplaat
opkikker	-	opkikmiddel
Volla	-	Volkswagen

Reduksiesamestellings sluit in:

botel	-	boot + hotel
-------	---	--------------

Enkele Engelse voorbeelde wat ook welbekend is onder Afrikaanssprekendes, is **hi-fi, slo-mo, Laundromat, Insta-matic**, ensovoorts.

Combrink (1990:27) verklaar in dié verband: "Die reduksieproses wat hierdie stamme oplewer, behou - ongeag die morfeemgrense in die oorspronklike woord - slegs die begin van die woord tot en met die eerste konsonant na die eerste vokaal/diftong. Daarná volg verpligte kombinasie, met 'n suffiks of 'n stam."

Enkele onselfstandige reduksiestamme sluit in:

Hennie	-	Hendrik
Staffie	-	Staffordshire
tannie	-	tante
tellie	-	televisie
vellie	-	velskoen

Die "-ie" dui weer op [+ emotief] wat voorbeelde insluit soos:

bergie	-	bergslaper
dronkie	-	dronklap
pappie	-	pa/pappa
wintie	-	(windgat)

Volgens Combrink (1990:27) ontstaan daar volgens dieselfde reduksieproses, selfstandige reduksiestamme. Die **faksimilemasjien** word gereduseer tot **faks**.

Truvorme

Deur 'n grondwoord te reduseer op die basis van 'n "ingedinkte" morfologiese struktuur wat die grondwoord oorspronklik nie gehad het nie, word die truvorm gemaak.

Vergelyk Combrink (1989:236) se voorbeelde:

-isme	-	(alkoholisme, feminisme)
apostolie	-	apostolies
boskaas	-	boskasie
geite	-	(malligheid, gekkigheid, narigheid)
pakkaas	-	pakkasie
pateet	-	pateties

Ander voorbeeld sluit in:

passaat	-	passaatwinde
maaiër	-	maaimasjien

Leksikonuitbreiding is dié kenmerk van 'n lewende taal. Na 'n bespreking van die onderskeie woordvormingsprosesse wat betrokke is by leksikonuitbreiding, word die effek wat sodanige prosesse op leksikografiehulpmiddele het, outomaties van belang.

Leksikografiehulpmiddele (byvoorbeeld die *AWS*, woordkeusegidse, tegniese terminologielyste, ensovoorts) asook woordeboeke wat tred hou met die snel ontwikkelende Afrikaanse woordeskat is van maatskaplike belang vir alle Afrikaanssprekendes, hetsy moedertaalsprekers of diegene wat Afrikaans as tweede of selfs derde taal beoefen.

Voldoende leksikografiehulpmiddele kan kommunikasie tussen taalgemeenskappe vergemaklik en help met die uitbreiding van taalkennis en die verspreiding van taalnorme wat eie is aan 'n bepaalde taalgemeenskap.

2.2.2.3 VOORBEELDE VAN NEOLOGISMES

2.2.2.3.1 TEGNIESE NUUTSKEPPINGE

VAKTAAL EN NUWE UITDRUKKINGE

Wat vaktaal betref roer Schoonees in 1958 die kwessie rondom die standaardisering van sekere vakterme aan as hy verklaar dat Afrikaans 'n jong taal is wat tóé (1958) 'n nuweling was op die gebied van die tegniek en nywerheid. Die Afrikaanssprekende lewe in die eeu van die wetenskap en die tegniek en die taal moet noodwendig die spore daarvan dra.

Vaktaal kan beskou word as taalgebruik wat sinoniem is aan 'n bepaalde vak of dissipline. Daar bestaan nie **woorde** in 'n vaktaal nie, aangesien woorde algemeen van aard is en verskillende waardes of betekenisonderskeidinge kan bevat. Die woorde wat in 'n vaktaal tot stand kom, word **terme** genoem waarvan die betekenisonderskeiding gewoonlik 'n enkele **presiese en noukeurige onderskeiding** is.

Cluver (1991a:185-208) verwys na Afrikaans se skat aan tegniese terme as hy die 180 gepubliseerde tegniese woordeboeke in Afrikaans en Afrikaans/Engels, die 60 addisionele termlyste en Afrikaans se lang verbinding met groot vaktaalagentskappe soos die Nasionale Terminologiesdiens van die Departement Nasionale Opvoeding, taalburowe in regeringsdepartemente vir vervoer, verdediging, polisie en die SABS, YSKOR, SASOL, die SAUK, die Wolraad, Koringraad, Sitrusraad, banke en munisipaliteite noem.

Volgens 'n baie insiggewende artikel deur Kok wat in die Augustus-uitgawe van die *Taalgenoot* (ATKV-blad) verskyn het en in die November-uitgawe van die *Voorligter* (1991) herhaal is, dui statistiek rakende vaktaal op die volgende: "Die vakkundige status en toeganklikheid van Afrikaans word onder meer weerspieël deur sowat 265 vakwoordeboeke en -lyste wat in Afrikaans opgestel is" Kok (1991:38).

Dit is belangrik vir kommunikasiedoeleindes dat 'n taal se woordeskat op datum moet bly, anders word plaasvervangende woorde uit vreemde tale oorgeneem. "As daar van tale verwag word om te dien as kommunikasiemiddels in die moderne tegnologiese bedryf, dan moet hulle toegerus word met die nodige tegniese terminologie" Webb (1992:16).

Die vaktaal het 'n reuse-aandeel in die uitbreiding van 'n taal se woordeskat en uitdrukkinge. Sommige vakterme het 'n lang geskiedenis agter die rug en soms ontstaan betreklike nuwe woorde in dié verband, byvoorbeeld ballon-angioplastie en hartomleiding. Woorde en uitdrukkinge wat eers slegs in 'n bepaalde vakgebied voorgekom het, word later vrylik in die algemene omgangstaal gebruik aangesien die gebruiksfrekwensie van sodanige woorde onder die gewone spreker meer algemeen geword het.

Enkele **uitdrukkinge** sluit in:

Op drie silinders loop...	(motorbedryf)
Op 'n nuwe frekwensie inskakel...	(radiowese)

Sy aandeel het gedaal...	(handel)
Hy is skoon uitgebou...	(krieket)
Hy is tans in 'n skaakmatposisie...	(spel)

Geeneen van bogenoemde uitdrukkinge kom voor in *Afrikaanse Idiome en ander Vaste uitdrukkinge*, voortaan AIVU (1994) nie, ten spyte van die feit dat hulle algemeen gebruik word in die omgangstaal.

Enkele woorde sluit in **vonkprop**, **waterwese** en **snelstrik**.

Merwe Scholtz verklaar in 'n artikel wat handel oor die aandrang om Afrikaans by Kodesa te gebruik, getiteld "Moenie Afrikaans hendikep nie" (*Die Volksblad*, 11.3.1992), die volgende rakende vaktaal en vakterme: "Bowendien het vakmanne, oor dekades heen, met behulp van taalmanne vir ons 'n groot verskeidenheid van vaktale 'gemaak'. Hy vervolg: "'n Taal kan net aanspraak maak op die rolle waarvoor hy funksioneel toegerus is."

Eksteen daarenteen is van mening dat Afrikaans hom leen tot nuwe woorde, maar dat die onus op die spreker en skrywer self rus of hulle nuwe woorde in hulle eie taal gaan vorm of 'n makliker uitweg gaan kies. Hy verwoord hierdie idee soos volg: "Die mooiste is dat ons in Afrikaans die moontlikheid het om presies en duidelik te benoem, maar dat sprekers soms net eenvoudig nie die moeite wil doen nie. Hulle vertaal sommer direk uit Engels en dink dan boonop dat hulle woorde baie presies en 'wetenskaplik' gevorm is" Eksteen (1984:51). 'n Voorbeeld waarmee hy dan ook hierdie stelling van hom toelig, is die woord, "**stoomontwikkelde swaarwaterreaktor**".

Polemieke ontstaan deesdae meer geredelik rondom die verskyning van Afrikaans in handleidings en op verbruikersitems op winkelrakke, omdat die voortbestaan van Afrikaans vir Afrikaanssprekendes 'n belangrike kwessie in die Nuwe Suid-Afrika geword het. Die BMW-kwessie (*Die Volksblad*, 1993) het die volgende reaksie uitgelok naamlik dat Afrikaans só ontwikkel is dat handleidings van supersoniese vliegtuie en duikbote op Afrikaans beskikbaar is. BMW kan dus verseker wees dat Afrikaans se terminologie gevorderd genoeg is sodat sy handleiding daarin kan verskyn.

Volgens Steyn (1995:124) het die motorfirma Toyota, wat volgens 'n berig in *Beeld* "sy wortels in die Afrikanerdom het", ook aangekondig dat hy nie meer sy handleidings in Afrikaans beskikbaar gaan stel nie; mnr. Brand Pretorius, besturende

direkteur van Toyota van Suid-Afrika:bemaking, het vervolgens gesê dat daar nie sprake was van diskriminasie teen Afrikaanssprekendes nie, maar dat die besluit geneem is weens die hoëkostefaktor en logistieke probleme indien die handleidings in al elf tale moet verskyn (*Die Burger*, 30.11.1993). Al drie Afrikaanse dagblaie, verskeie ontevrede Toyota-eienaars, organisasies en individue het Toyota se besluit betreur, wat gelei het tot die uiteindelijke herroeping en 'n skriftelike verskoning van Toyota se kant (*Die Volksblad*, 2.12.1993).

Nuwe vervoer-, kommunikasie- en verkeersgeriewe (waaronder stoomskepe, vliegtuie, telegraafdienste, sellulêre telefone, die radio, die TV, satelliete en andere) plaas Suid-Afrika in nouer en intiemer aanraking met die res van die wêreld. Die een ontwikkeling het nie in alle gevalle die ander bloot verdring nie. Die koerant het bly voortbestaan ten spyte van die ontwikkeling van die radio en later die TV. Dié drie middele vul mekaar aan en elkeen vervul 'n funksie wat nie teenstrydig is nie, maar mekaar komplementeer. Die TV as relatief nuwe uitvindsel het daarin geslaag om 'n vreemde wêreld tot binne in die kyker se voorhuis te bring. Dit het gelei tot 'n ontploffing in die kyker se algemene kennis, wat noodwendig moes lei tot 'n behoefte aan 'n groter woordeskat om al die nuwe kennis te verwerk. Die breë gemeenskap word daaglik en uurlik op hoogte van aktuele sake gehou deur middel van deurlopende kommentaar wat daargestel word deur 'n ontwikkelde kommunikasienetwerk.

Die vraag ontstaan nou: **Wat is 'n tegniese taal en wanneer hou 'n woord op om 'n tegniese term te wees?** Vyftig jaar gelede was woorde soos film, klankfilm, rolprent, trekker, vergasser en vonkprop vrywel onbekend in Afrikaans; daarna het hulle eers as tegniese terme ontstaan en vandag is hulle so 'n algemene verskynsel in die volksmond wat omgangstaal en idiomatiese taal insluit, dat hulle nouliks as tegniese terme beskou kan word, byvoorbeeld "**Die hele gebeurtenis draai soos 'n rolprent voor my geestesoog verby.**" Voor 1945 het die gewone man nog nouliks van 'n atoombom gedroom; maar vandag leef die woord op die lippe van byna alle Afrikaanssprekendes.

Namate die Afrikaanssprekende in groter getalle tot die tegniese terrein toetree, kan verwag word dat sy algemene woordeskat in toenemende mate woorde uit die vaktaal sal insluit, aangesien daar in vakgebiede sake bestudeer word waarby die gewone mens ook belang het. Derhalwe word 'n vakterm al hoe meer in die algemene volksmond gebruik en vind 'n uitbreiding van die taal se woordeskat plaas met die oorgang van 'n woord van die vakwoordeskat na die algemene woordeskat. (In die

swart tale van Suid-Afrika bestaan daar 'n nypende tekort aan bruikbare vakterminologieë.)

Wat Afrikaans betref, bestaan daar heelparty voorbeelde van vakterme wat in die poësie aangewend word, byvoorbeeld:

Eveleen Castelyn	("Terapie")	osteoperose fisioterapeut
Chris Pelser	("Stad")	neonligte vertoonvenster
Stephan Bouwer	("Notas gemaak by 'n geslotebaantelevisie- demonstrasie")	geslotebaantelevisie
Wessel Pretorius	('n Polis ...)	Ioniseeruitstraling Radioaktiwiteit Kernsplitsing
J.C. Steyn	("Woord en sin")	mineraleregte
Annesue de Vos	("Anorexia")	anorexia
I.L. de Villiers	("Opwekkingsdiens")	mikrofone
D.J. Opperman	("Joernaal van Jorik")	duikboot slotmasjien
Elisabeth Eybers	("Trombose")	diktafoon aandeelhouers
	("Wespark")	langtermynbelegging
	("Vertrek")	radarhart
	("op die kruin")	betonmeul
	("Verjaardag")	ruimtereise radar atoom

Tegniese neologismes wat in algemene Afrikaanse uitdrukkinge voorkom, word vervolgens geklassifiseer en bespreek.

TEGNOLOGIE EN WETENSKAP

Met die eise wat die wetenskap en die tegnologie aan die moderne lewe stel, kom dit noodwendig daarop neer dat die taal met nuwe woorde en begrippe kennis maak. Die verowering van die maatskappy deur die **rekenaar** lei aanvanklik tot die oornam van Engelse terme. Stelselmatig word die woorde deur Afrikaanse terme vervang, byvoorbeeld:

belig	i.p.v.	highlight
bladsyuitleg	i.p.v.	layout
formateer	i.p.v.	format

funksietoetse of wipkakelaars	i.p.v.	function keys
harde skyf	i.p.v.	hard disc
indentering	i.p.v.	indent
kieslys	i.p.v.	menu
nutsprogramme	i.p.v.	utilities
sagte skyf	i.p.v.	floppy disc
toetsbord	i.p.v.	keyboard
venster	i.p.v.	window

Die woord **komper** is die woord wat oorspronklik vir die hedendaagse **rekenaar** gebruik is - hierdie term het egter nooit werklik inslag gevind in die spreektaal nie, aangesien dit 'n bou het wat nie eie is aan die bou van tipiese Afrikaanse woorde nie.

Volgens Eksteen (1978:112) word die uitgang -er meestal gevoeg by 'n betekenisvolle woord (byvoorbeeld meestal 'n werkwoord en soms 'n selfstandige naamwoord) om 'n **doener** aan te dui. Eiename en saakbenoemings kan ook so met die uitgang -er gevorm word, byvoorbeeld:

Vrystater
 klipgooier
 Postmasburger

Na aanleiding van dié woordvormingsreëls, wat normaalweg intuitiewe kennis van die gebruiker is, is dit duidelik dat die woorddeel "**komp**" uit die leenwoord **komputer** betekenisloos is en dat daar nie 'n werkwoord soos **komp** bestaan in Afrikaans nie. Vandaar die feit dat **komper** nie inslag kon vind in Afrikaans nie.

Algemene voorbeelde van woorde met 'n strewe na groter begrypbaarheid in die alledaagse omgang, sluit in:

feasability studie - haalbaarheidstudie
 voedselprocessor - voedselverwerker
 woordprocessor - teksverwerker/woordverwerker

Die voorbeelde in die eerste kolom dui op (gedeeltelike) transliterasies wat in die tweede kolom verdring word deur meer deursigtige woorde

Enkele neologiesmes sluit in: **vakuumsakverseëlaar, afstandbeheer, tellermasjien, alarmstelsel, antwoordmasjien, faksmasjien, CD-speler, omkapmasjien, ensovoorts.**

DIE MODERNE WETENSKAP

Landbou en veeteelt was die vernaamste faset van die vroeëre Afrikaanssprekende se ervaringswêreld en het gevolglik die middelpunt van sy bestaan uitgemaak. Daarvan is die vroeëre taalgebruik die bewys, want hierdie gebied was vrugbaar vir die ontstaan van 'n groot aantal woorde en uitdrukkinge eie aan dié milieu.

Die vroeëre lewenswyse was rustiger en vryer as dié van die moderne mens. Die sanna en outydse kanon was hulle belangrikste wapens in oorlogstyd - deesdae is al die koerante vol van die berugte **AK 47's**, **plofstof** en **kleefmyne**! Die mens se verwysingsraamwerk het dus tred gehou met ontwikkelinge op die gebied van die moderne wetenskap, met 'n woordeskat en uitdrukkingswyse om sodanige nuwe uitvindings te benoem.

Intensiewe navorsing word op die gebied van die verdediging gedoen en die wedywering tussen die Ooste en die Weste word al hoe hewiger op hierdie gebied. Na die vervaardiging van die **atoombom**, 'n woord wat aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het, ontstaan die **vuurpyl**, **satelliet** en die **spoetnik**. Amerikaanse **maanlanding** span die kroon op hierdie gebied. Enkele neologismes sluit in: **wentelbaan**, **kernaanval**, **ballistiese (toetse)**, **kaartfoon**, **rekenaarprogrammeerder**, **rekenaartomograaf**, **proefbuisbaba**, ensovoorts.

Die afgelope tyd, noudat die belangrikheid van die "eie bodem" vanweë internasionalisering aan die afneem is, is vertaling of leenvertaling van bestaande Engelse of Nederlandse neologismes dikwels voor die hand liggend. Gaandeweg ontstaan die spore van dié tendens ook in die spreekwoordeskat van die Afrikaanse taal.

ELEKTRISITEIT

Elektrisiteit speel 'n belangrike rol in die doen en late van die "moderne" mens. Dit moet noodwendig 'n uitwerking op die taal uitoefen. Waar die koolstoof, die kers en die vuurherd voorheen in die behoeftes van die mens moes voorsien, het elektrisiteit dit nou vervang. Enkele neologismes uit die alledaagse gebruiksfere sluit in:

elektrifikasie (spoorweë)
 elektrisiën
 elektrokardiograaf (EKG)
 elektrotegniek
 elektrotegnikus

elektroterapie
 elektrotermie
 hoogspanningskabel
 kragdraad
 kragmas
 kragonderbreking
 kragprop
 kragstroom

Van alle uitdrukkinge wat aan die moderne leefwyse ontleen is, bestaan 'n oorwig met betrekking tot elektrisiteit. (Vergelyk 3.2.2.1 met betrekking tot metaforiese uitdrukkinge rakende elektrisiteit.)

RADIO

In die dertiger- tot die vyftigerjare van die twintigste eeu was die radio bekend as die **draadloos**, wat verwys het na die afwesigheid van drade by die toestel en die gepaardgaande totstandkoming van radiogolwe.

Die radiowese het 'n onmisbare faset van die hedendaagse samelewing geword. Die radio dien as daaglikse ontspanning vir die hele gesin en is met ander woorde een van die belangrikste kommunikasiemiddels van die hedendaagse massamedia. Dat die radio dus 'n belangrike rol in die alledaagse woordeskat en uitdrukkingswyses speel, is gevolglik heeltemal vanselfsprekend.

Enkele alledaagse neologismes sluit in: **radioverbinding, radioberig, radiodiens, radiofrekwensie, radiogolf, radiokommentator, radioprogram, radiolisensie, radiosendstasie, radiotegniek, radio-universiteit, radiovasvra**, ensovoorts.

DIE TELEFOON

Die telefoon is 'n noodsaaklike gebruiksmiddel van die twintigste eeu. Rondom die telefoon het daar 'n paar uitdrukkinge ontstaan:

"om gou draad te slaan"

"oor die draad praat"

"die horingbek byt"

Laasgenoemde uitdrukking is 'n voorbeeld van die oue wat in die nuwe teruggevind word, aangesien 'n horingbek oorspronklik verwys het na 'n hoender of 'n soort voël.

As iemand met 'n telefoniese gesprek besig is, word dikwels gesê: "**moenie so lank aan die draad hang nie**". Hier word nie meer aan 'n grenslyn gedink nie, maar aan die begrip, "per telefoon praat".

Dieselfde geld vir segswyses soos: - die draad warm hou
- die drade laat gons.

In die algemene omgangstaal word dikwels gesê, "**Skakel my maar as jy hulp nodig het**", sonder dat die gebruik van die telefoon daarby bedoel word. Iemand maak onlangs die uitlating: "**Lyk ek miskien vir jou soos die sentrale dat ek al hierdie inligting moet verskaf?**"

Die voorkoms van die 087-telefoonlyn lewer woorde op soos byvoorbeeld:

babbelfoon
babbelyn
kletslyn
pornofoon
sekslyn
seksnommers

Hierdie woorde verwys na 'n telefoondiens waar meestal 'n erotiese praatjie (of skindernuus oor 'n bekende persoon) te hoor is. Indien die persepsie waar is, kan verwag word dat so iets soos **sekslyn** die oorhand sal kry. Oor ander voorbeelde soos byvoorbeeld:

giromaat
muntoutomaat
rekenoutomaat

Daar sal gewag moet word om te sien aan watter woord die taalgebruiker die voorkeur sal gee.

Daar is egter na die koordlose telefoon hoogmode geraak het, alreeds 'n nuwe uitvindsel op die mark, naamlik die **sellulêre telefoon** met sy **basisstuk**. **Tolvrye nommers** en selfs **vrybelnommers** is meer onlangse benamings vir telefoonnommers waarnatoe die publiek gratis kan skakel - 'n benaming wat reeds gemakliker op die sprekers se tonge begin lê.

Nog 'n nuuttjie is die **kaartfone** wat in hul groen glorie naas al die gewone blou muntbusse hulle verskyning begin maak het. Daar word 'n kaart, met die voorkoms van 'n kredietkaart, by winkels te koop aangebied wat aan die koper 'n x-bedrag geld

beskikbaar stel waarmee hy kan skakel. Hierdie kaarte staan ook dan bekend as die **foonkaart**, die omgekeerde weergawe van die apparaat, die **kaartfoon** self.

DIE VERVOERWESE

Alle mense kom daagliks met 'n motor in aanraking. Die bus, vragmotor, trein en motor het vandag vroeëre vervoermiddele soos die ossewa en perdekar vervang. Waar die kinders vroeër nog lang afstande te voet na die skool moes aflê, word hulle vandag meestal met busse skool toe vervoer. Vervoerkommunikasie vind vandag op 'n hoogs georganiseerde wyse plaas.

Die ossewa het 'n roemryke rol in die geskiedenis van die Afrikaner gespeel. Die ossewa het ook duidelik sy stempel op die Afrikaanse taalgebruik afgedruk. Die Afrikaanse taal spog met 'n lang lys uitdrukkinge en idiome wat aan die ossewa en die perd ontleen is; daarenteen bestaan daar slegs 'n geringe aantal segswyses wat op die motor betrekking het. Onwillekeurig ontstaan die vraag: **het die mense van vandag nie meer 'n behoefte aan alledaagse spreekwoorde nie?**

Dit is verder onrusbarend hoe die Afrikaanse taal in die motorbedryf misken word. In baie motorsake is die voertaal Afrikaans, maar waar terme vir onderdele of toerusting gebruik moet word, word die Engelse term hoofsaaklik gebruik. Afrikaanse motorterme het nog 'n groot agterstand om in te haal. Die terme is voldoende, maar veels te min Afrikaanssprekendes maak daarvan gebruik. Kan dit dus as eienaardig beskou word dat daar nog so min uitdrukkinge van die motor afkomstig is?

Enkele hedendaagse woorde wat op die vervoerwese betrekking het, sluit in: **truspieël, toereteller, bakfraktuur, bakwerk, nokas, moltreinstelsel, onderdakparkering, klepligter, motorhyser, motormonteur, motoronderhoudstoelae, motorrykskool, vragmotorruskamer, asook talle samestellings met taxi-** (vergelyk bylaag A).

DIE MEDIESE WETENSKAP

Die mediese wetenskap het 'n geringe rol in die lewe van die vroeëre Afrikaanssprekendes met hulle boerate, gespeel. Die vooruitgang op mediese gebied in die twintigste eeu is fenomenaal en daagliks onder bespreking in die massamedia.

Tot dusver is die spore van die moderne mediese wetenskap in die spreekwoordeskat egter verbasend gering. Die feit dat baie van die mediese terminologie aan ander tale ontleen is, kan as 'n belangrike rede hiervoor beskou word. Die gewone man word vanweë die kennisontploffing noodgedwonge daagliks in die massamedia met nuwe vaktaal op mediese gebied gekonfronteer.

Algemene hedendaagse woorde sluit in: **antibiotics, voorskrif, sistemiese sklerose** (liggaamsweefsel wat verhard), **xeroftalmie** (droë oë), **asfiksie** (versmoring), **ballon-angioplastie, dagsorgkliniek, immuniseringsprogram, parasetamol, skenkersel, spookpyn** (na amputasie) ensovoorts.

2.2.2.3.2 MAATSKAPLIKE NUUTSKEPPINGE

POLITIES

Die wêreldgebeure druk sy stempel op alle tale af. Uit die Britse politieke geskiedenis het die politieke oriëntasie **Links** en **Regs** ontstaan vanweë die "liberale" groep wat links en die "konserwatiewes" wat regs in die parlamentsgebou gesit het. Benaminge wat sonder skroom in die Suid-Afrikaanse politieke arena betrek is.

Daar bestaan 'n leemte rondom Afrikaans as uitdrukkingsmedium vir internasionale betrekkinge. Elke land behoort die reg te hê om in 'n eie moedertaal sy saak in die internasionale politieke arena te stel. Tolke kan dan die kwessie aan die ander deelnemers aan die politieke debat deurgee; sodoende word die demokratiese regte van elke taal in die wêreld erken.

Daar kan met reg aanspraak gemaak word op die feit dat die veelbesproke Afrikaanse woord, "**apartheid**" wêreldwyd oorgeneem is uit Afrikaans. Eufemistiese sinonieme van dié woord sluit in: **segregasie, afsonderlike ontwikkeling, aparte vryhede, ruimtelike ordening**, ensovoorts en het onontbeerlik geword in die internasionale politieke debat, vanweë die negatiewe konnotasies wat aan die woord **apartheid** gekoppel is. Vergelyk Hughes (1988:205,206) wat die term **apartheid** as ideologie verbind met ideologies verwante terme soos **groep** (ras), **pas**, **immoraliteit** (ontug), **tuislande, townships**, ensovoorts.

Uitdrukkinge soos die volgende word dikwels in Afrikaans gehoor:

"Hulle sal nou **sanksies** teen my wil toepas."

"Hy **saboteer** my pogings." (Dit kan ook op die krygswese betrekking hê.)

Anglisismes in die politieke arena word ewe geredelik in Afrikaans gehoor:

"Die **boikot** duur al twee dae..."

Hierdie Anglisisme begin al hoe meer veld wen en begin selfs al redelik "normaal" op die Afrikaanse tong klink. So ook Anglisismes soos **establishment, struggle, townships**, ensovoorts. Die verafrikaanste woord **toi-toi**, afgelei van die woord **toyi-toyi**, word ook nie meer as rareiteit in hedendaagse beriggewing getipeer nie (Vergelyk 2.2.2.4).

Volgens Diederichs (1981:98) word **apartheid** meestal vervang deur **afsonderlike ontwikkeling, identiteitsbeskerming of regeringsbeleid**. (Laasgenoemde sinoniem vir apartheid is alreeds weens die nuwe demokratiese regeringsvorm 'n term wat nie meer water hou nie).

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat dieselfde woord in 'n bepaalde konteks teenoorgestelde affektiewe waardes vir verskillende taalgebruikers kan inhou, byvoorbeeld vir mense met teenoorstaande politieke beskouings. Volgens Diederichs (1981:98) kom langer woorde, vakterminologie en neologismes meer algemeen in politieke berigte voor; sodanige woorde dra heel dikwels 'n spesifieke kognitiewe en konatiewe betekenis oor. Vergelyk ook Kok (Nov. 1991:39) in *Die Voorligter*: "As gevolg van sosio-politieke faktore waarmee Afrikaans in die verlede sterk geassosieer is, het die taal by sommige mense in onguns geraak, maar volgens talle plaaslike ondersoekte het hierdie negatiewe gety jeens Afrikaans gedraai."

Taal kan byvoorbeeld ook as **manipulasiemiddel** gebruik word wat kan lei tot politieke resultate wat die totstandkoming van 'n **politieke jargon** en die **stigmatisering van bepaalde taalvorme**, insluit.

Enkele voorbeelde wat as **politieke jargon** getipeer kan word en wat in sommige gevalle gestigmatiseer word, sluit in: **apartheid, struggle, townships, toyi-toyi, demand, regime, onderdrukkers**, ensovoorts.

Enkele neologiesmes wat op politieke terrein beslag gekry het, sluit in: **alleenregering, apartheidsera, boikotaksie, demokratiseringsproses, faksiegeveg, geweldspoliteik, hoofonderhandelaar, kieseropleiding, konsepwetgewing, massa-protiesvergadering, oorgangsmodel, optogganger, protiesaksie, streekregering, toi-toiende, veelpartyberaad, vredesinisiatief, wegblyaksie**, ensovoorts.

Die politieke situasie is onderhewig aan snelle verandering wat dui op 'n woordeskat wat daagliks uitbrei om tred te hou met veranderende omstandighede.

EKONOMIES

Alhoewel die Afrikaanssprekende oorspronklik agraries was, het hulle geleidelik tot die handel en die nywerheid toegetree. Vandag bekleed baie Afrikaanssprekendes vername poste in die sakelewe en gewone taalgebruikers kom vandag ook in 'n mindere of meerdere mate met die handel in aanraking. Gevolglik bestaan daar 'n hele klompie neologiesmes en uitdrukkinge wat aan die sakelewe ontleen is. Vroeër in Suid-Afrika se geskiedenis het min mense in die aandelebeurs belanggestel. Vandag koop duisende Afrikaanssprekendes aandele op die beurs.

Afrikaans as werkstaal het in die vorige bedeling 'n groot rol gespeel, aangesien werkers Afrikaans as voorvereiste beskou het om aansoek te doen vir werk. Die dominante rol van Engels op ekonomiese en handelsgebied is egter 'n werklikheid, ten spyte van enkele Afrikaansgerigte instellings, soos die Mynwerkersunie (vakbond), die Afrikaanse koerantwese en media (byvoorbeeld *Die Volksblad*), die Afrikaanse Handelsinstituut, SASOL, YSKOR, etlike banke en versekeringsmaatskappye, die Afrikaanse Sakekamer, ensovoorts.

Vergelyk Hughes (1988:86) in verband met ekonomiese terme: "One consequence of this is that a variety of economic terms have become household words. These include inflation, depression, recession, slump, boom, reflation, cartel, sanctions, entrepreneur, exploit, growth and earnings." Afrikaanse ekwivalente ekonomiese terme is ook herkenbaar in bogenoemde Engelse terme as eie aan hedendaagse algemene omgangstaal.

Enkele neologiesmes op die gebied van die ekonomie, sluit in: **entrepeneur, afslagpetrolskema, bankkaart, belastingaansporing, bemarkingsvideo, betaalkultuur, disinvesteringsneiging, grys invoerproduk, kredietkaartbedrog**,

lackoste-woongebied, sakevertroue, salarisongelykhede, verbruikersboikot, vriendskapsbankbeeld, vryemark-ekonomie, welvaartbelasting, ensovoorts.

Afrikaans se rol gaan nie kleiner word in die Nuwe Suid-Afrika met sy veranderde politieke en ekonomiese klimaat (soos sommige doemprofete voorspel) nie. Afrikaans as geheel, wat die woordeskat insluit, het saam met hierdie veranderinge gegroei en staan dus midde-in die veranderde en veranderende opset. Kok (Nov. 1991:39) verklaar in *Die Voorligter*: "Op grond van die breë verskeidenheid gebruikers van Afrikaans en die ontwikkelende politieke inisiatiewe wat sy ontstaan by Afrikaanssprekendes het, het die taal reeds 'n onvervreembare rol in die veranderende Suid-Afrika begin speel."

Verwikkelinge op beide politieke en ekonomiese gebied dra gevolglik by tot betekenisuitbreiding en die skep van nuwe woorde.

MAATSKAPLIK

Die lewe op maatskaplike gebied het sedert die begin van die twintigste eeu drastiese veranderinge ondergaan. Ontspanning en vryetydsbesteding van die moderne mens verskil aansienlik van dié van die Afrikaanssprekende van weleer. Die mense het eers baie meer by mekaar gekuier, gesellige byeenkomste gehou en op sosiale gebied meer met hulle medemens gekommunikeer as vandag. 'n Meer individualistiese lewensuitkyk tipeer die moderne mens. As gevolg van spesialisasie op maatskaplike en ekonomiese gebied het die moderne mens dus 'n alleenloper geword.

Wat neologismes betref, sluit nuwighede op ontspanningsgebied in: **reksprong, CD-speler, kabel-TV, oorfoon, prenteresepteboek** (vir analfabete), **springkasteel** (vir klein kindertjies), **fiksheidsklas** (gim), **rap-kunstenaar, rekenaarspeletjie, rolprentfees, videowinkel** en die **wateryglybaan** (wat nog nie in die *HAT* (1994) of in *VAW* (1993) opgeneem is nie). Enkele voorstelle wat vir die wateryglybaan oorweeg word, sluit in **wateryglypyp, glygeut, wateryglygeut, waterwurm, wateryglybaan** en selfs **waterslurp**. Die vraag ontstaan nou watter voorstel in nuwe woordeboeke opgeneem sal word, aangesien **waterwurm** en **waterslurp** 'n komiese element bevat teenoor die meer neutrale voorstel, **wateryglybaan**.

Die woord **mini** (miniatuur) word vandag baie algemeen gebruik. Dit wissel van 'n **minirok** tot 'n **minihelikopter, miniatuurgemeenskap, minibus, minimotor**, en 'n

predikant van Potchefstroom het onlangs oor die radio self van 'n "**minigodsdiens**" gepraat.

Die lewe beskik ook oor 'n element van voortdurende gejaagdheid, wat lei tot samestellings met "**kits-**". Voorbeelde sluit in: **kitskrieket, kitsdiëte, kitshuwelik, kitskoffie, kitsklaar, kitskontant, kitsrekenaar, kitspoeding, kitsgaar, kitsbank, kitsop, kitsantwoord, kitsoplossing, kitsklaar** en selfs **kitsman** en **kitskonstabel**.

Met die koms van die tiendelige geldstelsel het daar 'n nuwe stel woorde ontstaan en gevolglik het die uitdrukkinge van die pond, sjieling, tiewie, sikspens, trippens en pennie na die **rand** en **sent** verander. Dit was egter 'n redelik langsame proses, aangesien bestaande uitdrukkinge in verband met eertydse muntstukke redelik diep gewortel lê in die woordeskat en uitdrukkinge van die geslag wat daarmee opgegroeï het. Boonop leef verouderde woorde in uitdrukkinge voort lank nadat hulle alreeds uit die gewone omgangstaal verdwyn het.

Tipiese voorbeelde van die ou vorm se progressie na die nuwe vorm, is:

Ek skuld jou nie eers 'n pennie nie.

Teenoor: Ek skuld jou nie eers 'n sent nie.

Hy gee nie 'n duim toe nie.

Teenoor: Hy gee nie 'n sentimeter/millimeter toe nie.

Kok maak die opmerking (in Boshoff 1964:120) dat iemand heel spontaan van 'n praat- en kooplustige ou dame gesê het: "**Sy praat land en sand aanmekaar en koop rand en sent aanmekaar**".

Interessant genoeg is die geldstelsel alweer besig om te verander in die jare negentig en gevolglik moet neologismes in die woordeskat weer voorsiening maak vir nuwe terme, byvoorbeeld **R2-stuk/munt, R1-stuk/munt, R5-stuk/munt, R50-noot, R100-noot, R200-noot**, ensovoorts. As gevolg van steeds stygende pryse en die vermindering van die geldwaarde wat 'n reuse maatskaplike verandering sedert die afgelope ongeveer twintig jaar teweeggebring het, word die papiergeld (byvoorbeeld R1, R2 en R5 van ouds) vervang deur munte wat meer prakties van aard is. Ook die papiergeld-bedrae word vanweë praktiese oorwegings al hoe groter, bv. die **R50-noot, R100-noot** en **R200-noot**.

Asof dit nie genoeg was om die ouer garde te disoriënteer nie, het die maateenhede ook vroeër verander. Die voet, duim, jaarts, pond en myl is byvoorbeeld vervang deur die **meter, sentimeter, millimeter, kilometer, kilogram, gram, milligram**, ensovoorts.

'n Goeie voorbeeld om groepsolidariteit, wat kan lei tot neologismes, te demonstreer, is die voorbeeld van **gesinstaal**. In die intieme kring van 'n gesin bestaan daar normaalweg 'n samehorigheidsgevoel wat kan lei tot opsetlike verdraaiings of waar eenmalige versprekings as die reël in die intieme verband as neologismes kan bly voortleef, byvoorbeeld:

bommelakiesie	i.p.v.	bollemakiesie
dikkefrelletjies	i.p.v.	frikkadelle
karapaanvark	i.p.v.	karavaanpark
lapoop	i.p.v.	hardloop

Enkele voorbeelde het selfs in die volksmond neerslag gevind, byvoorbeeld **miljuisende** - (miljoene + duisende).

Groepsolidariteit kan net so effektief deur studentetaal geïllustreer word. (Vergelyk ook woorde soos **predie, admin., depro, kammie, kaf, boffin** en **poks**.) In *HAT* (1994) kom die etiket, **studentetaal**, voor, waaronder voorbeelde soos **tokkelok, rasie(leier), sot** (bet.2) en **gorrel** (bet.3) voorkom.

'n Ander vorm van groepsolidariteit word gereflekteer in 'n MA-verhandeling van De Wet, **Polisietaal is variant van Afrikaans** (*Die Volksblad* 15.5.1995, p.2) waarin voorbeelde soos **spiritskop** (dronkaard) en "'n clown suit" (blou uniform) aangeteken is. De Wet skryf volgens *Die Volksblad* die feit dat die SAPD oor die jare 'n eie groeptaal ontwikkel het, toe aan die strewe om met sosiaal-politieke realiteite tred te hou.

Ander voorbeelde van groepsolidariteit wat in woordgebruik neerslag vind, sluit die volgende voorbeelde in. Die inwoners van die Klein Karoo is by uitnemendheid volstruiskenner en benamings soos "**kierienek, galtoon en klipvreter**" is algemene woorde in dié groep. Sommige lede van die Kleurlinggemeenskap gebruik weer die woord, **pollevink** vir vry of karfoefel. Namakwalandse uitdrukkings sluit in **armmanskos** (die son), **droëpram** (jongste kind), **grofgoed** (grootvee/trekdiere), **grootweck/grootkerk** (Nagmaal), **kieriegeld** (pensioen), ensovoorts (*Insig*, Mei 1992, p.40).

2.2.2.3.3 ALGEMENE HEDENDAAGSE UITDRUKKINGE IN 'N VERANDERDE SAMELEWING

Namate die Afrikaanssprekende meer taalbewus word (as gevolg van drastiese politieke omwentelinge in Suid-Afrika - wat 'n moontlike bedreiging vir Afrikaans kan inhou) mag daar moontlik ook op die gebied van die spreekwoorde meer oorspronklike, eietydse, Afrikaanse uitdrukkinge en segswyses ontstaan om die euwel van onsuiverheid te bekamp.

Die meeste uitdrukkinge (spreekwoorde) is baie oud. Die besef van die argaïese aard van 'n uitdrukking volg eers wanneer dit nie meer vanselfsprekend is nie. Baie van die woorde en uitdrukkinge soos **geradbraak**, **op tou sit**, **teerputs**, en **tonteldoos** het al heeltemal van hul ontstaansfeer verwyderd geraak. 'n Uitdrukking soos "**self die mas opkom**" word byvoorbeeld heel spontaan gebruik, sonder om aan die oorspronklike verband, die seemanstaal van die V.O.C. -tydperk, te dink.

Die tydsfaktor betrokke by die ontstaan van 'n taalerfenis, is eweneens van groot belang. Die hoeveelheid taalerfgoed op die gebied van die spreekwoordelike is ongetwyfeld groot. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die produk die taalwerkzaamheid oor eeue heen is. Nuutskoppinge en nuwe segswyses kom byna daagliks in die massamedia voor, maar die opname en notasie van hierdie woorde en segswyses in die spreekwoordeskat van Afrikaans, is 'n proses wat tot dusver nog nie op 'n noemenswaardige wyse plaasgevind het nie.

Bestaan daar dan tans geen behoefte meer aan dergelike uitdrukkingswyses in die omgangstaal nie? Teoreties kan die vorming van nuwe segswyses as iets bestendigs en deurlopends beskou word. Taal is tog ook die spel van verbeelding en van beelde. In die moderne lewe word 'n kwessie miskien anders verwoord deur intellektualiste as deur die gewone man; 'n verskil in die bewoording en beskouing van kwessies kan ook plaasvind tussen stedelinge en die plattelandse bevolking. Belanghebbendes behoort dus voortdurend 'n luisterende oor op die grond te hou om op hoogte te bly met vars Afrikaanse uitdrukkingswyses. "Wellicht horen we binnenkort het gras groeien en in onze moedertaal de motoren ronkeren" (Anon Jan.1964 33(1):2).

Om te bepaal of daar wel 'n leemte met betrekking tot die opname van Afrikaanse idioome en vaste uitdrukkinge vir naslaandoeleindes bestaan, is die nuutste naslaanwerk, *Afrikaanse idioome en ander vaste uitdrukkinge* van Botha, Kroes en Winckler, (vervolgens na verwys as *AIVU*) wat in 1994 die lig gesien het, as kontrole

gebruik. Alhoewel hierdie naslaanwerk nie aanspraak maak op volledigheid nie, behoort uitdrukkings rondom relatief nuwe uitvindings vóór 1994, voorkeur te geniet in so 'n omvattende naslaanwerk - of dit wel die geval is, sal aan die einde van die volgende steekproef uit die omgangstaal blyk. *AIVU* (1994) stel dit verder duidelik in sy gebruikershandleiding dat idiome wat kan kwets of aanstoot gee, uit die versameling gelaat is. ('n Kwessie waarvan die konsekwensies in 3.2 bespreek word rakende die lewensgetrouheid van 'n naslaanwerk.)

Vervolgens enkele alledaagse uitdrukkings, idiome en segswyses wat gemeen is uit die algemene Omgangsafrikaans.

Voorbeelde wat wel opgeneem is in *AIVU* (1994):

- * Die pak voorspelers van die OP kan deur die Vrystaat **getroef** word.
- * Hy kan nog **diep spore** in OVS-rugby **trap**.
- * As die Vrystaat met sy opponente **afreken**, kan die loting van die volgende rondte met die tuisveldvoordele 'n deurslaggewende faktor wees.
- * Maar my werk en my lewe is een omrede 'n mens nie net **'n deur agter jou kan toetrek nie**. Jy is altyd besig om te kyk (Joan Kruger).
- * Jy moet die **oopmaak van mense se deure** altyd waardig wees (Joan Kruger).
- * Die opbrengs **draf** die ooreenstemmende gemiddelde jaarlikse inflasiekoers **makklik kaf** (SANLAM-advertensie).
- * Ondernemings **wat hul sout werd is**, is ook gedurig op soek na metodes om hul produktiwiteit te verbeter.
- * Die waarde van werknemers word dikwels **oor die hoof gesien**...
- * Hulle voorspel dat **die bom gaan bars**.
- * Hoeveel keer word iets nie **onder die tafel aangegee** sonder dat **geen haan daarna kraai nie?**
- * Daar is gerugte dat die span op 'n **"een vir my en een vir jou-basis"** gekies is.
- * Die span is beleidloos gekies. Daar sal manne na die toer wees wat **in die vergetelheid** sal verdwyn...soos gewoonlik.
- * Bloemfontein is die stad wat die **ergste gebuk gaan** onder die vinnige stygende voedselpryse.

Voorbeelde wat nie opgeneem is in *AIVU* (1994) nie:

- * Ons het **wyd** partytjie gehou.
- * Die nuwe stut is met sy beweeglikheid en deelname aan die vastelos 'n **bonus vir enige span**.
- * As vleuel **staan** hy dikwels **en koud kry** terwyl hy een van die gevaarlikste aanvallers in die land is.
- * Vrystaat speel met die uitsondering van Johan Styger op **volle sterkte** en sal moeilik **gestuit word**.
- * Dis ons wat tans **die groen lig** vir hoë pryse gee.
- * Ons kan **dinge opweeg teen mekaar**.
- * Ek is in werklikheid 'n vreeslike **private** mens. Maar wat vir my in die joernalistiek, behalwe woorde, die belangrikste was, is dat jy 'n **soort vrypas het** tot enige ding. Dit is vir my die wonderlike ding - hierdie **voerste sitplek by die lewe se teater** (Joan Kruger).
- * By 'n tydskrif **loop 'n mens soort van op die spoor van die nuus**, maar 'n mens is soort van in tweede linie.
- * Kry 'n **wenplan** vir jou kind se toekoms. (SANLAM-advertensie)
- * In 'n arbeidsmark wat daagliks meer mededingend raak, is opleiding die beste manier om jou kind op die **wenpad** te plaas. SANLAM: Verseker vir jou kind 'n **mooier môre**.
- * Nou dat **die boeke moet klop**, nou begin **die poppe dans...**
- * Ons verskil van die vrou van die sestigerjare deurdat ons nie meer inhibisies het nie. En dat ons nie meer stories glo nie. Ek dink ons is baie beter in staat om ons **eie agenda te bepaal** (Joan Kruger, *Bloemnuus* 18.09.92).

Die volgende vrae ontstaan dus rondom hedendaagse uitdrukkinge: waarom word daar nie meer so baie nuwe spreekwoorde en uitdrukkinge geskep soos vroeër nie? (Het Afrikaans dan ten opsigte van uitdrukkinge 'n versadigingspunt bereik sodat daar nie meer 'n behoefte aan nuwes bestaan nie?) Vervolgens kan óók gevra word: waarom word baie nuwe spreekwoorde en uitdrukkinge nie opgeteken nie?

Die antwoord lê dalk hierin: die moderne mens lewe te gejaagd. Die ervaring verdiep nie meer tot universele lewenswysede wat in gesegdes saamgevat en bewaar word nie. Daar is nie meer tyd vir urelange besinning soos vroeër nie. Alle genoemde moderne voorbeelde kan dus bloot bekendstaan as **segswyses**. Wat die opteken van nutgeskepte uitdrukkinge betref (vergelyk *AIVU* 1994), bestaan daar wel 'n leemte waarvan leksikografe kennis behoort te neem.

2.2.2.4 ONTLENINGS EN -ISMES

Indien neologiesmes nie self geskep word in 'n taal nie, word ook gebruik gemaak van **leenvertalings** en **leenwoorde**. Herkomsetikette in byvoorbeeld die *HAT* (1994) dui aan uit watter taal 'n woord oorgeneem is, byvoorbeeld: **Arab.** (Arabies), **F.** (Frans), **D.** (Duits), ensovoorts. Van leenwoorde is dit bekend dat dit dikwels vervang word deur vertalinge. Afgeslete woorde in hierdie konteks is byvoorbeeld sportterme:

free kick	-	vryskop
hole-in-one	-	kolhou, volmaakte gelukhou (gatslag)
penalty	-	strafskop
score	-	verdoel

Indien daar sprake is van konkurrensie tussen 'n inheemse en uitheemse woord (die eie en die vreemde) kon die mededinging tot nadeel van die vreemde woord besleg word, omdat die klankstruktuur daarvan teen opname in die eie taal verset. So sou **disc** in Afrikaans weerstand ontlok omdat die **sk** in hierdie eindposisie in die klanksisteem as 'n **paria** geld. (Vergelyk ook wat Verschuyf (1988:39) hieroor ten opsigte van Nederlands *sê*).

Mededinging is baie duidelik op die vlak van twee verskillende tale. Vergelyk byvoorbeeld Afrikaans se stryd in Suid-Afrika om taalsuiwer en vry van veral Anglisismes te bly.

Die Engelse benaming, **serjeant-at-arms** het deesdae 'n Afrikaanse ekwivalent, naamlik **ampswag**: volgens *VAW* (1993:40) dui dié term op: "...benaming van 'n parlementêre beampte wat sekere seremoniële verpligtings moet nakom..."

Enkele Franse voorbeelde:

barber	word vervang deur	haarkapper
coiffeur	word vervang deur	haarstiliste
pardon	word vervang deur	verskoning

Ten slotte is daar talle aktuele voorbeelde met konkurrerende sinonieme:

hoëspoedtrein
komper/rekenaar
sneltrein van die toekoms
supersneltrein

Volgens Combrink (1984:83) kan alle taalbousels wat in Afrikaans en Engels ooreenstem en waar daar bowendien 'n sinonieme bousel in Afrikaans bestaan wat sogenaamd suiwerder is (met ander woorde nie na 'n ooreenstemmende Engelse taalbousel lyk of klink nie) nie noodwendig as Anglisme gebrandmerk word nie. Combrink bewys vervolgens hierdie stelling aan die hand van parallels in die geskiedenis van Afrikaans en Engels, naamlik:

1. die feit dat Afrikaans en Engels ten spyte van misvattinge, ewe oud is.
2. die feit dat Afrikaans en Engels woordskatooreenkomste vertoon, soos:
 - ooreenkomste in die basiese woordskat
 - gemeenskaplike leenwoorde uit Latyn in Germaanse tye
 - gemeenskaplike Latynse leenwoorde deur die kerstening
 - gemeenskaplike Latynse leenwoorde deur bemiddeling van die kloosters
 - gemeenskaplike Latynse leenwoorde deur die universiteite
 - Franse leenwoorde
3. Griekse en Latynse invloed ná die Middeleeue, byvoorbeeld:
 - internasionale vorming
 - die geneeskunde as voorbeeld
 - die tekstielvervaardiging as voorbeeld
4. Italiaanse invloede
5. Spaanse en Portugese invloed
6. Engelse ontlenings aan Engels
7. Nederlandse ontlenings aan Engels
8. Ontlenings aan inheemse tale
9. Engelse ontlenings aan Afrikaans

Combrink (1984:83-96).

Aan die hand van hierdie uiteensetting wat die herkoms van duisende parallels taalbousels tussen Afrikaans en Engels aandui en motiveer, is dit duidelik dat 'n taalbousel (met 'n parallel in Engels) wat in Afrikaans gebruik word, nie sonder meer as Anglisme geïdentifiseer kan word sonder om dubbeld seker te maak van sy herkoms nie.

Dit kan egter nie ontken word dat Engels wel 'n diepgaande invloed op Afrikaans gehad het en steeds het nie. In Suid-Afrika kom die Engels- en Afrikaanssprekende

bevolkingsdele gedurig in noue kontak met mekaar - dit is dus onvermydelik dat daar wedersydse beïnvloeding sal plaasvind. Die Afrikaanssprekende behoort dus baie versigtig te wees ten opsigte van -ismes, want dit kan op langsame verswelging uitloop. Dit is egter onmoontlik en selfs onwenslik om alle -ismes met wortel en tak uit te roei. Die leenvertaling, **iemand afsien** het in Afrikaans onmisbaar geword. Buiten 'n omslagtige omskrywing bied Afrikaans of Nederlands niks in die plek van hierdie gerieflike Engelse uitdrukking nie. (Vergelyk Le Roux 1962:25). Hierdie uitdrukking is dus nie 'n Anglisisme nie, maar 'n leenvertaling.

Ponelis (1992:73) verklaar ten opsigte van leksikale uitbreiding in Afrikaans: "Gebruiksuitbreiding gaan gepaard met inhoudelike verryking, veral wat die leksikon betref. Afrikaans is in die afgelope eeu inhoudelik uitgebrei veral deur **ontlening** aan Standaardnederlands en Engels. Aan Standaardnederlands is talle kultuuritems ontleen op terreine soos die musiek, die natuur- en die geesteswetenskappe..." (Dit sluit voorbeelde in soos **solis, dialek en priemgetal**.)

'n Vroeëre definisie van Anglisismes is dié van Boshoff (1956:60): "Anglisismes wat nie met ons taalaard in stryd is nie en nie deur ons taalgevoel verwerp word nie, asook dié wat wel met ons taaleie in stryd is en desondanks deur ons taalgevoel aanvaar word, kan as toelaatbare anglisismes beskou word." (Vergelyk ook 2.2.2.3.2 politieke jargon).

Talle tegniese en wetenskaplike woorde wat aan Engels ontleen is, kan oorspronklik leenwoorde uit Grieks en Latyn wees. Die Afrikaanssprekende pas hierdie woorde aan by 'n tipiese Afrikaanse uitspraak. Segswyses en uitdrukkinge wat gevolglik later in hierdie verband ontstaan, stem soms heeltemal ooreen met soortgelyke uitdrukkinge in Engels en Nederlands, byvoorbeeld "**Hulle is op verskillende frekwensies ingeskakel.**"

Snijman (1964:174) verklaar die volgende: "Woorde is soepel en taai. Hulle het dikwels 'n lang geskiedenis en kry soms met verloop van tyd 'n heeltemal nuwe betekenis." Hy vervolg: "Ons tyd is egter 'n tyd van geweldige ontwikkelinge op allerlei gebiede. Daar is talle nuwe begrippe wat name moet kry, maar wat moeilik aansluiting vind by die begrippe van bestaande woorde. As gevolg daarvan het ons in baie opsigte te staan gekom voor 'n gebrek aan eenvoudige woorde wat hulle kan aanpas aan al die nuwerwetse begrippe. Om hierdie eis die hoof te bied en tegelyk by iets wat bestaan, aan te sluit, word dikwels ver teruggegryp na die grondelemente van die ou tale." Hier verwys hy dan ook na Grieks en Latyn.

Hy vervolg egter dat woorde soos **telefoon, telegram, motor, outomaat, elektrisiteit, atoom** en **biologie** almal van Grieks-Latynse herkoms is, maar feitlik internasionaal gebruik word. Hierdie "**internasionale**" woorde se getalle groei steeds aan! (Vergelyk Donaldson 1991:26).

Opsommenderwys verklaar Snijman (1964:174): "Met ander woorde, die ou sogenaamde dooie tale is weer besig om hulle houvas op die lewendes te verstewig deur juis op sekere belangrike groeipunte van die taal die materiaal vir nuwe name te lewer."

Anglisismes het by verre die grootste invloed op die Afrikaanse taal se klanke, woordorde (sintaksis), woordeskat, sinsbou en idioom. 'n Tipiese voorbeeld om die invloed van die Anglisisme op Afrikaans aan te toon, word duidelik uit *Afrikaans my Taal St. 9/10* (1986-sillabus:401) van P.F. de Klerk en medewerkers: "Daar is diegene wat erg gesteurd is omdat woorde soos **attraksie** of **embarraseer** in koerante voorkom, terwyl hulle voortgaan om te praat van die **minister** of **silinder**, of Anglisistiese idioome gebruik soos: **`Jy kan jou sterre dank'**".

Die noue verbondenheid tussen Afrikaans en Engels word duidelik uit die volgende stelling van Ponelis (1992:83): "Presies hoe diepgaande Engels op Afrikaans inwerk, blyk uit die beïnvloeding van kragtige sub sisteme van die Afrikaanse taal. Daar word passief op die invloed gereageer deur die ontlening in Engelse vorm oor te neem (byvoorbeeld **sparkplug**); of aktief, deur aanpassing, byvoorbeeld leenvertaling (vergelyk **vonkprop**). Maar ongeag die reaksie bly Afrikaans binne die Engelse konseptuele web." Donaldson (1991:14) ondersteun hierdie stelling as volg: "I would even go so far as to suggest that the influence of English has now reached a degree where Afrikaners cannot be completely fluent in Afrikaans without a knowledge of English to a greater or lesser degree; in order to be completely articulate in all fields they need to be able to draw on both national languages, e.g. their repertoire of swearwords." Ten spyte van die aannamefout van Donaldson dat slegs Afrikaners Afrikaans praat, bestaan daar ongetwyfeld 'n noue verbondenheid tussen Afrikaans en Engels.

Ponelis (1992:83) noem verder hoe die ontstaan van nuwe tydverdrywe 'n soeke na geskikte benamings genereer, byvoorbeeld: "**gospel, films, branderry, skaatsplankry, rekenaarprogrammatuur** en **-speletjies, bordspelle...**" Volgens Ponelis beskik al bogenoemde tydverdrywe oor "...pasklaar, raak, beeldende Engelse

loslitterterminologie..." - 'n kwessie wat die gevaar laat ontstaan dat die verantwoordelike Afrikaanssprekende hom eerder sal beroep op Anglisismes as om Afrikaanse neologismes te skep. Wie kan ten einde laas eerbied en trots koester vir 'n moedertaal wat deurspek is met Anglisismes en leenwoorde?

Volgens Combrink (1990:391) word die meeste woorde en woordgroepe wat aan Engels ontleen is, nie deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns erken nie. Hierdie optrede strook volgens hom nie met die graad van grammatiese ingeburgerdheid, met ander woorde die deelname aan sintaktiese, klankmatige en morfologiese patrone van die ontvangstaal, van die betrokke bousel nie.

Daar moet egter eers 'n manier gevind word om te bepaal of 'n woord wel 'n Anglisisme is, of nie. Combrink (1990:366, 367) bepaal op grond van minstens twee stelling maatstawwe wat hy ook as werkbaar bewys, of 'n bepaalde woord as 'n Anglisisme getipeer kan word, of nie.

Stel 1:

- a) Engels besit die korresponderende bousel.
- b) Sewentiende eeuse Nederlands besit nie die korresponderende bousel nie.
- c) Moderne Nederlands besit nie die bousel nie.

Stel 2:

- a) Engels besit die korresponderende bousel.
- b) Sewentiende eeuse Nederlands besit nie die korresponderende bousel nie.
- c) Moderne Nederlands besit wel die bousel, maar vanweë die heersende sosiale omstandighede in die tyd na 1652, het die Kaapse taal dit nie van Nederlands gekry nie, maar van Engels.

Punt c van die tweede stel maatstawwe lewer weereens 'n bewys dat sosiale en maatskaplike faktore aspekte is wat die woordeskat van 'n taal op die een of ander wyse kan beïnvloed (Vergelyk ook Raidt in Botha 1989:100).

Dit het uit bogenoemde bespreking duidelik geword dat Anglisismes verreweg die grootste invloed van al die "-ismes" het, as dit kom by die vorming van nuwe woorde of uitdrukkings in 'n veranderende of ontwikkelende situasie in 'n taal waar daar 'n behoefte aan nuwe benaminge vir nuwe ontwikkelings ontstaan. Dit impliseer dat

daar ook ander "-ismes" bestaan wat 'n invloed op Afrikaans het. Al die "-ismes" word saamgevat onder die term **barbarismes**, wat dui op woorde of uitdrukkings wat **uiterlik inheems** blyk te wees, maar in die vorming of betekenis bots met die taaleie.

Byvoorbeeld: 'n Nuwe mynbestuurder wat in die Brandberg in Namibië aangestel is, het sy werkers **se skroef bra streng aangedraai**. 'n Elektriesiën aldaar sê aan sy medewerkers: "Mnr. ... het ons lekker **afgeswitch**, né!"

Uit Windhoek kom die uitdrukking dat die polisie iemand by 'n hoteldeur **uitgejetpropel** het. Sulke uitdrukkings is egter suiwer **barbarismes** wat heeltemal teen die taalgevoel indruis.

Die **"-isme"**-versameling wat Afrikaans beïnvloed, bestaan onder andere uit:

Anglisismes	(Uit Engels)
Germanismes	(Uit Duits)
Gallisismes	(Uit Frans)
Latinismes	(Uit Latyn), ensovoorts.

As daar 'n bepaalde behoefte aan 'n woord of segswyse bestaan, sal die gebruik van 'n gepaste "-isme" die taal verryk; ander weer is in stryd met die taaleie, taalgewoontes en taalgevoel. **Afrikanismes** is woorde uit Afrikaans wat ander tale waarmee dit in aanraking kom, byvoorbeeld swart tale en soms selfs Engels, verryk, byvoorbeeld **stoep, apartheid en braaivleis**.

Johan Spies, 'n gewese joernalis van die Burger, som die effense gevoel wat daar in sekere gevalle steeds teenoor Engels by sommige Afrikaanssprekendes bestaan, soos volg op: "The present of English to South Africa has been a marvellous one; the way they gave it was less nice." As taal op sy eie is Engels 'n aanwinst, maar wanneer die suiwerheid van die moedertaal deur Anglisismes, wat al hoe meer word, bedreig word, beskou taalpuriste Engels as 'n soort dodder wat uit die moedertaal geweerd moet word.

Op elke gebied van die moderne lewe kom die Afrikaanssprekende gedurig met Engels in aanraking. Soms word die Engelse woord eers geleer en dan word 'n Afrikaanse ekwivalent gesoek. Dikwels voorsien die Engelse woord en uitdrukking sodanig in 'n bepaalde behoefte, dat daar nooit 'n Afrikaanse ekwivalent in die plek van die Engelse weergawe ontstaan nie.

Die verskynsel wat hier beskryf is, staan bekend as **ontlening**. Dink hier byvoorbeeld aan die Engels "**speedwobble**", "**airpocket**" en af-"**switch**", asook die uitdrukking "**'n blank strike**" of "**'n blênk slaan**" (nie die verlangde resultate kan behaal nie), wat vrylik deur Afrikaanssprekendes gebruik word. "Blênk" kan byvoorbeeld nie sinvol vervang word met "blank(o)" nie. Hierdie gebruik word veral in die taal van skoliere en studente gevind, alhoewel alle voorbeelde nie slegs uit die wetenskaplike en tegnologiese lewe afgelei is nie.

Dit moet egter duidelik gestel word dat bepaalde gebruike van 'n woord aanvaarbaar is in bepaalde registers en die gepastheid en korrektheid van die woord in hierdie registers bo verdenking is (Vergelyk 2.1 nr. c). Volgens Odendal (1984:273) is **register** die term wat gebruik word om die taalgebruik, waaronder die woordeskat, aan te dui wat spesifiek by 'n bepaalde omstandigheid of situasie pas. Du Plessis (1987:23) verwoord die term **register** weer as die variasie wat omskryf word met verwysing na die gebruik van taal in sosiale situasies. (Vergelyk ook Van Rensburg 1983:18, 19).

Die volgende word dikwels gehoor:

- * "Moenie daar staan en **idle** nie." (Doelloos rondstaan); "Jy is 'n **square** en dan **boicot** jy my in alles; hou aan daarmee, dan sal jy my sien **perform!**"
- * "Om op jou baaisiekel te wees..." (om afskeid te neem en te vertrek).

Volgens 'n artikel van Combrink (1994) in Die Volksblad is **baaisiekel** in plaas van fiets in bogenoemde idioom volksbesit en dus algemeen gangbaar.

- * "Iemand 'n **go gee**" (om iemand suksesvol aan te pak). **Go** kan ook nie vertaal word deur "gaan" of "gang" nie.
- * In die **townships** is die **struggle** van die **civics** op sy ergste." (Politieke jargon).
- * "Dit is vir iemand net 'n **brekfis**" (iets word maklik vermag). Ook **brekfis** kan nie sinvol met "ontbyt" vervang word nie.

Sommige van hierdie voorbeelde word deesdae meer geredelik in enkele woordeboeke opgeneem as erkende standaardtaalvorme, byvoorbeeld **brekfis** in *VAW* (1993).

Volgens Eksteen (1978:127) is daar enkele tradisieryke en gevestigde woorde waar die amp van byvoorbeeld **speaker** in Engeland waarskynlik reeds in die dertiende of veertiende eeu ontstaan het en in die negentiende eeu net so na die Kaapse parlement oorgeplaas is. Hierdie woord het nie 'n algemene gebruiksterrein nie, maar 'n presies afgebakende gebruiksveld wat eng omskryf is wat betekeniswaarde, funksie en algemene gebruik betref, naamlik die amp van **die voorsitter van die Volksraad**.

Ook die benaming "**serjeant-at-arms**" is oorspronklik onveranderd uit Engels oorgeneem vir **die amptenaar van die Huis** wat die opdragte daarvan moet uitvoer. Tans word die Afrikaanse ekwivalent, **ampswag**, as neologisme in die plek van genoemde onveranderde Engelse term gebruik (wat reeds uit die *HAT* verdwyn het).

2.3 Samevatting

In die afgelope bespreking is leksikale uitbreiding en verskraling bespreek aan die hand van **argaismes** en **neologismes**. Die buitetalige werklikheid speel 'n groot rol ten opsigte van leksikale uitbreiding en verskraling. Indien dié verandering weerspieël word in die resente kommersiële woordeboeke, behoort dit lig te kan werp op die heersende sosiale en kulturele waardesisteme van die onderskeie sprekers van die betrokke taal. Of die verandering wel weerspieël word, is 'n kwessie wat in hoofstuk 4 onder die loep geneem word en uit resultate in die bylaes sal blyk.

3

**BETEKENISVERANDERING
(VERRUIMING EN VERSKRALING)**

HOOFSTUK 3

BETEKENISVERANDERING (VERRUIMING EN VERSKRALING)

- 3.1 Inleiding**

- 3.2 Soorte betekenisveranderings**
 - 3.2.1 Spesialisasie van betekenis
 - 3.2.1.1 Ameliorasie
 - 3.2.1.2 Pejorasie
 - 3.2.1.2.1 Rassisme
 - 3.2.1.2.2 Woorde wat aanstoot gee
 - 3.2.1.2.3 Seksistiese terme
 - 3.2.1.3 Eufemismes
 - 3.2.1.3.1 Kommunikatiewe norme
 - 3.2.1.3.2 Woorde met 'n emotiewe etiket
 - 3.2.1.4 Disfemismes
 - 3.2.2 Veralgemenings van betekenis
 - 3.2.2.1 Betekenisverandering wat berus op ooreenkomste: die metafoor
 - 3.2.2.2 Betekenisverandering wat berus op 'n bepaalde soort betrekking: metonimie

- 3.3 SAMEVATTING**

HOOFSTUK 3

BETEKENISVERANDERING (VERRUIMING EN VERSKRALING)

3.1 INLEIDING

Taal is 'n verfynde instrument wat die spreker daarvan in staat stel om die wêreld om hom te leer ken en te orden. Woorde verwys na voorstellings en eienskappe in die buitetalige werklikheid. Geeraerts (1986:188,189) sê in sy bespreking oor **kognitiewe semantiek** dat kognitiewe vaardighede en taalvormingsreëls nie afsonderlik van mekaar beskou word nie, aangesien dit gesamentlik 'n duideliker beeld kan skep van hoe taal semanties begryp en geproduseer kan word. Die taal en sy betekenissisteem word met ander woorde bestudeer binne die ervaringskonteks van die taalgebruiker en die kulturele konteks van die taalgemeenskap. Volgens Carstens (1992:115) organiseer die mens sy kennis met behulp van strukture wat geïdealiseerde kognitiewe modelle of kognitiewe skemata (GKM's) genoem kan word - elke skema is ook 'n gestruktureerde geheel wat bestaan uit vier tipes struktuurgewende beginsels, naamlik:

- * proposisionele struktuur
- * beelskematiese struktuur
- * metaforiese passings
- * metonimiese passings

Daar word dan ook dikwels na woorde met referensiële betekenisse verwys. In gewone alledaagse taalgebruik beskik elke woord oor 'n hele aantal verskillende toepassingsmoontlikhede of gebruiksonderskeidings en boonop word genoemde woorde ook in bepaalde vaste uitdrukkings en gesegdes gebruik. Schoonees verklaar dan ook: "Die taal bestaan uit woorde, dit is klankverbindings waarmee bepaalde dinge uit die buitewêreld of die binnewêreld aangedui word. Maar hulle is geen definisies op hulself nie; hulle is maar klanktekens vir begrippe, etikette op dinge" Schoonees (1958:36).

Volgens Jenkinson (1984:92) word taaltekens as konvensionele tekens beskou, aangesien die oorspronklike keuse van watter betekenisse met watter klankkombinasievorme weergegee moet word, 'n arbitrêre (willekeurige) keuse van die betrokke spraakgemeenskap was. Hieruit word dus afgelei dat die konvensionele en normatiewe aard van taaltekens, wat deur die betrokke spraakgemeenskap aanvaar is,

noodwendig dui op kollektiewe sosiale instemming wat 'n kultuurskeppende handeling is. (Vergelyk in dié verband 1.3). Historiese kontinuering van dié konvensie is dus die logiese gevolg, maar nie 'n waarborg vir konstantheid nie. Betekenisverandering is 'n direkte gevolg van die etimologie (met ander woorde die oorsprong en ontwikkeling in vorm en betekenis) van woorde.

'n Woord kan boonop op verskillende tydstippe verskillende betekenis of gebruiksmoontlikhede hê. Die draagwydte en betekenisinhoud van 'n woord kan op 'n spesifieke tydstip alleen deur deurlopende en nougesette navorsing vasgestel word. In die voorafgaande kortlikse besprekings van registerverandering is reeds gewys op die stilistiese waarde - ('n **kors op 'n wond** is neutraler as bv. 'n **roof op 'n wond**, aangesien eersgenoemde formeler is ... of deftiger?)

Sodra daar 'n behoefte ontstaan om nuwe idees, produkte of 'n nuwe handelswyse aan te dui, sorg die taalskeppende vermoë van sprekers vir nuwe benamings. (Vergelyk ook Boshoff 1964:16, 19 en 52). Soms word neologismes geskep, maar gewoonlik kry ou woorde 'n nuwe betekenis.

Nuwe industrieë is meestal deur vreemde bemiddeling in Suid-Afrika gesetel, sodat daar nouliks 'n kans was om 'n eie terminologie in verband daarmee op of uit te bou. Vroeër het enkele verouderde woorde uit die voor-industriële tyd in Suid-Afrika 'n "tweede asem" gekry deurdat hulle in 'n nuwe konteks vergestalt is. Nuwe ontwikkelinge op die gebied van die spoorweë is benoem deur ouer "plaasterme", byvoorbeeld **hokspoor** en **skilpadjie** (derailment iron), asook **bobbejaanboud** en **skutloods** (excess depot).

'n Interessante verskynsel wat voorkom, is dat sommige woorde en uitdrukkinge uit die vak- en tegniese taal wat die Afrikaner wel van die vroeëre plaaslewe af ken, by 'n nuwer bedryf aangepas word, meestal op grond van enkele (semantiese) ooreenkomste. Vroeër is daar slegs gepraat van 'n **skaap wat weggooi** as 'n ooi haar lam los. In die latere delwersbestaan ontstaan 'n **masjien wat weggooi** ook in die volksmond (Coetzee 1952:10).

Twee voorbeelde waar daar 'n oordrag plaasgevind het van die oue na die nuwe, is die ossewaterm, **langwa** wat vandag nog soms in verband gebring word met 'n motor en die uitdrukking **die horingbek byt** wat gebruik word as daar oor die telefoon gekommunikeer word.

Webb (1992:16) noem woorde soos:

- * **veldmaarskalk** wat vroeër perdekneg beteken het.
- * **geweer** wat gedui het op enige wapen waarmee jy jouself kon verdedig.
- * **aia** wat van Portugese herkoms was en waar die Afrikaanse woord vandaan gekry is wat verpleegster of goewernante beteken het.
- * **pen** het oorspronklik verwys na die slagveer van voëls, maar na taalontwikkeling plaasgevind het, het dit verwys na die staalpen waarmee daaglik geskryf word.

In laasgenoemde geval is dieselfde benaming dus op 'n nuwe voorwerp toegepas. Die proses waarna verwys word, staan bekend as **taalontwikkeling**; dit impliseer dat solank as wat 'n taalgemeenskap voortbestaan en vooruit gaan, sy taal sal ontwikkel.

In Boekewêreld (18.5.1994:1), die bylae wat in Nasionale koerante verskyn, noem Danie van Niekerk in sy bespreking rondom die woordeboek die feit dat die Amerikaners as gevolg van "political correctness" in veral "progressiewe kringe" heelwat woorde het wat nie meer algemeen aanvaarbaar is nie, byvoorbeeld: **birth defect, crazy, stepchild** en **dark continent**. In dieselfde artikel verwys prof. Steven Pinker van die Massachusetts Institute of Technology na die opeenvolgende verwarrende vervanging van enkele woorde in die New York Times as gevolg van "political correctness".

Voorbeelde sluit in:

Negro - black - Afro-American

Spanish American - Hispanic - Latino

slum - ghetto - inner city - terug na "slum" in L.A. Times

deaf people - individuals who cannot hear

water closet - toilet - bathroom - rest room - lavatory. (*Boekewêreld* 18.5.1994:1)

Van ander woorde waar daar van betekenisverandering sprake is kan weer gesê word dat dit 'n **ekspressiewe betekenis** het, dit wil sê dat dit 'n emosionele lading bevat wat van verskillende aard kan wees en kan verander. Emosionele ladings wat in woorde teenwoordig is, kan toegeskryf word aan 'n bepaalde houding of ingesteldheid van die taalgebruiker. Deprez (1982:135 en verder) sit die term **houding** as volg uiteen:

1. gedagtes en oortuigings (Eng. "beliefs") = kognitiewe komponent

2. gevoelens = die affektiewe/evaluatiewe komponent
3. reaksie-eiensigs = die konatiewe komponent

Die begrip **stereotipering** sluit hierby aan. Stereotipering beteken om persone se gedrag en persoonlikhede te interpreteer in terme van 'n reeks algemene eienskappe wat aan die groep, waartoe die persoon behoort, toegeskryf word. Sodanige eienskappe kan nasionaal, etnies, godsdienstig, sosiaal of professioneel wees en kan gemotiveer wees deur die belange van die waarnemer wat polities, sosiaal, ekonomies of sielkundig kan wees. 'n Interpretasie van 'n persoon se gedrag en persoonlikheid sal onder andere neerslag vind in die woordeskat wat hy besig, aangesien emosionele ladinge (houdings) wat in woorde teenwoordig is as gevolg van bepaalde ingesteldhede van die taalgebruiker, varieer.

3.2 SOORTE BETEKENISVERANDERINGE

3.2.1 SPESIALISASIE VAN BETEKENIS

3.2.1.1 AMELIORASIE

Ameliorasie is 'n betekenisverandering wat hom voltrek van ongunstig (of minstens neutraal) tot goed.

Sukses beteken oorspronklik "loop of voortgang van 'n saak", of "die wyse waarop dit met 'n persoon of saak gaan", of "uitslag, uitkoms of afloop. Tans beteken dit "goeie afloop, uitkoms of uitslag, welslae of byval".

Engelse voorbeelde waar woorde van 'n ongunstige na 'n gunstige betekenis verander het, sluit in 'n woord soos **terrific**. Die ameliorasie van **ambitious** en **aggressive** kan volgens Hughes (1988:12) toegeskryf word aan 'n veranderde **houding** ten opsigte van diegene wat vooruitgang of sukses op 'n kompetisiebasis nastreef. (Vergelyk 3.1 ten opsigte van die begrip, houding.)

Die oorspronklike betekenis van **luukse** was "wellust" of wulpsheid. Die hedendaagse betekenis "groot gemak" (deftigheid) ontwikkel in die negentiende eeu. Die ontwikkeling van 'n ongunstige waarde tot 'n gunstige waarde is dikwels die resultaat van veranderinge in sosiale en kulturele opvattinge. (Vergelyk byvoorbeeld die woorde **luukse** en **demokrasie**.)

Tradisioneel is die vrou beskou as moeder en huweliksmaat. Ten opsigte van veranderde opvattinge met betrekking tot seksismes in 'n veranderde hedendaagse werklikheid, moes grootskaalse regstellings op taalg gebied plaasvind. Die vrou was vroeër relatief onsigbaar in onder andere terminologie wat met die hedendaagse beroepswêreld te make het, byvoorbeeld: **brandweerman, bestuurder, ambagsman, mannekrag, mangat, beman**, ensovoorts. (Vergelyk in dié verband die interessante verhandeling van Beylefeld 1992.)

"Taal is 'n maatskaplike verskynsel...", 'n bindmiddel wat die lede van 'n sosiale groep bymekaar hou en ten diepste beïnvloed (Odendal 1973:13). Na aanleiding hiervan kan verwys word na geslagsneutrale taal in hedendaagse advertensies wat as gevolg van die houding van die maatskappy ten opsigte van seksisme tot die toevoeging manlik en vroulik (m/v) lei, byvoorbeeld:

- * Ons soek in die eerste plaas 'n **medewerker** (m/v) wat in staat is om berigte te skryf.
- * Die **bode** (m/v) vervoer die posstukke op die kampus.

Hier kan ook genoem word dat die manlike persoonsnaam tans meestal deur geslagsneutrale woorde vervang word, byvoorbeeld: **medewerkers** en **verpleegkundiges**. (Interessant genoeg wil **maatskaplike werksters** eerder as die geslagsneutrale **maatskaplike werkers** bekend staan.)

In die neëntiende eeu en vroeg in die twintigste eeu was dit 'n algemene verskynsel dat babadogters met mansname "geseën" is, byvoorbeeld die dogters, Johannes en Jakobus in die TV-reeks, Manakwalanders (TV 1). Na die vyftigerjare het die definitiewe skeiding tussen mans- en vrouename al hoe duideliker geword.

Aangesien die idiomeskat van 'n taal allerweë beskou word as 'n weerspieëling van die waardes en norme van 'n bepaalde taalgemeenskap, is dit voor die hand liggend dat hierdie sosiolinguistiese materiaal ook die relatiewe onsigbaarheid van die vrou in die taal van die verlede sal weerspieël.

Wat die rol van die woordeboek met betrekking tot hierdie relatiewe onsigbaarheid van die vrou ten opsigte van woorde en idioome betref, verklaar die *WAT*-woordvoerders die hantering van seksisme in die woordeboek, as volg: "Manlike, sowel as vroulike terme, gaan ook albei afsonderlik opgeneem en verklaar word..." (*Die Volksblad*, 14 Augustus 1992). In die *WAT* se beleid vir die hantering van beledigende en sensitiewe

leksikale items, verklaar hulle dat seksismes (en rassismes) verwys na eienskappe wat nie ophefbaar is nie; die *WAT* onderneem om slegs die nodigste inligting vir die toereikende dekodering van sodanige leksikale items in die gedrukte *WAT* te gee, maar die items omvattend tot elektroniese manuskrip te verwerk.

Woordeboeke behoort dus die sosiale norme van 'n gelykwaardige sosiale identiteit, wat in die samelewing van krag is, (gelykberegting van geslagte) te reflekteer. Woordeboeke behoort verder doelbewus te streef om seksistiese opnames van die verlede te vervang met inklusiewe hedendaagse voorbeelde om die maatskaplike veranderinge wat in taal plaasgevind het en wat gelei het tot 'n betekenisverandering van negatief tot positief of neutraal, aan te toon.

3.2.1.2 PEJORASIE

Degenerasie of pejorasie dui op 'n betekenisverandering wat, op psigolinguistiese basis, voltrek word van goed (of minstens neutraal) tot sleg, byvoorbeeld:

- klerk:** hierdie woord verwys oorspronklik na 'n geleerde man. Huidig beteken dit in Nederlands, "bediende belast met skryfwerk" (Van Sterkenburg 1989:124).
- triviaal:** die byvoeglike naamwoord **triviaal** beteken in ouer fases van Nederlands byvoorbeeld "tot het trivium behorend". Tans dui die betekenis op "gewoon, alledaags, platvloers".
- holocaust:** dit beteken in die dertiende eeu die "geheel van een religieuse brandoffer". Na die Tweede Wêreldoorlog word die betekenis gewysig na die "algemene slagting of vernietiging van mense", veral van die Jode in Europa deur die Nazi's.
- vulgair - vulgêr:** hierdie woord het in die veertiende eeu die betekenis van "algemeen". Vanaf die vyftiende eeu is die betekenis opgeteken as "lokale uitdrukking", terwyl die moderne betekenis, naamlik "onbeskaafd, laag, plat" in die sewentiende eeu ontstaan het.

'n Vorm van **degenerasie** ontstaan ook wanneer 'n positiewe woord in 'n bepaalde kring 'n negatiewe waarde verkry. 'n Voorbeeld is die woord **patriargaal** wat nie

alleen 'n negatiewe waarde in die hedendaagse omgang kry nie, maar soms ook oor dieselfde kam geskeer word as die begrip **seksisties**.

Tot **degenerasie van betekenis** kan 'n mens ook die betekenisverandering reken wat verflouing, verswakking of semantiese elastisiteit verraai.

Hier word gedink aan die woord **vriend** wat oorspronklik "vryer" beteken het. Ook **bakkies**, iemand se gesig, die voorkant van sy hoof, het vroeër aan 'n hoë styl behoort. Tans dui dit slegs op 'n plat, vulgêre of negatiewe betekenis.

Dieselfde verswakking van betekenis word opgemerk by byvoorbeeld **ramp** wat 'n degenerasie van betekenis het van **onheil** of 'n groot ongeluk tot 'n huislike ongeval. 'n Hedendaagse toepassing is: "Dit sal geen **ramp** wees as ek nie die betrekking kry nie."

Woorde soos **krisis**, **bloedbad**, **aristokrasie**, **propaganda**, en **gewelddaad** word gekenmerk deur dieselfde procédé.

Tot hierdie bespreking kan ook woorde gereken word wat 'n bepaalde **status** of **sosiale rang** aandui en wat hul betekenis in gunstige of ongunstige sin verander na aanleiding van die gedrag, die (egte of vermeende) kwaliteite van die besitters van die status. Origens is hier ook sprake van veralgemening van betekenis, byvoorbeeld:

vilein: die woord is 'n afleiding van die Latynse **villa** wat 'hoewe' beteken - 'n landelike herehuis of voorstedelike pronkwoning met ruim tuingrond. Die oorspronklike betekenis is "**dorper**" - **dorpeling**, 'n nie-adellike persoon. Reeds in die Middeleeue ontwikkel die woord 'n betekenis van onbeskaafde of ruwe mens, iemand sonder opvoeding en maniere; daarmee saam 'n gemene kêrel, iemand met 'n lae karakter, eerloos en 'n skurk. Ook die betekenis van 'n misdadiger kom al in die Middeleeue voor. Tans bestaan die woord glad nie meer in Afrikaans nie en in Nederlands is die woord verouderd. Die woord kom egter steeds in Engels voor.

Verskillende waardeoordele reflekteer 'n aanvaarbaarheid of verwerping in 'n gemeenskap wat dan noodwendig lei tot taalverskynsels soos ameliorasie of degenerasie. 'n Interessante stelling in verband met hierdie twee verskynsels word gemaak deur Barber (1964:251) in Hughes (1988:13): "Human nature being what it is, deterioration is commoner than amelioration: we are only too prone to believe the worst of anybody, and this is reflected in the way our words change."

Sommige woorde staan bekend as **gestigmatiseerde woorde** waaraan daar meestal 'n negatiewe waarde geheg word. Hulle sluit in woorde wat aanstoot gee, rassistiese woorde en seksistiese terme wat kan kwets of beledig.

3.2.1.2.1 RASSISME

Onder hierdie afdeling kan verwys word na die **ideologie van konserwatisme** met die gevolglike negatiewe of ongunstige woordbetekenis wat daarmee saamgaan. Dit impliseer dat sommige taalgebruikers steeds ou aanspreekvorme (soos hulle as kinders geleer het) in die heersende veranderde maatskaplike omstandighede gebruik, wat kan kwets en beledig. Sommige aanspreekvorme is eers as neutrale aanspreekvorme beskou, maar het 'n negatiewe emotiewe verandering ondergaan, met ander woorde 'n pejoratiewe betekenisonderskeiding ontvang. Vandaar die etiket in 'n woordeboek soos *HAT* (1994:478) by die woord **Kaffer**: "...vroëer veelal 'n neutrale benaming, maar tans sterk neerhalend of as skeldnaam ervaar, **en dus te vermy...**" (my klem - let op die preskriptiewe funksie van die beklemtoonde gedeelte.)

Voorbeelde van woorde met 'n negatiewe of ongunstige betekenis, sluit in:

baster	
donkergroenes	(vir nie-Blankes)
geelbek	(Kaapse Kleurling)
hanskaffer	(na aanleiding van hanskakie)
kafferblits	(slegte, goedkoop drank - vgl boerblits in <i>HAT</i> (1994:98) wat ook as goedkoop, minderwaardige drank getipeer word.)
kafferboetie	
kaffersleg	
klipkop	(Bantoe)
meideloon	
meidepraatjies	
ousie, outa en meid	(Odendal(1994) verwys na dié aanspreekvorme as verouderd en beledigend)
witkaffer	

Volgens Odendal is **kaffersleg**, **meideloon**, **medepraatjies** en **kafferblits** de vier terme verwyder uit *HAT*(1994) - dié terme wat nie verwyder is nie maar as negatief beskou kan word, is voorsien van **etikette**. Die werkswyse van die *HAT* (kyk in *HAT* (1994) voorwoord) is dus om alle woorde wat nie vrylik gebruik kan word nie omdat

dit nie neutraal is nie, te **etiketteer**. Enkele etikette wat voorkom by woorde met 'n negatiewe waarde, sluit in **onfyn, plat en kragwoord**.

Woorde met 'n negatiewe gevoelswaarde wat deur verskillende beoefenaars van Afrikaans verskillend geïnterpreteer kan word as vloek, skel, verwensing of spot en waarteen in die huidige politieke klimaat gewaak word, sluit onder andere woorde in soos: **Boer, Kaffer, Kleurling, Bruinman, Naturel, Bantoe, Swarte, Baster, Hotnot, Koelie, Jood en Indiaan**.

Tog verskyn woorde en samestelling met bogenoemde woorde steeds in *HAT* (1994), maar vergesel van 'n etiket. Woorde soos **kafferbier** en **kafferboom** is egter vervang deur die woorde **sorghum** en **koraalboom**. Etniese benaminge wat dus oorspronklik neutrale terme was, het as gevolg van politieke en rasgebaseerde omstandighede gestigmatiseer geraak, byvoorbeeld: **baasskap, apartheid, tuisland**, ensovoorts.

Die woord **kaffer** en samestellings met dié woord kom glad nie in *VAW* (1993) voor nie en daar word geensins in die gids vir die gebruiker vermeld dat woorde wat aanstoot kan gee, uit die woordeboek gelaat is nie.

Die *WAT* beskou (in sy beleid) rassismes as woorde wat verwys na onophefbare eienskappe van bepaalde persone/groepe - slegs die nodigste inligting (vir toereikende dekodering) kom dus voor in gedrukte formaat, terwyl dié leksikale item uitvoerig verwerk word tot elektroniese manuskrip, wat dan op aanvraag aan bona fide-gebruikers beskikbaar gestel word.

3.2.1.2.2 WOORDE WAT AANSTOOT GEE

Voorbeelde uit die algemene omgangstaal wat volgens my waarneming soms nog pejoratief van aard kan wees, sluit in:

Broederbonder
 Calvinis
 domkop
 Dopper
 Gatjieponner
 kommies
 kromneus/haakneus (Jood)
 moffie
 perdedokter (negatief vir veearts)
 pienkes
 rooies

sissie
 slagpat
 snuiter/bog (in plaas van die neutrale term, kind)
 swaap
 vloeksteen

Daar bestaan tans 'n tendens in die westerse samelewing om gewraakte negatiewe betekenis uit woordeboeke en skoolhandboeke te weer.

In die alledaagse omgangstaal bestaan talle samestellings met **Kleurling** waarvan die meeste pejoratief of negatief van aard is. Volgens Esterhuyse (1986:38) dui dit op "...n Afrikanersentriese reifikasie en manipulasie van 'n werklikheid..." Daarenteen bestaan daar vele inskrywings onder die woord **boer**, waarvan slegs **boers** en **boeragtig** as pejoratief beskou kan word, terwyl enkele saakname soos **boerekos** en **boerbok** neutrale terme is. (Vergelyk *VAW* (1993:92/3) en *HAT* (1994:98/9) in dié verband.)

Die woord **boer** word ook in 'n ander sin as ongunstige of negatiewe term beskou, naamlik waar dit as 'n benaming vir die Afrikaner of vir 'n blanke polisieman gebruik word. Die gebruiker en skepper van laasgenoemde toepassing van die term is die nie-blanke, maar interessant genoeg word dit in uitsonderlike gevalle ook deur Engelssprekende blankes gebruik. Hierdie term se gebruiksfrekwensie is baie hoog, maar die term met die betekenisonderskeiding, blanke polisieman, is steeds nie in *HAT* (1994) opgeneem nie.

Die voortdurende subtiele ideologiese begripsversteuringe wat in die gemeenskap van Suid-Afrika se lewensbeskouing en gevolglik ook woordeskat plaasvind, lei tot 'n voortdurende herdefiniëring van politieke terme en begrippe met 'n ras-gebaseerde ondertoon. Afhangende van die lewensbeskouing van die skrywer of die spreker en die leser of die hoorder, kan woorde met 'n ekspressiewe betekenis of emosionele lading 'n wisselende waardeoordeel by die onderskeie persone aktiveer, hetsy ongunstig, neutraal of positief.

Hotnot kan byvoorbeeld as **negatief** en 'n skeldnaam ervaar word wat in samestellings onbeskaafdheid en minderwaardigheid reflekteer. Samestellings met **-hotnot** kan egter ook as **neutrale** saakname beskou word, byvoorbeeld: **hotnotsboontjie**, **hotnotsbrood**, **hotnotsvy**, **hotnotsriem**, **hotnotskougoed**, **hotnotsbroodboom**, **hotnotstee**, **hotnotskooigoed**, ensovoorts.

Die woord **Hotnot** kom wel in *HAT* (1994:396) voor met 'n etiket wat vermeld dat die woord as beledigend ervaar kan word en dus te vermy is. Samestellings met **-hotnot** kom ook in *HAT* (1994:396) voor en word sonder etiket as neutrale saaknaam aangebied. In *VAW* (1993:277) skitter die woord in bogenoemde betekenisverband in sy afwesigheid. Na **hotnot** word verwys as 'n soort seevis, terwyl 'n **hotnotjie** 'n vinger- of polsbeentjie is. Van samestellings met die woord is daar ook nie sprake nie, terwyl 'n woord soos hottentotsgot se variant, **hotnotsgot**, ook nie aangedui word nie. Kan die totale negering van woorde in woordeboeke wat daagliks deur 'n deel van die taalgebruikers gebruik word, beskou word as 'n spieëlbeeld van die aktiewe woordeskat? Veral aangesien die neutrale saakname in samestellingformaat ook weggelaat word asof dit glad nie bestaan nie.

In die *AWS* (1991) kom die woord **honot** met sy neutrale variante, **hotnotsgot** (**hottentotsgot**) en **hotnotsriël** ook glad nie voor nie, terwyl hierdie drie voorbeelde wel in *AWS* (1988:148) voorgekom het. Indien samestellers in die huidige sensitiewe maatskaplike bestel té konserwatief in woordeboeke met emotiewe woorde gaan omgaan, sal selfs insekte, visse en plante (met name met samestellings van genoemde woorde) se bestaan geïgnoreer word, wat nie 'n weerspieëling van die werklikheid is nie.

As iets 'n **politieke kwessie** word, is die kans baie goed dat 'n eens neutrale of positiewe woord 'n negatiewe bybetekenis kry. Dit is bv. die geval met die woord **ras** wat oorspronklik geheel en al 'n neutrale term was, maar in sy betekenis beïnvloed word deur samestellings soos **rassehaat**; **rasse-diskriminasie**, **rassegrondslag**, **rassevooroordeel**, **rassevraagstuk**, ensovoorts.

Eens heel onskuldige samestellings wat betrekking het op plante, diere en instrumente word deesdae in die huidige politieke klimaat met agterdog bejeën, byvoorbeeld **kafferkoring**, **hotnotsvis**, **kafferbessiebos**, **kafferboom**, **kafferdoringboom**, **kaffer-manna**, **kafferwaatlemoen**, **hotnotsvy**, **hotnotsriem**, ensovoorts.

Vergelyk ook byvoorbeeld die onlangse debakel-rondom die pleknaamsverandering van **Kafferrivier** ("Stop van myne"; *Die Volksblad* - Johan van Wyk) kort voor die 1994-verkiesing. Negatiewe samestellings met **kaffer** en **hotnot** het heel moontlik bygedra tot die vooroordeel rondom die meer neutrale voorbeelde. Negatiewe (pejoratiewe) samestellings sluit die volgende voorbeelde in: **kaffersleg**, **kafferblits**, **Kafferboetie**, **meideloon**, **meidepraatjies**, **kafferbrak/-hond**, **kaffergevaar**, **kafferinval** en

kafferstrooptog. Bogenoemde voorbeeld met sy onderskeie samestellings kom glad nie in die nuutste woordeboekuitgawe van *VAW* (1993) voor nie.

Van 'n ander orde is die maatskaplike strewe in 'n westerse samelewing om gewraakte negatiewe betekenis van woorde soos byvoorbeeld **Jap, Jood, Kaffer, meid, moffie**, en dies meer uit woordeboeke en skoolboeke te weer. Schoonees verklaar in 1958 reeds in dié verband die volgende: "In my jong dae was **outa** en **aia** eerbiedige aanspreekvorme, maar die maatskaplike patroon het intussen so verander dat sulke woorde opsetlik geweer word uit skoolwoordeboeke wat ook vir Kleurlinge bedoel is. Net soos die **barbier** op 'n goeie dag 'n **coiffeur** geword het en die kleremaker 'n **tailleur** of **tailor**, so het ons **meid** 'n **servant** of **bediende** geword. In sulke gevalle tree die innige verband tussen taal en maatskappy duidelik aan die dag" Schoonees (1958:16).

In meer resente naamgewinge het **bediende** intussen 'n **huishulp** geword en **tuinjong** 'n **tuinhulp**.

3.2.1.2.3 SEKSISTIESE TERME

Feministiese strominge ken aan **broederskap** 'n nie-neutrale betekenis toe. Daardeur fungeer die woord as 'n **ideologisme**, dit wil sê dit kry 'n woordbetekenis wat nie vir die standaardtaal geld nie, maar gebonde is aan 'n bepaalde groep binne 'n taalgemeenskap en deur buitelanders as sodanig herken word.

Gewysigde maatskaplike opvattinge lei ook daartoe dat die afkorting me ingevoer word en nie alleen ter aanduiding van 'n getroude vrou nie maar vir elke ongehuide vrou of een wat nooit getrou het nie. Volgens Verbiest (1988:53) word die onderskeid tussen mevrou en mejuffrou, wat geen manlike teenhanger het nie, as vernederend ervaar. Tot dusver is die neutrale term **dame** gewoonlik aangewend in 'n situasie waar die huwelikstaat van 'n vrou onbekend is. Hierdie aanspreekvorm word egter nie gekombineer met 'n naam en van nie; hier kom die afkorting **me** handig te pas.

Die emansipasiebeweging gee aan samestellings en idiomatiese uitdrukkings met (-man) 'n diskriminerende konnotasie as reaksie op die tipiese tradisionele "deur mans gedomineerde struktuur" van die maatskappy, byvoorbeeld beman, ensovoorts. So word bevind dat man in die volgende **vaste verbindings** 'n diskriminerende betekeniskenmerk het, byvoorbeeld: **die man in die straat; sy man staan; 'n man van eer; van hom 'n man maak; man vir man was hul span sterker; mans genoeg**

vir hom; ons sal ons verdedig tot die laaste man; met man en muis vergaan; as die nood aan die man kom; op die man af vra, ensovoorts.

Interessant genoeg is in Nederland die omgekeerde proses aan die gebeur by woorde soos **meid (meisie)** en samestellinge daarvan. Die negatiewe (pejoratiewe) betekenis verander daar in 'n positiewe betekenisonderskeiding (ameliorasie) in woorde soos **meidengroep, meidenhuis en meidentelefoon.**

Ten slotte: hoewel daar duidelike veranderende opvattinge waarneembaar is by leksikograwe ten aansien van van die betekenis van sommige van hierdie woorde, word aangevoer dat hierdie woorde vir sommige lede van die gemeenskap die ongunstige bybetekenis steeds behou. 'n Kwetsende, negatiewe betekenis wat 'n woord in 'n samelewing het, kan nie in 'n woordeboek verdoesel of doodgeswyg word nie. Dit sou enersyds kon getuig van onakkurate en omseilende vakmanskap by die samesteller en andersyds van 'n oorskatting van die huidige pedagogiese invloed van die woordeboek - laasgenoemde moontlikheid blyk in dié geval die oorsaak te wees.

Daar kan natuurlik wel besluit word om die aktuele gewysigde betekenis of kulturele opvatting daarvan eksplisiet te vermeld. Om hierdie rede het Odendal in *HAT* (1994) woorde wat nie as neutraal beskou word nie, geëtiketteer. Volgens Odendal (*HAT* 1994) was die opneem en hantering van rassistiese en seksistiese terme wat kwetsend, neerhalend of beledigend was, een van die moeiliker take. Volgens hom geniet die standpunt om sodanige woorde te behou in 'n woordeboek om reg aan die taalwerklikheid te laat geskied, wêreldwye steun. Hy vervolg: "Dit sou die maklike uitweg wees om hierdie woorde uit te laat. Myns insiens sou dit volstruispolitiek wees en 'n deel van die Afrikaanse woordeskat uitlaat en die ontwikkeling van Afrikaanssprekendes op sekere gebiede verdoesel." (*Die Volksblad-bylae*, 18.5.1994 p.11). In die *HAT* (1994) het Odendal wel gepoog om negatiewe woorde tot die minimum te beperk. Sodanige woorde is geëtiketteer as negatiewe gebruik en daar word op pedagogiese gronde voorgestel dat negatiewe woorde eerder vermy moet word.

3.2.1.3 EUFEMISMES

Eufemismes vervang taboewoorde of verwys versagtend na taboesake.

3.2.1.3.1 KOMMUNIKATIEWE NORME

Volgens Gerwel (1988:16) is taal "...'n doodnugtere ding, soos 'n beitel. Jy gebruik hom. Maar jy bou affeksies rondom hom ook op."

Die verskuilde betekenis van woorde dui op die neiging van die taalgebruiker om woorde met onaangename assosiasies of bestaande gewone woorde om te tower in meer aangename woorde of woorde wat 'n statusverhoging insinueer.

In Afrikaans word nogal heelwat substitusies aangetref wat veroorsaak word deur die behoefte om 'n woord wat onaangename gevoelens veroorsaak te vervang deur 'n ander woord wat vry is van die negatiewe assosiasies, byvoorbeeld:

afsonderlike ontwikkeling	i.p.v.	apartheid
chirurg	i.p.v.	snydokter
debiteur	i.p.v.	skuldenaar
gemakshuisie/privaat	i.p.v.	kleinhuisie (en andere)
gesellinklub	i.p.v.	bordeel
groentevakman	i.p.v.	groenteboer
halitose	i.p.v.	slegte asem
gay	i.p.v.	homoseksueel
huishulp	i.p.v.	bediende of huismeid
insident	i.p.v.	onaangename gebeure
interieurversorger	i.p.v.	skoonmaker
klub	i.p.v.	bordeel
klub	i.p.v.	kroeg
kuiertuin	i.p.v.	biertuin
kwaadaardigheid	i.p.v.	gewasse, kanker, ensovoorts
landskapsargitek	i.p.v.	tuinier
masseursalon	i.p.v.	bordeel
minder mooi mense	i.p.v.	lelike mense
nie-aktiewe lede	i.p.v.	werkloses
operasionele gebiede	i.p.v.	oorlogsgebiede
chiropodis	i.p.v.	voetdokter
ploftoestelle	i.p.v.	oorlogsgebiede
ressessie	i.p.v.	depressie
sanitêre ingenieur of	i.p.v.	vullisverwyderaer
anti-besoedelingsbeampte		
segregasie/aparte vryhede	i.p.v.	apartheid
senior burger/bejaardes	i.p.v.	ou man/vrou
sosiaal gedepriveerde lede	i.p.v.	minderbevooregtes
toeristeklas	i.p.v.	tweede klas (in treine, vliegtuie)
tuinhulp	i.p.v.	tuinjong, bediende

(Ploftoestelle en operasionele dui op 'n semantiese versluiering van oorlog.)

Ander woorde met 'n verskuilde betekenis sluit in **sosiaal-onaanvaarbares** en **ruimtelike ordening**.

Betekenisverandering is dikwels ook die resultaat van kommunikatiewe norme. Etiket, hoflikheid of beleefdheid en konsiderasie lei dikwels tot betekenisverandering van voorbeelde soos: **hande was, neus pocier, 'n draai gaan loop, na die w.c., gemakshuisie, kleinshuisie, privaat toe gaan of toilet toe gaan**. Vergelyk die gebruik by klein kinders in die skool om byvoorbeeld **die kamer te verlaat**. Om onaangename situasies te vermy word woorde verkort en word verkleinwoorde, verdubbelinge van lettergrepe, klankverbasteringe en akronieme of reduplisering gebruik, byvoorbeeld **akkies, foefies, gagga, garra, piepie, poefies, tieties en tjoeps**.

Liggaamsfunksies wat eufemisties aangedui word in die alledaagse spreektaal, staan bekend as **skatologiese woorde** (Vergelyk Eksteen 1993:773).

'n Behoefte aan verdoeseling lei tot 'n betekenisverandering soos onder andere **klub, masseursalon, sauna, studio en gesellinklub vir bordeel**.

As 'n spesifieke term te sterk blyk, te lewendig of pynlik voorkom, word uitgewyk na 'n stilisties hoër vlak, byvoorbeeld:

kanker -	kwaadaardige gewas
sifilis -	spaanse pokke
tering -	TB
vigs -	HIV-virus

In plaas van allerlei inheemse eksplisiete name word gepraat van byvoorbeeld **ereksie, kopulasie, orgasme, klimaks en ejakulasie**. ('n Interessante woordvonds is byvoorbeeld die skepping van **sorgasme** in die advertensietaal waar kondome geadverteer word om **veilige seks** te propageer.) Volgens Steyn ontbreek heelwat bekende sekswoorde in die *HAT* (1994) en laat 'n leemte in die woordeboek wat aangespreek behoort te word (Vergelyk *Die Volksblad*, 11.4.1994).

Dit kan nie ontken word dat daar aan onweloweglike woorde onweloweglike assosiasies kleef nie. "Assosiasies behoort eweneens tot die etiese aspek van taalgebruik en 'n belangrike verband tussen die gemeenskap en taal is wat Leech (1974:53) 'affektiewe assosiasies' noem."

Volgens Calitz (1980:9) is hierdie begrip "... 'n besondere tipe aanstootlikheid" wat met groepe te make het. Woorde wat opvallend in assosiatiewe betekenis verskil, is woorde wat na sosiale groeperings en politieke bewegings verwys.

In die reklamebedryf, die ekonomie, die bedryfslewe en ander sosiale terreine word dikwels van Engels gebruik gemaak, eerder as van Afrikaans, want dit klink klaarblyklik interessanter, meer internasionaal en dus meer aanvaarbaar.

MEDELYE

Medelye vir die slagoffer verander die betekenis van:

met vervroegde pensioen gaan	in rasionaliseer
afskied neem	in ontslaan
ou mense	in senior burgers/bejaardes

Bogenoemde taalverskynsels kan ook genoem word **sosiaal verrykte eufemismes**.

WAARDERING

Waardering weer kan lei tot betekenisverandering wat berus op skerts, byvoorbeeld **wyfie** vir vrou. Vergelyk ook voorbeelde soos **Dier(tjie)**, **Engel(tjie)**, **Gogga**, **Liefie**, **Skattie**, **Dingetjie** en **Koekie**.

Betekenisverandering is egter nie so eenvoudig te verklaar soos in *Alice in Wonderland* waar **Humpty Dumpty** (of in die vertaling **Hompie Kedompie**) aan elke woord op elke moment 'n gewenste betekenis kan gee nie. Betekenisverandering word voltrek as 'n voortslepende "siekte". Geleidelik ontwikkel 'n nuwe betekenis, wat hom voeg by die reeds bestaande; soms vind die ontwikkeling van die nuwe plaas ten koste van die oue. Soms veroorsaak die betekenis afslyting van die fonetiese vorm soos in:

goodbye	God be with you
voertsek	voort zeg ik

Eufemismes kan beskou word as 'n "kwaal" van ons tyd - die resultaat van die huidige verfynde beskawing. Eufemismes of meer beleefde woorde vervang dikwels emosioneel gelade negatiewe begrippe, veral in die meer formele konteks. Nuwe begrippe loop egter die risiko om, soos hulle voorgangers, ook deur assosiasie "besmet" te word en 'n negatiewe konnotasie daaraan gekoppel te kry, wat dan weer eens lei tot 'n herhaling van die proses van nuwe woordvorming.

3.2.1.3.2 WOORDE MET 'N EMOTIEWE ETIKET

Vyandigheid, aggressie, rassisme, die behoefte om te verneder, gekontroleerde of ongekontroleerde emosies lewer eweneens dikwels nuwe name op.

'n **Ekstreme affeksie** wat dus gepaard gaan met onbehoorlike, ongepaste en normoorskrydende gedrag bring betekenisveranderinge te voorskyn in benaminge soos: **peperkorrels, korthariges, plurale, groenes/donkergroenes, swartgat**, ensovoorts vir **nie-Blankes**.

Woorde met 'n emotiewe etiket dui op onder andere **taboewoorde**, waaronder **skeldwoorde, vloekwoorde en platwoorde** ressorteer. Aucamp verklaar ten opsigte van taboewoorde in die bylae van *Die Volksblad* (19.4.1995): "Ons is so gekondisioneer deur uiterlike en innerlike faktore, party ook polities van aard, dat ons sekere woorde bewustelik en, erger nog, onbewustelik, taboe verklaar."

Skeldwoorde, skimpe of skerts

Skeldwoorde kom op 'n veelheid terreine voor, waaronder seks, geslag, beroepe, ras, ensovoorts, byvoorbeeld:

Blikoor (Vrystater)
 blikskater/blikskottel
 botterbulletjie/bakvissie
 donker gepigmenteerde
 groene/donkergroene
 houtkop
 kafferboetie
 moffie
 niksnuts
 pennelekker
 Piesangler (Nataller)
 pluraal
 sissie
 swartnerf
 taalindoena
 tronkvoël
 vrotvel
 Woltoon (Kaaplander)

Dierenname kan ook as skeldwoord gebruik word, byvoorbeeld: **brak, hond, vark, esel**, ensovoorts.

Spottende sinonieme vir die woord "**Kaffer**" kom in die *WAT* (V:128) voor, naamlik: "**klipkop, pikkop, peervoël, houtskouer.**"

Vloekwoorde en swetse

Die sosiale agtergrond van 'n bepaalde taalgebruiker het 'n direkte invloed op die frekwensie van gebruik van vloekwoorde en swetse en die siening omtrent sodanige woordgebruik deur die taalgebruiker.

In *HAT* (1994) word sodanige woorde geëtiketteer as **onfyn** (wat eintlik graderingsgewys nader is aan platwoorde en terme). Die etiket, **vloekwoord**, skitter in *HAT* (1994) in sy afwesigheid en sou heelwat verwarring kon opklaar vir woordeboekgebruikers. In *VAW* (1993) verskyn die etiket, **kragwoord** by die vierde betekenisonderskeiding van die woord, **bliksem**, en word op dié wyse ook ten opsigte van ander vloekwoorde aangedui.

Talle vloekwoorde en swetse word eufemisties verdraai om die kruheid van die woorde te verminder, byvoorbeeld:

bliksem	word	blikskottel
		bliksementemmer
		blikemmer
		blikskater, ensovoorts.

Klanksubstitusie vind ook soms sistematies plaas ten opsigte van vloekwoorde en swetse, byvoorbeeld:

God	-	gotta	-	Gods
gat	-	gatta	-	gats
bloody (Christ)	-	bleddie	-	blerrie

Die woord **gotta** word in *VAW* (1993) geëtiketteer as 'n baster vloekwoord vir God wat **eufemisties** aangewend word.

Ten opsigte van vloekwoorde en swetse bestaan dus 'n leemte in Afrikaanse handwoordeboeke ten opsigte van duidelike aanduiding in etiketformaat (wat moontlik deels 'n preskriptiewe funksie ten opsigte van die woordeboekgebruiker kan vervul).

Platwoorde en -terme

Die *HAT* gebruik **plat** as etiket met betrekking tot taboewoorde en word soos volg gedefinieer in *HAT* (1994): "Woord, gewoonlik verwysend na die natuurlike menslike funksies of na seks of die geslagsdele, wat nie in geselskap gebruik word nie en krasser is as "onfyn", byvoorbeeld **gat** (van 'n mens), **hol**, **asgat**, **doos** (vroulike geslagsdele), **stront**, **kak**."

'n Verdere etiket, **onfyn**, kom ook in *HAT* (1994) voor en word soos volg verwoord: "Woord wat nie plat is nie, of nie noodwendig ernstig aanstoot sal gee nie, maar tog liefs nie in verfynde of gemengde geselskap gebruik moet word nie; die lyn tussen "onfyn" en "plat" is nie altyd maklik te trek nie, bv. **agterent**, **grootbek**, **kruiswa stoot** (verwagting wees), **(neer)smyt**, **snater**, **bek/vrek** (albei indien van 'n mens gesê)." Uit bogenoemde twee definisies is dit duidelik dat die onderskeid tussen onfyn en plat terme baie subtiel is.

Enkele voorbeelde van platwoorde en -terme sluit in:

gatkant
 gatkruiper
 gatlekker
 gatomooi
 gatvol

Bevindinge in hofsake berus soms gedeeltelik op die definisies en etikette wat in handwoordeboeke (soos die *HAT* en *VAW*) voorkom in byvoorbeeld lastersake. Die erns waarmee die beleid ten opsigte van taboewoorde in handwoordeboeke benader behoort te word, word hierdeur onderstreep; geregtelike uitsprake word soms deur 'n handwoordeboek se beleid ten opsigte van dié kwessie, geraak.

Volgens Du Toit (1989:65) kan plat en ander taboewoorde weens die dinamiek van taal moontlik hul taboewaarde verloor. Sy wys egter daarop dat dit op 'n langsame proses dui. Dit impliseer met ander woorde dat hierdie waardeverskuiwing alleenlik sal plaasvind indien 'n gedeelte van 'n gemeenskap se waardesisteem aangepas word vanweë 'n veranderde samelewing met veranderde waardeoordele.

DISFEMISMES

Mense, gewoontes of objekte waaraan daar dalk 'n effens negatiewe konnotasie toegevoeg kan word, maar wat ook 'n humoristiese kenmerk kan hê, afhangende van hoe daarna gekyk word, ressorteer onder hierdie afdeling. Dit impliseer dat daar met opset aan onder andere **taboe-woorde** 'n humoristiese kenmerk toegeken word, byvoorbeeld:

doodkisspykers	(sigarette - studentetaal)
bakvissie	(vroulik)
botterbulletjie	(manlik)
boekwurm	
televieslaaf	
sekskapades	
fiekvlooi	
metermerrie	
witboordjiemisdrywe	
melkmekaar	(in plaas van Helpmekaar = ekonomiese beweging wat na die Rebelle van 1914 ontstaan het om die rebelle te help met die betaling van eise wat teen hulle ingestel is.)
aartappel	(Die woord is vroeër bloot as 'n groentesoort beskou - 'n betekenisverruiming, eie aan die Engelse slengwoord het in 1895 plaasgevind waar daar skertsend na 'n gat in 'n kous as 'n "aartappel" verwys is.)

Daar bestaan in 'n sekere sin 'n ooreenkoms tussen enkele disfemismes wat eienskappe of gewoontes van mense aandui en skeldwoorde, skimpe en skerts wat onder 3.2.1.3 (Eufemismes) verreken word.

3.2.2 VERALGEMENINGS VAN BETEKENIS

3.2.2.1 Betekenisverandering wat berus op Ooreenkoms: die Metafoor

Volgens Swanepoel (1992b:122/3) is die metafoor: "...een van die boustene van ons taalsosiologika en dit word deur ander kognitiewe meganismes soos assosiasie, metonimie en simbolisering ondersteun om die intellektuele rugstring van ons emosies teenoor 'n taal/variëteit te vorm."

In die volgende bespreking word die metafoor binne die kognitiewe raamwerk geplaas. Vergelyk Lakoff en Johnson (1980:3): "We have found... that metaphor is pervasive in everyday life, not just in language but in thought and action. Our ordinary conceptual

system, in terms of which we both think and act, is fundamentally metaphorical in nature." Die menslike gedagteproses is dus oorheersend metafories van aard.

'n Woord kan heel bewus gebruik word in figuurlike oneintlike betekenis. Aanvanklik sal die ooreenkoms of gelykenis vir elkeen duidelik wees. Geleidelik egter word die oordragtelike betekenis een van die selfstandige betekenis van 'n woord. So berus die betekenis 'op een oog lijkend of daarmee vergeleken opening aan sommige voorwerpen en gereedschappen', 'elk der putjes op dobbel- en dominostenen die de waarde ervan aangeven' en 'uitgevloeiende druppel vet op soep', ensovoorts op die ooreenkoms of gelykenis met die primêre betekenis van oog, die gesigsorgaan (Van Sterkenberg 1989:126). Die genoemde betekenis word ewenwel na verloop tyd nie meer aangevoel as figuurlik nie. Vandaar dat dit in woordeboeke ook as selfstandige betekenis ingeskryf word.

In die volgende bespreking word die aard van die metafoor nie verreken nie. Betekenisverandering wat berus op ooreenkoms word bloot deur middel van voorbeelde aangetoon. Elkeen ken die woord **hiëna** in die betekenis: roofdier met gevlekte of gestreepte huid wat hoofsaaklik van aas lewe. Oordragtelike gebruik van die woord vir persone lei tot die selfstandige betekenis: iemand wat op 'n veragtelike wyse van die nood van iemand anders gebruik probeer maak. Hierdie laaste betekenis word ondubbelsinnig gedemonstreer deur die verbinding 'die hiënas van die slagvelde' wat lyke of swaargewondes op die slagveld beroof.

Daar bestaan 'n neiging in Afrikaans om die name van diersoorte metafories op mense toe te pas waar karakteristieke eienskappe van mens en dier op mekaar van toepassing gemaak kan word. Voorbeelde sluit in: iemand is 'n **aasvoël**, **buffel**, **jakkals**, **wolf**, ensovoorts.

Lewelose objekte verkry ook soms die naam van 'n dier soos in die volgende voorbeeld. **Torpedo** is byvoorbeeld die naam van 'n vis, die sidderrog wat so genoem word na aanleiding van die verlamme uitwerking wat hy deur sy elektriese organe kan uitoefen. Die naam **torpedo** word in die negentiende eeu deur oordrag die naam vir 'n onderwaterbom/wapen wat gebruik word om skepe deur 'n ontploffing tot sink te bring. Aanvanklik was dit 'n soort myn, geankerd of drywend, gesleep of voortgestuur; later verkry dit die gedaante van 'n sigaarvormige projektiel wat op eie krag voortbeweeg en afgevuur word, bo of onder die wateroppervlak, deur bote of deur vliegtuie.

In die vakliteratuur tref ons as voorbeeld van metafore dikwels die selfstandige naamwoord **horing** aan waarvan die oudste betekenis "hard, spits toelopend, meestal gebogen en gepaard uitsteeksel aan die kop van verskillende dieren, vooral als afweermiddel" is. Reeds in Middelnederlands beteken die woord ook al "blaasinstrument aanvankelik gemaak van hoorn". In latere tye word soortgelyke instrumente van ander materiale vervaardig, byvoorbeeld koper en word dit steeds horing genoem - vergelyk die Franse horing. Nog later is die woord ook gebruik vir ander geluidmakende instrumente soos dit byvoorbeeld aangetref word in motors byvoorbeeld die toeter van 'n motor, wat ook op 'n soort blaasinstrument dui.

Die oorspronklike betekenis van **bombas** is byvoorbeeld ruwe katoen wat gebruik word vir die voering en opvul van kledingstukke. Hierdie betekenis doen reeds in die 16de eeu die abstrakte betekenis op wat ons nog ken, naamlik geswolle, hoogdrawende taal of styl of holle klanke.

Esterhuysse (1986:34) verwys na die kwessie rondom die volgende metaforiese gebruik van verwante terme. "Daarom bied die metafoortros rondom **Kleurling (Gam se geslag, Kleurlingprobleem, Kleurlingvolk)** nie **per se** taalgestalte aan werklikhede nie, maar word 'n werklikheid deur die taalgestalte geskep. 'n Metafoor kan dus 'n gids wees tot verdere optrede, wat op sy beurt weer die krag en die geldigheid van die metafoor versterk. In dié sin kan metafore selfvullend word." Ter verduideliking noem Esterhuysse die feit dat metafore in bogenoemde verwysing in sy wydste oordragtelike sin gebruik word. Hy noem ook die feit dat 'n metaforiese mite soms tot "werklikheid" gemaak word deur propaganda en dat verdere optrede dan geregverdig word, wat voorafgegaan word deur die skepping van nuwe metafore om genoemde "werklikheid" verder uit te bou. Volgens hom word die gekleurdes metafories afgesonder ten einde hulle as politieke entiteit te isoleer en te neutraliseer. Verder word die gekleurde as gevolg van 'n sosio-politieke begeerde werklikheid getipeer, gereduseer en veralgemeen tot vrolike, onbesorgde hanswors wat met ander woorde lei tot nuwe metafore soos **Kleurlinggeestigheid, Kleurlingplatheid** en **Kleurlinghumor**. Esterhuysse noem hierdie tendens die "Jollie-Hotnot-stereotipering van gekleurdes".

Esterhuysse sny verder ook die kwessie van die **vals metafoor** aan met voorbeelde wat hierop van toepassing is, soos **Kleurlingdrankprobleem** en **Kleurlingkwessie**. Politieke kundiges sal dan ook volgens hom in staat wees om die valse metafoor om te keer en teen hul skeppers te gebruik met die skep van woorde soos **boeredwelmsmouse, boeregewetenloosheid** en **arbeiderslagoffers** as alternatiewe

werklikheid. Hierdie is dan ook 'n voorbeeld van metafore wat 'n hewige reaksie by die benadeelde groep uitlok - en die sneller daarvoor is leksikale items wat sonder oordenking of inagneming van sosiale gewetens vergestaltung vind in die woordeskat. Volgens Fourie (1983:65) kan die sodanige "vals metafore" as **mites** beskou word - 'n term wat deur hom beskou word as: "...'n sosiaal gekonstrueerde waarheid..." Die waarheidswaarde van sodanige woorde kan dus berus op valse opvattinge of aannames.

Die politieke woordeskat kan met ander woorde as sneller vir veranderinge in sosiale en maatskaplike gesindhede optree. Enige groep se menswaardigheid en selfrespek kan aangetas word deur onoordeelkundig gebruikte terme. Die woord **Kleurling** het bv. nooit werklikheidstatus onder diesulkes gekry nie en die persone wat hieronder ressorteer, noem hulself dan ook die **sogenaamde Kleurlinge**, wat volgens Esterhuyse as 'n saaknaam binne die apartheidsbestel deur die meeste Afrikaners gebruik is. Ander voorbeelde van samestellings eie aan die era van partisiepolitiek sluit in die volgende; **Kleurlingbuurt, Kleurlingbevolking, Kleurlingkwessie, Kleurlingkieser, Kleurlingtipe, Kleurlingwetsontwerp, Kleurling-onderwys** en **Kleurlingras**. Hierdie woorde is met ander woorde gekleur deur affektiewe konnotasies wat polities en rassisties van aard kan wees. Vooroordele en ervaring lei daartoe dat verskillende persone verskillende terme verskillend interpreteer.

Ten opsigte van bogenoemde voorbeelde sê Esterhuyse die volgende: "...almal skeppings wat deur hul opname in *HAT* 'n skyn van amptelikheid en respektabelliteit en werklikheidsgestalte verkry. Dié metafoortros funksioneer so volkome binne die apartheidsparadigma dat gekleurdes hulle as fel omstrede ervaar en slegs in hul amptelik-burokratiese konteks - en onder protes - gebruik" Esterhuyse (1986:37).

Dit is egter nie slegs woorde nie, maar ook uitdrukkinge wat gebruik kan word in figuurlike oneintlike betekenis. Dit dui op die proses van betekenisverandering, meer spesifiek verruiming. Volgens Lakoff en Johnson (1980:6) is die mens se konsepuele sisteem metafories gestruktureerd en gedefinieerd, wat metafore as linguistiese uitdrukkings soos die volgende genereer:

TEGNOLOGIE EN WETENSKAP

Nuwe logaliteitsonderskeidings word geheg aan woorde wat voorheen nie bekend was of algemeen gebruik is nie.

Volgens Lakoff en Johnson (1980:51) word die lewensituasies om ons metafores bespreek aan die hand van alledaagse taalgebruik wat by die situasie pas. Die natuurlike gevolg is dat daar nuwe uitdrukkings en segswyses in die omgangstaal sal ontstaan. Hierdie segswyses wat aan die wetenskap en tegnologie ontleen is, word later deel van die algemene spreekwoordeskat van die Afrikaanse kultuurtaal, sonder om aan die wetenskaplike en tegnologiese begrip vas te hou.

Die yskas as tegnologiese ontwikkeling het eers in hierdie eeu vir Jan Alleman 'n alledaagse gebruiksartikel geword. 'n Uitdrukking eie hieraan, naamlik "**iets op die ys sit**", beteken om iets nie deur te voer nie of tydelik agterweë te hou. Volgens Combrink (*Die Volksblad*, 20.12.1994, p.8) het hierdie uitdrukking die afgelope twee dekades 'n kouer boetie bygekry, naamlik "**iets in die diepvries sit**" wat as hiperbool van eersgenoemde uitdrukking optree en beteken om iets vir eers op die lange baan te skuif. Combrink vervolg verder dat yskas 'n volkswoord is, aangesien die woordeboeke steeds by die woord koelkas vassehaak het. Die woord **ykas** kom egter net in *HAT* (1979),(1994) en *VAW* (1993) voor. Op sportgebied word 'n humeurige speler egter wel "**koelkas toe gestuur**" om tydelik "**af te koel**".

DIE MODERNE WETENSKAP

'n Uitdrukking wat algemeen van aard is, is byvoorbeeld: "**Hy het soos 'n atoombom onder ons ingespring**". Let op die rol wat die vergelyking speel in die totstandkoming van metafore. Volgens Van Jaarsveld (1985:71, 72) het die metafoor sy ontstaan in die verband of ooreenkoms wat opgemerk word tussen sake, 'n verskynsel wat ook voorkom by die vergelyking, waar 'n seem ingedra word in die betekenis van die woorde en dan disjunk toegepas word. Vergelyk ook:

- * "soos 'n vuurpyl verbytrek" (baie vinnig);
- * "soos 'n oorlogstenk deurbars";
- * "soos 'n spoetnik wegspring" (vinnig);

Ander voorbeelde sluit in:

- * "Iemand kan nie met traangas hier verwyder word nie" (baie moeilik);
- * "'n plan/skema word gelanseer";
- * "'n kernaanval op iets loods";
- * "Sy mond lyk soos 'n kragssentrale na sy ortodontiese behandeling";
- * "Daardie kêrel is in 'n wentelbaan om die nooi".

- * "...die seun met die x-straaloë." (na aanleiding van Van Jaarsveld se vermoë om onderaardse water en metale te "sien".);

Die woord **kettingreaksie** word dikwels in segswyses gebruik. *WAT V* toon die volgende gebruike aan, naamlik:

- * "Ek wil alleen enkele van my vrae aan u stel, in die hoop dat hulle... 'n **kettingreaksie** van verdere vrae mag ontketen" Snijman (1968:623/4).
- * "Dan volg onkeerbaar die **kettingreaksie** van trots na hoogmoed, van hoogmoed na minagting en uiteindelik van minagting na haat." (*Die Huisgenoot*)
- * "Die sluiting van 'n enkele myn veroorsaak volgens hom 'n **kettingreaksie** wat op die ou end vir die land 'n verlies beteken." (*Die Burger*)
- * "Oorloë ontstaan gewoonlik wanneer 'n insident 'n **kettingreaksie** van emosies, verpligtings en onvermydelikhede laat ontstaan." (*Die Vaderland*)
- * "Die Britse regering ... het die korrespondensie oor die saak aan Lord Kitchener gestuur wat dit op sy beurt aan waarnemende president Schalk Burger gestuur het; hiermee is 'n **kettingreaksie** aan die gang gesit."
- * "Die huwelikstelsel het tot gevolg dat die hele stamgemeenskap uiteindelik oor en weer in skuldverhouding tot mekaar staan - 'n **kettingreaksie** wat uiteindelik oor en weer in skuldverhouding tot mekaar staan - 'n **kettingreaksie** wat uiteindelik tot by sy beginpunt loop en daarvandaan weer opnuut sy kringloop begin" (Tomlinson verslag - Snijman).

ELEKTRISITEIT

Rondom die **skakelaar** tref ons 'n hele paar segswyses aan: wanneer die woord **ingskakel** gebruik word, assosieer die hedendaagse mens die woord nie meer met 'n ketting nie, maar met 'n stroombaan of 'n radio. Soms het dit al só van die oorspronklike verband verwyderd geraak, dat dit 'n selfstandige betekenis verkry.

Bouman (1972:607) skryf in *WAT* (deel 4): "Ons kuns sal in die toekoms volledig **ingskakel** word in die storme wat van die Europese kragentrum uitstraal". Schoonees (1972:607) gebruik die uitdrukking: "Suid-Afrika is ... vir goed uit sy **betrekklike isolasie** geruk en **ingskakel** in die ekonomiese wêreldmasjien."

Hierby hoort ook **aanskakel** en **afskakel**, byvoorbeeld: "Hy moet eers **aangeskakel** word voordat hy so vroeg in die oggend kan **konsentreer**"; "iemand voel

aangeskakel by ander" (ook aangesluit); "om afgeskakel te voel". Die volgende segswyse is ook algemeen bekend: "Hy is die hoofskakelaar van die hele organisasie".

Verdere uitdrukkinge wat op elektrisiteit betrekking het, is: "'n saak word belig" (alhoewel dit nie altyd noodwendig na elektrisiteit heenwys nie); "'n gehoor elektriseer" (boei); "die atmosfeer van die vergadering was elektries gelaai". Volgens Schoonees praat Sangiro van 'n perd wat soos 'n "geëlektrifiseerde gomlastiekbal oor die veld spaander". Daar is soms wel sprake van "elektrisiteit in die lug", as daar van swaar weer of donderweer gepraat word. Elektrisiteit is egter deel van 'n moderner idioom as wat die "boeretaal" gebruik het.

Die volgende uitdrukking kom algemeen voor: "'n Elektriese skok trek deur die menigte toe hulle die nuus hoor". Volgens Schoonees praat Uys Krige van 'n "drang wat elektries deur sy are ril". Vergelyk ook: "elektrisiteit in die lug tydens 'n debat". "op iemand se knoppie druk"; "persone wat kontak maak"; "'n kortsluiting wat plaasvind" en "iemand as die kragpunt van die onderneming beskou".

RADIO

Die volgende uitdrukkinge ontstaan rondom die radio:

- * "op 'n nuwe frekwensie ingeskakel word" (wissel van die een onderwerp na die ander);
- * "nie op dieselfde golflengte ingeskakel wees nie" (verstaan mekaar nie mooi nie);
- * "op kortgolf ingeskakel wees" ('n vlugtige besprekings hou);
- * "te kere gaan soos 'n radiokomentator tydens 'n voetbalwedstryd" (baie opgewonde raak);
- * "die nuus vir almal uitsaai..." - (oral verkondig) Dit hou verband met die Bybelse uitdrukking: "**Die Saaier saai die Woord.**" Hierdie uitdrukking het later op die radio betrekking en tans word dit weer daaruit geneem en veralgemeen;
- * "iemand wat 'n uitsaaistasie is" (wat die nuus versprei).

TELEFOON

Die telefoon is ook verantwoordelik vir die uitdrukkings: "**om afgesny te voel van die res van die wêreld**" en "**iemand/iets op die hould sit**" (om iemand tydelik te laat wag voordat daar weer aan iemand/iets aandag gegee kan word). Combrink beveel in *Die Volksblad* (20.12.1994) aan dat die Engelse "hold" met "die verafrikaanse "hould" vervang moet word.

DIE VERVOERWESE

Die volgende uitdrukkings ten opsigte van vervoer is in alledaagse konteks aangeteken - sommige kom vryliker in die spreektaal voor as ander:

- * "Elkeen is 'n rat in die groot masjien" ('n onderdeel in 'n groot saak); (dit het nie noodwendig betrekking op 'n motor nie, maar is tog van toepassing op 'n moderne masjien);
- * "Ek is tevrede dat die weermag goed gerat is." (*Bloemnuus*, 16.4.1993)
- * "ekonomiese faktore wat as skokbreker/-demper in hierdie tyd dien";
- * "soos 'n renjaer hier verbyjaag" (vinnig en onverskillig);
- * "iemand is in trurat" (hy gaan agteruit);
- * "in die hoogste (laagste) versnelling wees";
- * "iemand is 'n knaldemper in die planne" (hier is waarskynlik sprake van 'n oorgang vanaf **domper/demper**);
- * "op die lepel lê" (vet gee) word dikwels met die oog op 'n motor gebruik;
- * "van battery verander" ('n ander taktiek volg; aan die gesprek 'n ander wending gee);
- * "hy loop op vyf silinders" (baie ongebalanseerd, nie met volle krag nie);
- * "op iemand se petrol druk" (aanjaag).
- * "Hy staan met sy voete uitgeparkeer";
- * "Ons staan voor 'n stopstraat in die werk";
- * "iets stoomroller" (oorweldig);
- * "dissipline wat darem 'n toegeteken het";
- * "so lastig soos 'n parkeermeter";
- * "in 'n eenrigtingweg beweeg"; ook die segswyse; "in 'n doodloopstraat beland" (alhoewel dit heelwat ouer is);
- * "iemand veroorsaak 'n verkeersknoep" as hy byvoorbeeld nie wil opskuif nie;
- * "voor 'n rooi lig te staan kom" (tot 'n stilstand gedwing word).

Uit die spoorwegtaalkring vind talle woorde en uitdrukkinge hulle plek in die algemene omgangstaal, byvoorbeeld:

- * "iemand op 'n sypoor rangeer" of "oral rond en bont rangeer";
- * "hy is op 'n doodloopspoor".

Daar is heelwat segswyses wat aan die stoomkrag ontleen is, byvoorbeeld:

"Wie kom hier so aangestoom?";
 "sy stoom is op";
 "...stoom afblaas";
 "mense stoom binne".

By laasgenoemde voorbeeld het dalk 'n verskuiwing plaasgevind van "binnestroom", wat met die natuur (waterkrag) verband hou. So kry ons ook die uitdrukking: "**Hy reageer soos 'n blitspatroolie**", wat dalk as 'n ekwivalent vir "**so vinnig soos blits**" beskou kan word.

Vanmelewe het mense na-aan die natuur geleef, terwyl die moderne mens se gedagtegang nie meer so aan die bodem en natuur veranker is nie. Vroeër was die vergelyking, "**hy werk soos 'n by/mier/esel**" baie algemeen. Die ekwivalent in hedendaagse terme, is die vergelyking: "**...hy werk soos 'n outomaat/masjien**".

DIE MEDIESE WETENSKAP

Die volgende **uitdrukkinge** ten opsigte van die mediese wetenskap is in alledaagse konteks aangeteken:

- * "'n Operasie is nodig om 'n saak reg te stel";
- * "iemand sal 'n hartoorplanting moet ondergaan indien hy vir 'n betrokke saak wil kwalifiseer";
- * "sit asof hy onder narkose is" (hierdie woord is self nie nuut nie maar die begrip daarvan wel);
- * iemand se teenwoordigheid kan as 'n "hoofpynpoeier/pyndoder/kalmeerpil dien".
- * Voetbalkommentators praat dikwels van "...die **pil** wat agter die pale geplant..." word.
- * 'n Segswyse wat algemeen deur die jeug gebruik word, is om alles wat vuil, slordig of lelik voorkom, **septies** te noem.

- * "Moenie iemand anders altyd as 'n kruk gebruik nie."
- * "Ek is lus en werk jou mond toe as jy so baie te sê het."
- * "Sy is my tonikum vir elke nuwe dag..."

DIE EKONOMIE

Enkele uitdrukkinge word hieraan ontleen, byvoorbeeld: "**iemand se aandele daal by iemand anders**", met ander woorde, "**sy werk/pogings werp nie juis veel dividend(e) (of vrugte) af nie**".

Boekhousterme het ook 'n invloed op die uitdrukkinge en segswyses in Afrikaans uitgeoefen, byvoorbeeld:

- * "'n Batige saldo by iemand hê";
- * "'n proefbalans wat in 'n saak klop (goed afloop)";
- * "Dit is die balansstaat van 'n hele agtien dae"; (Brink 1964:103);
- * "die bates en die laste van hierdie optrede";
- * "tot iemand se krediet (debiet) tel";
- * "ek moet jou krediet gee vir jou optrede...";
- * "sy aandele het gedaal/gestyg".

Die woord **afskryf** is al baie oud in Afrikaans. Die uitdrukking "**iemand in 'n saak maar afskryf**" (buite rekening laat/van hom afsien) staan egter in direkte verband met die afskrywing van goedere/skuld in die sakelewe. (Boonop kan 'n mens in die negatiewe sin van die woord jou motor ook **afskryf**...)

Na aanleiding van die versekering van eiendomme en lewens ontstaan die volgende segswyse: "**Die premie op eksamenvakke is baie hoog**".

ALGEMEEN

Vanweë die uiteenlopende aard daarvan, word die volgende voorbeelde onder **algemene voorbeelde** geplaas:

Die alledaagse woord word soms in 'n omgekeerde situasie gebruik, byvoorbeeld:

- * "Die Duitsers het die Engelse lelik **geknyptang**";
- * "Die lugmag se **duiwehok** is weer oop" (krygswese).

Die segswyse "**nie mooi kan fokus nie**" is weer aan die fotografie ontleen. Met die koms van die rolprent volg nuwe uitdrukkinge soos: "**Dit speel soos 'n rolprent voor my geestesoog af...**"

Die bioskoop is een van die vernaamste ontspanningsplekke van die hedendaagse mens. Gevolglik word uitdrukkinge en idiome rondom die rolprent ook in Afrikaans opgeneem. Heelwat van hierdie begrippe is egter ontlenings uit ander tale.

Uitdrukkinge soos die volgende ontstaan:

- * "Soos '**n rolprent** voor my geestesoog verbydraai";
- * "'**n Oscar** met daardie poging wen";
- * "Die **silwerdoek** hou 'n groot bekoring vir haar in";
- * "Hy poseer soos 'n **silwerdoekmodel/rolprentster**".

As gevolg van die gejaagde lewenspatroon van vandag, verdring die prentverhaal in 'n mate die gewone storieboek, sodat daar net vinnig na die verhaal "gekyk" kan word in plaas daarvan dat dit gelees word. 'n Opmerking uit die algemene omgangstaal, lui: "Dit klink so fabelagtig soos '**n prentverhaal**."

Die uitdrukking "**n ware kletskaus**" of "**n draaiorreltjie**" vir iemand wat onophoudelik praat, word vandag heel dikwels verdring deur die moderner weergawe, "**n ware blêrkas**".

SPORTINVLOED OP UITDRUKKINGSWYSE VAN TAAL

Die Suid-Afrikaner is baie lief vir sport, veral opelugsport. Rugby is die nasionale sportsoort in Suid-Afrika en wat taalgebruik op die veld en die rugbyadministrasie betref, oorwegend Afrikaans. Dieselfde kan van atletiektaal gesê word. Hierdie tendens word bevestig deur die volgende opmerking: "Daar is min sportsoorte wat Afrikaansdominant is, maar daar is wel duidelike voorkeure vir bepaalde sportsoorte onder die verskillende bevolkingsgroepe" Webb (1992:56).

Alhoewel die meeste sportsoorte in Suid-Afrika van internasionale gebied afkomstig is, het sommige sportsoorte al so eie aan Suid-Afrika geword, dat dit 'n deel van die uitdrukkingwyse van Afrikaans uitmaak. Hier word veral gedink aan rugby, jukskei krieket en tennis, waar laasgenoemde twee sportsoorte oorwegend Engels van aard is. Wat sokker betref, 'n sportsoort wat veral baie gewild is onder die swart

gemeenskappe in Suid-Afrika, bestaan daar tot dusver nie veel uitdrukkinge in Afrikaans nie.

Vervolgens 'n aantal metafories gebruikte Afrikaanse uitdrukkinge oor die vernaamste sportsoorte in Suid-Afrika:

Rugby

- * "n Slim aangee in 'n saak..." (Twee persone beredeneer 'n saak; een persoon gee nie 'n definitewe antwoord nie, maar **gee dit aan** vir die volgende persoon);
- * "Daar word afgeskop met die verkiesingsveldtog." (Daar word 'n begin gemaak met 'n saak);
- * "...'n lelike aanslaan..." (fout);
- * "...iemand onkant betrap..." (In 'n verkeerde posisie betrap.) (Ndl. = **onklaar**);
- * "Die kinders het die onderwyser darem netjies gesystap." Met ander woorde, geflous; (Hierdie uitdrukking word dikwels Anglisisties gebruik, nl. "gesidestep".);
- * "In 'n saak gepypkan word." (Fop of mislei);
- * "Hy het die bal lekker agter die pale geplant met daardie opmerking." (Met ander woorde die spyker op die kop geslaan.);
- * "Hy roep 'n halftyd/beseringstyd uit in die twis.";
- * "Vir hom het die eindfluitjie geblaas." (Hy's dood.);
- * "Hy probeer alweer skeidsregter/lynregter in die saak speel.";
- * "Hy het regte blomkoolore." (Rugbyverwysing);
- * "Hy het water op die knieë - seker van rugby." (Rugbyverwysing);
- * "Die losgemaal van die skare...";
- * "Hy gaan sy 'toks' ophang." (Hy gaan aftree.);
- * "Die twee politieke partye skrum alweer teenmekaar.";
- * "Afrikaans verloor eenvoudig eenstryk deur veld." (*Bloemnuus* 16.4.1993);
- * Rugbybal = "eier".

Krieket

- * "Dit is nou weer my kolfbeurt." (Eng. **innings**);
- * "Iemand been voor paaltjie betrap in 'n saak." (onverwags, onklaar betrap);
- * "Met 'n snelboul te doen hê..." (Iemand wat wakker en vinnig is);
- * "...om uitgeboul te voel..." (Uit die veld geslaan of uitoorlê wees).

Ander sportsoorte

- * "Die rusverstoorders is gou uitgeknikker." (albasterspel);
- * "Die antwoord van die politikus was 'n uitklophou vir sy teenstanders." (Boksverwysing - ook 'n doodgooier);
- * "In die pylvak van die leerplan beweeg..." (atletiek);
- * "As jy hard werk, sal jy uiteindelik die wenstreep haal."(atletiek);
- * "Jy moet maar die teuels probeer hou."(perdry);
- * "Ek is gebrei wat dit betref."(ge oefen);
- * "Dit was nou voorwaar 'n kishou." (tennis); (iemand is met ander woorde behoorlik oortref)
- * Ook: "Hy is behoorlik uitgeboul" (krieket);
- * "Jy het hom behoorlik gestonk" (krieket - ook tol- en albasterspel);
- * "Jy het hom 'n uitklophou toegedien" (boks);
- * "Jy het hom op die middelpen geboul" (krieket);
- * "Jy het hom behoorlik harpuiis laat ruik" (boks);
- * "Jy het hom geslaan vir 'n ses" (krieket);
- * "Die bal is nou in my baan." (tennis);
- * (Dit is die bepaalde persoon se beurt om iets te sê of doen voordat iemand anders iets gaan sê of doen.)
- * "Hou op skerm vir hom." (skerm);
- * "Ek het 'n goeie aanloop gehad in die gesprek." (atletiek);
- * "Elke mens kom tog op 'n stadium die hekkies/ hindernisse/versperrings op jou lewenspad te bowe." (atletiek/perdry);
- * "Hulle het alweer verlede week swaarde gekruis." (skerm);
- * "Ek het my swaard in vir jou!" (skerm).

3.2.2.2 Betekenisverandering wat berus op 'n bepaalde soort betrekking: metonimie

Volgens Lakoff en Johnson (1980:36) is metonimie nie bloot 'n verwysingsmeganisme nie - dit het ook ten doel om begrip te voorsien.

Volgens Carstens (1990:361) ontstaan metonimieë deurdat een domein beskryf word in terme van 'n **bepaalde aspek** van 'n ander domein. Sy neem emosies, meer spesifiek **woede** (wat 'n abstrakte domein verteenwoordig) en beskryf dit metafories in terme van 'n konkrete domein (die domein van die menslike fisiologie). Uit die bespreking van die fisiologiese uitwerking van die emosie, woede, ontstaan etlike metonimiese

uitdrukkinge; so ook op die basis van enkele metafore (vergelyk ook 3.2.1.3.2). Die tradisionele taalkunde verwys na metonimie as die verskynsel waarby die naam van 'n bepaalde saak gebruik word om na 'n ander te verwys wat ruimtelik, kousaal en temporeel in direkte verhouding tot die eerste staan.

Betekenis ontstaan dus deur assosiasie met 'n eerste betekenis van 'n woord en ontwikkel dus in dié rigting. **Bureau** «» **buero** was en is 'n "schrijftafel met laden om papiere op te bergen". Later kry die woord nie alleen die betekenis: "kamer waar so 'n skryftafel staan" nie, maar self dié van "die hele gebou of organisasie".

Toilet beteken in die 16de eeu "fijn linnen, of ander min of meer kostbaar weefsel, wellicht ook een op een bepaalde manier geweven stof". Daarnaas ontwikkel ook "stuk stof, oorspronkelijk linnen, dat ter bescherming om nieuwe stukken stof of afgewerkte kledingstukken heengeslagen wordt". Daarna ontstaan "doek" oorspronklik van linne wat 'n mens oor 'n tafel uitsprei om daarop verskillende benodigdhede vir die versorging van die uiterlike op te plaas (18de eeu), Daarna ontstaan "kaptafel" - "de handeling van het kleden en het verdere verzorgen van het uiterlijk". Dikwels word ook net laasgenoemde betekenis gebruik: "geheel van kleding, versierselen enz. dat iemand tot zijn beschikking heeft of waarmee hij zich op een bepaald ogenblik vertoont", "vrouwelijke kleedij: japon, jurk" en "privaat met wasgelegenheid, vervolgens ook privaat zonder meer" Van Sterkenburg (1989:128).

Metonimiese betekenisverandering sien ons ook in die voorbeeld waar die **linne** die **doek** word as deel van die geheel. Dit is die geval by "kaptafel" by die ritueel van "tooien en kleden" en daar waar **toilet doek** geword het tot "plaats waar de totale uiterlijk verzorging kan plaatsvinden" Van Sterkenburg (1989:128).

Metonimie is 'n stylverskynsel waarby woorde nie in hul letterlike nie, maar in 'n oneintlike betekenis gebruik word. Nooit gaan dit by metonimie oor gelykenis of ooreenkoms van begrippe nie; daar is altyd sprake van die gebruik van naam A om B aan te dui. Dit kan geskied, omdat B met A in 'n bepaalde betrekking berus wat nie gegrond is op ooreenkoms of gelykenis nie. Volgens Carstens (1992:114) word metonimie binne die kognitiewe wetenskappe as een van die mees produktiewe struktuurgewende meganismes van taal beskou. Metonimiese uitbreiding geskied sistematies in die leksikon, maar beskik ook oor 'n mate van voorspelbaarheid. Leksikografie as vakgebied kan dus belangrike heuristiese waarde put uit die bestudering van metonimie vanuit 'n kognitief-linguistiese perspektief.

In die nuusmedia kom vele metonimiese betrekkings voor. Vergelyk die volgende voorbeelde:

"Jy bel as jy 'n ambulans, die brandweer of die polisie nodig het. Dus alleen as daar iets erger gebeur het. Maar wat gebeur in die werklikheid. Meer as die helfte van die telefoongesprekke gaan geheel en al nie oor bv. 'n brand of 'n ongeluk nie. Mensse bel omdat hulle dink dat dit 'n klatslyn is. Of hulle bel om inligting in te win of om iets te bestel. Dink ook aan die hoë telefoonrekenings met die 087-inligtingslyne. Sommige **sentrales** vind dat hulle eintlik oorbodig is. Op hierdie manier het 'n spesiale noodnommer of noodlyn geen sin".

Sentrale - Die sentrale is die middelpunt van die telefoniese netwerk. Die naam van 'n tegniese installasie word hier gebruik om die persone wat in beheer is daarvan aan te dui.

"**Suid-Afrika** laat te maklik mense van **Mosambiek** toe om hulle hier te vestig."

Suid-Afrika sowel as Mosambiek word hier metonimies gebruik. Suid-Afrika is die naam van die geheel, maar benoem slegs een deel, naamlik 'n Suid-Afrikaanse regering of 'n Suid-Afrikaanse Wet.

Die benoeming van 'n deel met die naam van die geheel of omgekeerd van die geheel met die naam van 'n deel is goed verteenwoordig in die nuusmedia.

Vergelyk byvoorbeeld:

- * Die bande tussen **Suid-Afrika** en **Nederland** is opnuut versterk...
- * **ANC**...
- * Die val van die **dollar** ... d.w.s. die val van die koers van die dollar.
- * Die **hotelle** is vol bespreek vir die kersseisoen./...doen goed oor die kersseisoen. (Hier word bedoel die eienaars van die hotelle).
- * Op die oomblik sit hy agter die **tralies**.
(Tralies word hier metonimies gebruik vir gevangenis).
- * Die benoeming van Howard Baker tot die nuwe stafhoof van die **Withuis** is in Washington goed ontvang. (**Withuis** - die plek waar die Amerikaanse regering vergader, demonstreef die metonimiese betekenis: **die Amerikaanse regering**).
- * Die **rapport/verslag** meld ook dat die polisie... (Met rapport/verslag word bedoel die opstellers daarvan.)

Van 'n totaal ander aard is die betrekking in die volgende:

- * Elana Meyer het in die **3000 meter** 'n silwer medalje verower. (Drieduisend meter is hier die naam van 'n saak vir 'n wedloop oor drieduisend meter).

Daar is sprake van **ruimtelike begripsamehang** by die volgende voorbeelde:

- * Elke baas van 'n restaurant weet: hoe meer die eters, hoe meer verdien die **eethuis**. (Eethuis is die naam van 'n plek vir die persone wat daar werk of vir die eienaars daarvan).
- * **Witskole .../ Swartskole...**ensovoorts (Die naam van die velkleur van persone word gebruik vir die skool waarin hulle is).

By die soeke na metonimie in die taal van die nuusmedia word gestuit op 'n oorweldigende hoeveelheid voorbeelde waarby name van lande, stede, instellinge en organisasies staan vir die aantal verteenwoordigers daarvan. Die name van alombekende of nuuswaardige persone, plekke of gebeurtenisse word dikwels in die gedagtegang van die moderne mens aan 'n begrip of menslike eienskap gekoppel. Vergelyk die volgende:

"'n **Hirosjima** word voorspel."

"Hy is 'n regte **Hitler/Nero**."

"Moenie jou **Marilyn Monroe**-maniertjies uithaal nie."

"Dit het byna weereens in die **slag van Bloedrivier** ontaard."

Veral onder die jonger geslag word die name van rolprent- en radiofigure gemeengod: **James Bond, Tarzan, Staal Burger, die Skim, Andy Capp, Tjokker, Heidie, Remington Steel, Arsène Lupin, Lassic, Jopie Adam, Charlie Chaplin, Jessica Fletcher, Alfred Hitchcock**, en andere word dikwels nuwe simbole in die gemeenskap, byvoorbeeld **Tarzan** wat beskou word as die sterk en dapper natuurmens wat aan bobbejaantoue tussen bome swaai en vanweë sy lewenswyse deur elke klein seuntjie geïdealiseer word. Bekende name in die massamedia word ook vanweë bepaalde eienskappe deur die alledaagse mens geïdealiseer, byvoorbeeld **Lady Di, Kallie Knoetze, Naas Botha, Margaret Thatcher**, ensovoorts.

Die rol van simbole is vroeër, voor die koms van die TV en radio, grotendeels deur Bybelse figure vervul, aangesien jongmense (en ander) se verwysingsraamwerk

merendeels tot die Bybel, boeke en later die radio beperk was. Dink maar aan **Nimrod, Dawid, Goliat, Simson, die Slang en Belila** as simbole, asook uitdrukkinge soos "**die Evasgeslag...**" en "**Ek ken hom nie van Adam se kant af nie...**" en "**Sy het soos Lot se vrou verstar...**"

3.2.2.3 DIVERSE BETEKENISVERANDERING

Woorde kan 'n ruimer betekenis kry as wat dit oorspronklik gehad het. Hier word met ander woorde gepraat van die veralgemening van betekenis. Die soort betekenisverandering kom voor wanneer woorde, wat kenmerkend is van 'n bepaalde groep, deur die taalgemeenskap in sy geheel oorgeneem word, byvoorbeeld:

les
passie
propaganda
rubriek
sanksie
sel

Bogenoemde woorde was byvoorbeeld oorspronklik tiperend van die **religieuse terminologie**. In die hedendaagse konteks het dit wat betekenis betref, ook op **sekulêre** sake betrekking.

Die vooruitgang en vermeerdering van menslike kennis kan ook verantwoordelik wees vir talle vorme van betekenisverandering. Toe die mense nog nie alle verskynsels wetenskaplik kon verklaar nie, is aangeneem dat woorde soos **duiwel, engel, draak, elf, fee, heks, paradys** en **vaevuur** name was vir werklike bestaande verskynsels. Die terugdring van die godsdienstige besef (wetenskap is het kerkhof van de godsdienst) maak betekenisoordrag na ander domeine noodsaaklik. **Engel** kry byvoorbeeld die betekenisonderskeidinge **goed** en **mooi** en word toegepas op 'n meisie aan wie genoemde eienskappe toegedig kan word.

Wanneer 'n bestaande woord die funksie verkry om iets (of die aksie van die verandering) te definieer, kan dit beskou word as die uitbreiding van 'n woord se betekenis. Die bestaande woord kry met ander woorde 'n nuwe funksie by.

'n Verdere verskynsel waar betekenis veralgemeen word vind plaas waar soortname afgelei word uit eiename en 'n algemene woord onder taalgebruikers word.

Hierdie verskynsel sluit voorbeelde in soos:

bakeliet	-	kunshars van L.H. Baekeland
bobby	-	Sir Robbert Peel van Londen was 'n polisieman
Bunsen	-	brandertjie in die wetenskappe genoem na sy uitvinder
byron	-	soort kraag eie aan die digter Byron
Celsius	-	Sweedse sterrekundige
Dahlia	-	genoem na Dahl. (Heelwat blomme/plante word vernoem na die persoon wat die blom ontdek het of die variëteit ontwikkel het.
doilie	-	gehekelde kralelappie op 'n melkbeker Afkomstig van mnr. Doyle, 'n Engelse handelaar van fyn materiaal vir tafelmatties in die 19de eeu.
farad	-	genoem na Faraday
Farenheit	-	Pruisiese uitvinder
Fuchsia	-	genoem na Fuchs
pullman	-	tremwa of bus
quisling	-	verraaier met dié van
sam browne	-	leergordel
silhoeët	-	Fransman se vasstelling
stetson	-	
bowler	-	hoede van persone met dié vanne
derby	-	
Wistaria	-	genoem na Wistar
zeppelin	-	lugskip ontwerp deur Zeppelin

Eksteen (1978:119-121).

ohm, ampère, volt, watt, ensovoorts word almal genoem na persone wat met die ontdekking van dié uitvindings gemoeid was. Vergelyk ook alledaagse voorbeelde soos **Mac West, Harley-Davidson**, ensovoorts.

Die woord **boikot** is afgelei van kaptein Charles Boycott se naam. Hy is in 1880 vanweë belastingheffings deur die Ierse Land League uit sy woning in die graafskap Maye verdryf deurdat arbeiders op bevel geweier het om vir hom te werk, sy pos is nie afgelewer nie en kos was byna onbekombaar (*Rapport-Tydskrif*, 1.5.1994:38).

Hierdie woord, wat afgelei is van die persoon se van, het groot aanklank gevind in talle tale waar dit 'n toevallige gaping kon vul en dit is as **leenwoord** oorgeneem deur die verskillende tale, waaronder Afrikaans, Nederlands, Frans, Duits, Russies, Engels, ensovoorts. Hierdie woord verskyn gereeld in sy **verafrikaanste** vorm, **boikot**, in koerante, aangesien **wegbly-aksies** en **verbruikersboikotte** in die huidige politieke klimaat in Suid-Afrika aan die orde van die dag is.

Die omgekeerde vind soms ook plaas waar **einame** omskep word in **werkwoorde**, wat 'n noodsaaklike element van betekenisverandering van die woordeskat van 'n taal uitmaak as gevolg van nuwe handeling wat omskryf moet word, byvoorbeeld:

mesmeriseer - hipnotiese krag van Mesmer
pasteuriseer - proses vernoem na Louis Pasteur

Sodanige **werkwoorde** kan met ander woorde net so maklik 'n **byvoeglike naamwoord** funksie verkry, byvoorbeeld:

gemesmeriseerde pasiënt
gepasteuriseerde melk

'n Woord kan van betekenis verander omdat die saak, die objek of die instituut wat dit aandui, verander. Morele, etiese en estetiese oordele kan ook verantwoordelik wees vir die veranderinge. Sodanige veranderinge kan betekenisverruiming (die toeken van 'n bykomende polisemiese waarde), of betekenisverskraling (die weglaat van 'n ouer polisemiese waarde) impliseer.

ambulans: 'n Woord soos **ambulans**, wat volgens die WNT in 1805 die eerste keer in Nederlands opgeteken is, beteken oorspronklik **veldhospitaal**. Sedert ongeveer die helfte van die negentiende eeu word die woord gebruik vir 'n voertuig wat gewondes van die slagveld af vervoer. Vanaf ongeveer 1938 is die betekenis "wagen voor het vervoer van sieke en gewonden" opgeteken Van Sterkenburg (1989:131).

apteek: 'n **Apteek** was oorspronklik "een winkel, waarin verskillend waren verkocht werden, t.w. niet alleen artsenijen en kruiden, maar ook eetwaren, specerijen, confituren, suikerwerk, verfwaren, enz. in een woord alles te zamen wat thans tot het vak van de apotheker, drogist en kruidenier behoort, en daarenboven nog wijn, inzonderheid gekruide wijnen" Van Sterkenburg (1989:131). Die oudste bewysplaas in die hedendaagse betekenis van "werkplaas en winkel, waar geneesmiddelen worden voorbereid en verkocht, artsenijwinkel, voorheen medicijnwinkel genoemd", dateer volgens die WNT uit 1869.

hospitaal: In die veertiende/vyftiende eeu was dit 'n plek - godshuis waar armes, oues, pelgrims en reisigers huisvesting en verpleging gevind het. In die sewentiende eeu word dit "een ziekenhuis in het algemeen" en nog later 'n militêre "ziekenhuis". Die woord kan teruggevoer word na die

Middellatynse "hospitale" - 'n tehuis vir vreemdelinge of 'n gastehuis en hou ook verband met die Latynse hospitium - 'n hersteloord en hotel, oftewel "inrichting waar men als reiziger onderdak vindt" (Van Sterkenburg 1989:122).

- artillerie:** In die Middeleeue het **artillerie** in Frans en ook Nederlands die kollektiewe, konkrete betekenis van **werpgeskut** gehad. Dit sluit in sowel pyle, hand- en voetboë, en later ook vuurwapens en ander werktuie en benodighede vir artillerie en genie. Die meer beperkte opvatting van tans het teen die einde van die sestiende eeu ontstaan, naamlik die geskut van 'n leër en daarmee saam personeel wat vir die bediening daarvan nodig is.
- parlement:** In Middelnederlands was die woord **parlement** al bekend - waarskynlik ontleen aan die Oudfranse parlement en die Middellatynse parlamentum. Dit beteken oorspronklik "druk gesprek, luid gepraat, rumoerig over en weer gepraat". In die 16de eeu ontwikkel die betekenis na "bijeenkoms of vergadering om een gewichtige zaak te bespreken of belangrike aangelegenhede te behandel" Van Sterkenburg 1989:131). Uit die tans verouderde betekenis ontwikkel "een vergadering bekleed met staatgezag of reghemaght". In dié sin word die woord gebruik as naam vir die vergadering van die Franse monargie en dieselfde vir die rade van ander konings. In die Frankryk voor die revolusie van 1789 geld dit ook as benaming van die oppergeregshowe wat ook die edikte en ordonnansies van die koning moes registreer of opteken. Daar was twaalf waarvan die parlement van Parys die vernaamste was. In Brittanje word die woord gebruik as benaming vir die verteenwoordiging van die volk wat die koning of die opperste wetgewende mag uitmaak en wat bestaan uit die Hoërhuis en die Laerhuis. Laasgenoemde betekenisverandering lei ook tot die offisiële naam vir die wetgewende liggame in ander state.
- kandidaat:** Die woord **kandidaat** het oorspronklik verwys na 'n Romeinse politikus in 'n wit kleed wat reinheid simboliseer en wat sodoende deur 'n sogenaamde "flikflooiery" die massas beïndruk. Die Latyns van dié woord verwys dan ook na "iemand in wit" (Inligting uit **Klop die kampioene** - Afrikaans Stereo).

romanse: 'n Ou middeleeuse volkslied wat in eenvoudige en naïewe trant 'n roerende gebeurtenis vertel. Omdat die aksent op ridderlikheid, helde en heldinne en liefde val, ontwikkel dit in 'n rigting van 'n algemene betekenis, naamlik 'n idilliese liefdesavontuur. Die betekenis hiervan is ongetwyfeld resent.

sekretaris: In die veertiende eeu was 'n sekretaris 'n vertrouenspersoon, iemand aan wie geheime toevertrou is, ook genoem 'n geheimskrywer. Later word dit: iemand wat vir die een of ander liggaam die briefwisseling waarneem of stukke opstel.

turbine: Dit was oorspronklik 'n horisontale waterrat met versnelde omloopsnelheid. Later is die woord toegepas op elke masjien waarvan die krag van die energiebron (water/wind/stoom/gas, ensovoorts) regstreeks in 'n draaiende beweging, wat gewenste meganiese energie, impliseer, omgesit word.

tragedie: Semantiese elasticiteit word ook bespeur in die woord tragedie wat oorspronklik niks anders was as 'n treurspel of 'n ernstige toneelstuk met 'n droewige slot of uiteinde wat meestal gehandel het oor die mens wat in sy verset teen hoër magte tot niet gaan nie. 'n Meer resente toepassing sluit in: Vir Suid-Afrikaanse sport is dit 'n **tragedie** dat politiek elke faset van die sportman se lewe oorheers.

Koerland: In die uitdrukking, "Hy het van **Koerland** se vleis geëet", dui die woord oorspronklik op 'n geografiese gebied waar die Koere aan die Baltiese see, 'n deel van Letland, gewoon het. In die Suid-Afrikaanse konteks word Koerland egter die naam van 'n os in die tyd van die ossewa, soos Swartland en Rooiland en word volgens oorlewering vernoem na 'n baie lui os - indien mense van sy vleis sou eet, sou hulle glo net so lui soos dié bepaalde os word.

Maatskaplike verhoudinge (norme/ opvattinge) is dikwels verantwoordelik vir betekenisveranderinge. So lei die verskille tussen volksdemokrasie en 'n kapitalistiese demokrasie tot opmerklike betekenisverskille van byvoorbeeld woorde soos:

agitator:

1. iemand wat agiteer...

2. iemand wat revolusionêr aktief is...

die bestuur:

1. die uitvoerende bestuur van 'n groot organisasie, onderneming;
2. leiding, bedryfsvorming van 'n groot kapitalistiese onderneming.

patriotisme:

1. vaderlandsliefde, burgersin;
2. in bepaalde historiese periodes en die maatskaplike verhoudinge 'n liefde tot die eie vaderland en die bereidheid om dit te verdedig.

Calitz (1980:16) verklaar: "Die rol wat maatskaplike groeppvorming binne 'n taalgemeenskap speel, is een van die faktore wat 'n bepaalde woord uiteenlopende betekenis laat kry."

Hierdie polisemiese karakter van woorde waar verskillende betekenis en waardes aan dieselfde woord toegeken word, word geïllustreer aan die hand van die volgende voorbeeld:

Die woord **kamp** het drie betekenisonderskeidings.

1. Kamp as militêre eenheid.
2. Kamp as politieke party
3. Kamp as afskorting in 'n boerdery.

bio-: Die woorddeel "**bio-**" dui op "lewende dinge" of op "lewe". Natuurwetenskaplike woorde soos biogenese, biochemie, biologie en andere is oorspronklik gevorm; daarna is egter ook enkele woorde gevorm met "bio-" waar dit na "lewend" in die algemene sin gewys het, byvoorbeeld **biografie** en **bioskoop**. Tans dui "bio-" in neologismes soms op sosiaal-maatskaplike aspekte in die samelewing, byvoorbeeld: **biokraat**, **bioïngenieurswese**, **bioëtiiek**, **biosatelliet**, **biomedisyne**, **biopolitiek**, **biogeografie**, **biokinetika**, ensovoorts. Hierdie terme ressorteer tans nog onder vakterme, maar aangesien in dié verband reeds bestaande terme in koerante en tydskrifte verskyn het, bestaan die

moontlikheid dat hierdie terme in die toekoms in die algemene volksmond opgeneem sal word.

Volgens Diederichs (1981:104,105) het 'n woord soos **gebeeldsaai** na aanleiding van uitsaai 'n gebruikswoord geword na die koms van die nuwe uitvindsel, die televisie. Hy verwys ook na die koms van die burgerbandradio met sy eiesoortige terminologie waar neologismes en bestaande woorde in nuwe betekenisonderskeidinge aangewend is, byvoorbeeld **kanaalmuggies** (kinders wat met burgerbandradio's speel en sodoende kanale beset) (*Hoofstad*, 22.12.1979:3), **kletsradio's**, **praatbeurte**, **emmerbekke** (vir diegene wat vuil taal oor die radio gebruik), en vele meer.

Bestaande woorde kan dus eweneens gebruik word om te kan praat of skryf oor nuwe sake wat plotseling in die nuus is, byvoorbeeld: **satelliet**, se oorspronklike betekenis was "'n hemelliggaam in 'n baan om 'n planeet." In 1957 is die eerste Russiese **sputnik** die naam vir die eerste kunsmaan wat gelanseer word en word **satelliet**, die ou naam vir die benoeming van die nuwe revolusionêre objek, gebruiklik. Die woord **kunsmaan** was 'n neologisme eie aan Afrikaans waar die Afrikaanse benoemingswyse gekombineer is met die woord "maan" se metaforiese toepassing.

Wat leksikale verandering betref, meer spesifiek neologismes, word die woord **satelliet** deesdae as produktiewe woordvormer aangewend, maar nie in die konteks van die sterrekunde nie. In die volgende samestellings met die woord **satelliet**, word 'n kleiner instansie, wat afhanklik is van 'n nabygeleë groter instansie se invloedssfeer, aangedui, byvoorbeeld:

satellietboerdery
satellietdorp
satellietkampus
satellietland
satellietstaat

Die woord **karavaan**, wat oorspronklik slegs verwys het na kamele, word vanweë die nuwe uitvindsel, die woonwa, soms ook 'n karavaan genoem.

Die teenoorgestelde van die uitbreiding van betekenis is die **vernouing of spesialisasie van betekenis**. Dit is egter by die verenging en vernouing van betekenis belangrik dat die **konteks** van 'n woord met sy verskillende betekenisonderskeidinge in ag geneem moet word. Volgens Zgusta (1971:68) dra kontekstuele leiding daartoe by om tussen polisemie en voorbeelde van semantiese verbleking te onderskei. Tot hierdie kategorie

behoort woorde wat ontwikkel het van 'n meer algemene betekenis tot 'n meer spesifieke, byvoorbeeld:

- bajonet:** 'n Steekwapen wat bevestig word aan die loop van 'n geweer. Die oorspronklike betekenis was 'n kort dolk of steekwapen. Die woord self is ontleen aan Frans. Die etimologie het alles te maak met die stad Bayonne waar bajonette gemaak word.
- kerkhof:** Die oorspronklike betekenis van die woord is die tuin rondom die kerk. Later ontwikkel dit 'n betekenis tuin/hof rondom die kerk waar die vergaderings van die Gilde plaasvind. Later weer is die betekenis "hof of tuin om die kerk waar die dooies begrawe word". Martelare en heiliges is binne in die kerk begrawe. Sedert die veertiende eeu word afsonderlike kerkhove buite die stede aangetref. Die voorwaarde was wel dat dit gewyde grond moet wees. Die naam **kerkhof** het ook sinoniem geword met begraafplaas - natuurlik veral omdat die begraafplase van dorpe en stede ver buite die stad of dorp geleë is en die gebruik toe was dat die oorskot van die mense nie meer by die kerke begrawe word nie.
- duus-/duis-:** Woorde soos **duusman**, **duuskoring**, **duuskind**, **duusboer**, **duusbaas**, en andere. wat vroeër algemene woorde was, kan teruggevoer word na die Europese herkoms waar die woord verwys het na **duitsman** (Duitser of Diets) wat heel vroeg slegs verwys het na Nederlanders, maar later ook gedui het op mense van Duitsland. In die Afrikaanse konteks vereng die betekenis van die woorddeel **duus-** deur slegs te verwys na **witmense** of in 'n wit verband wat verwys na uitsluitlik Boere of Afrikaners (Vergelyk Eksteen 1985:94/5).
- passasier:** Die algemene betekenistoepassing is "iemand die passeert, die voorbij of doortrekt," en ontwikkel tot iemand wat in 'n voertuig reis.
- knokkel:** In die veertiende eeu word die woord gebruik vir elke skarnierende gewrig. Tans word dit slegs gebruik vir vingergewrigte soos, byvoorbeeld wanneer 'n mens sy vinger of hand buig; dit wil sê sy **kneukels**.

totalitêr - totalitair: Hierdie ontlening van die Franse **totalitair** beteken in die algemeen "het geheel omvattend, gerig op, verband hou met die totaliteit." Hierdie algemene betekenis ondergaan spesialisasie. Totalitair beteken na spesialisasie: "met betrekking tot 'n lewens- of wêreldbeskouing wat aan die staat die hoogste waarde toeken, waaraan die individu volledig ondergeskik gemaak moet wees of ter kensketsing van 'n mag, regeringsvorm, handelswyse, ensovoorts waarop bogenoemde lewens- of wêreldbeskouing berus". Die huidige betekenis word dikwels gelykgestel aan diktatoriaal.

Onder die gedeelte, **betekenisverenging**, is ook vlugtig verwys na **degenerasie** en **ameliorasie**.

Betekenisveranderinge kan ook die gevolg wees van die vorm van die woord in kwessie. Die vorm kan byvoorbeeld daarvoor sorg dat die woord verwar word met 'n ander woord wat daarna lyk.

As voorbeeld kan genoem word, **formaat**, wat tot onlangs twee uiteenlopende betekenis gehad het, naamlik:

1. grootte as vorm, geheel van die deur die vorm bepaalde afmetinge (met name papier, boeke, skilderye, boumateriaal, ensovoorts)
2. (in die drukkuns) die samestel van wit wat in die vorm die pagina skei.
3. In die laaste dekade ontwikkel ook 'n derde betekenis, naamlik indeling van **tekste**, en dies meer.

Hierdie betekenis sou miskien die beste omskryf kan word met "**die vereiste inrigting of samestelling wat iets moet hê**". Is hierdie veronderstelling juis, dan word **formaat** met byvoorbeeld **vorm** verwar, waarskynlik ook omdat dit gewigter of interessanter beskou word as vorm.

Betekenisverandering as gevolg van vormverandering kom ook dikwels by woorde van Griekse of Latynse oorsprong voor. Dikwels is die woorde vir die moedertaalspreker ondeursigtig, met die gevolg dat die betekenis nie afgelei kan word van die samestellende dele nie.

Betekenisverandering kan ook voortspruit uit die beïnvloeding van die oorspronklike betekenis van 'n woord deur 'n ander gevoelswaarde. Die oorspronklike betekenis van 'n woord kan selfs geheel en al verdwyn.

pluraal: Die departement van Bantoesake het op 'n stadium sy benaming verander na die departement van **Plurale Ontwikkeling**. Pluraal as byvoeglike naamwoord dui op meervoudigheid (Eng. - plural = meervoud) en word saam met spesifieke selfstandige naamwoorde gebruik, byvoorbeeld plurale bevolking/gemeenskap wat dui op 'n telbare verskeidenheid (byvoorbeeld verskillende bevolkingsgroepe) soos Blankes, Swartes, Bruinmense, Indiërs, Portugese, ensovoorts. Later word dié departement die **Departement van Samewerking en Ontwikkeling**. Die breëre gemeenskap interpreteer egter die woord pluraal as sinoniem met **Swartman** (aangesien daar nie duidelik aangedui word in die departement se naam dat daar na die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap verwys word nie).

Die woord "**scharminkel**" beteken in Nederlands "**zeer magere mens of dier**". Die betekenisonderskeiding "**boze geest**" het seker uit die aktiewe taalgebruik verdwyn en die oorspronklike betekenis "**aapje**" is waarskynlik aan etimoloë bekend. (In Afrikaans beteken dit 'n lang maer mens of dier).

"**Snotjongen**"/**snotneuse** is nog bekend in die sin van iemand "**die nog niet meetelt**" en seer seker nie as "**jongen die zijn neus nog niet schoon kan houden**". Van Sterkenburg (1989:135).

Polisemie en homonimie

Uit die voorafgaande bespreking het dit duidelik geword dat betekenisverandering ook tweeweggebring kan word deurdat 'n woord verskillende betekenisonderskeidings het (**polisemie**) of teruggaan op geheel en al verskillende grondvorme (**homonimie**) wat met ander woorde woordsoortlik meerkusioneel is. Daar bestaan egter 'n fundamentele verskil tussen polisemie en homonimie. Eersgenoemde dui op die verwante betekenisonderskeidings van 'n betrokke woord, terwyl laasgenoemde dui op verskillende woorde wat toevallig dieselfde spel- en klankvorm het maar wat ten opsigte van die toepassing geheel en al onverwant is.

Die woord "gyselaar" se oorspronklike uitsluitende betekenis was "iemand die gegijzeld word". Vandat terroriste mense as **chantage-objek** begin gebruik het by allerlei kapinge het daar onsekerheid in die media ontstaan oor die betekenis van die woord. Na analogie van verreweg die meeste persoonsname met -aar kry "gyselaar" ook die betekenis van "iemand die gijzelt". Twee antipolêre betekenisse uit dieselfde sfeer wat toegeken word aan dieselfde woord, lei tot 'n reaksie van die taalsisteem self, dit wil sê 'n nuwe woord vir een van beide betekenisse: gegyselde - vir iemand wat gegysel word en in plaas van gyselaar vir iemand wat gysel, gebruik die Nederlands "gijzelhouder" en "gijzelnemer".

3.3 SAMEVATTING

Stabiliteit in betekenis is seldsaam in enige taal. Elke groot historiese, politieke en sosiale gebeurlikheid, elke ontdekking en elke geloof bring veranderinge mee in die **betekenisse** van woorde (vergelyk Burchfield 1985:114,115).

Die kieskeurige spreker kies sy eie woordeskat. Hy sal byvoorbeeld bepaalde woorde vermy en ander aanvaar as 'n aspek van goeie smaak, graad van formaliteit, of vertoosug in 'n bepaalde gespreksituasie. Tog moet opgemerk word dat mode 'n belangrike rol speel by betekenisverandering en veral in die verspreiding van die verandering. Verskillende registers van Afrikaans, wat ook in die woordkeuse weerspieël word, word in verskillende situasies gebruik. Dit is dus wenslik dat taalgebruik nooit buite die sosiale konteks bestudeer word nie, maar met inagneming daarvan. (Vergelyk 2.1 nr. C).

Betekenisverandering het onmiskenbaar onder andere voortgespruit uit die behoefte aan **prestige**. Elke mens wil in sy eie omgewing aangesien word as volwasse. Die mate waarin iemand vir 'n volwassene aangesien word, word bepaal deur sy plek op een van die vier sosiale piramides:

- dié van mag
- dié van rykdom
- dié van sukses
- dié van gesprekswaardes (INTERESSANTHEID)

Mense wat laer op die sosiale leer is, kyk altyd omhoog na wat daar gebeur. Mense met die meeste prestige word die meeste nageboots.

Die massamedia het naas die drie kriteria van mag, rykdom en sukses die piramide van interessantheid geskep. 'n Mens is (dalk) interessant omdat hy magtig is, maar iemand

is ook interessant as hy die mag uittart, byvoorbeeld **die terroris, die misdadiger, die betoger of die plakker** wat so geredelik in die nuusmedia genoem word (vergelyk Ferreé 1983:156 ff).

Na 'n oorsigtelike bespreking van die tweeledige aard van die woordeskat, naamlik die uitbreiding van die woordeskat en die in onbruik raak van woorde op grond van voortsnellende uitbreiding en maatskaplike ontwikkelinge, word die volgende implikasie geïdentifiseer.

Die leksikograaf se taak behels nie bloot die identifisering en ekserpering van nuwe terme nie; verouderde terme is 'n werklikheid en moet ook geïdentifiseer en aangedui word in die databasis. Tot hierdie grootskaalse taak kan 'n gerekenariseerde termbank en rekenaarnetwerk grootliks 'n positiewe bydrae lewer.

4

TAALVERSKYNSELS
IN DIE
HEDENDAAGSE NUUSMEDIA

HOOFSTUK 4

TAALVERSKYNSELS IN DIE HEDENDAAGSE NUUSMEDIA

- 4.1 Doelwitte
- 4.2 Inleiding
- 4.3 Die aard van mediataal
- 4.4 Taalverskynsels in mediataal
 - 4.4.1 Taalgroei
 - 4.4.1.1 Popularisering van sportsoorte
 - 4.4.1.2 Wêreldgebeure
 - 4.4.1.3 Die nuusmedia en die owerheid
 - 4.4.1.4 Internasionalisering
 - 4.4.1.5 Verplasing van norme
 - 4.4.1.6 Spoedinformasie
 - 4.4.1.7 Omsigtige benaderings
 - 4.4.1.8 Prestasiegerigtheid
 - 4.4.1.9 Intensiewe
 - 4.4.2 Taalekonomie
 - 4.4.3 Betekenisverandering
- 4.5 Institusionalisering
- 4.6 Leksikografie, 'n kultureel-linguistiese taak
- 4.7 Samevatting

HOOFSTUK 4:

TAALVERSKYNSELS IN DIE HEDENDAAGSE NUUSMEDIA

4.1 DOELWITTE

Die aard van mediataal met inagneming van die sosiale konteks bied 'n vertrekpunt vir hierdie afdeling.

Vervolgens word drie vername taalverskynsels, naamlik taalgroei, taalekonomie en betekenisverandering in mediataal geïdentifiseer. Die vernaamste redes vir taalgroei in die hedendaagse nuusmedia word onder die loep geneem en met verduidelikende voorbeelde toegelig.

Institusionalisering as natuurlike uitvloeisel van veral taalgroei word bespreek.

Leksikografie as kultureel-linguistiese taak van die leksikograaf bied 'n logiese afloop vir hierdie afdeling.

Samevattend word die leernte wat bestaan ten opsigte van 'n woordeboek wat die nuutste veranderinge van Afrikaanse woorde in die hedendaagse nuusmedia aan die publiek beskikbaar stel, gesuggereer.

4.2 INLEIDING

"In de ogen van het buitenland is de pers een waardemeter voor het cultuurpeil van een volk" Breyne (1969:60). In Suid-Afrika se komplekse multikulturele en multilinguale situasie, moet die woord volk egter vervang word deur Afrikaanssprekendes. Deurdat berigte en nuusitems uit 'n betreklike kort periode as databasis in hierdie studie gekies is, is

daar slegs sprake van 'n momentopname. Om van 'n momentopname van hedendaagse Afrikaans te kan praat, is dit gewens om te probeer om die begrip **hedendaagse Afrikaans** te probeer omskrywe. Die keuse het geval op 'n werkshiptese, naamlik as "die taal van die hedendaagse maatskappy", dit wil sê van 1945/48 tot op die hede, met besondere verwysing na die taal sedert 1990. Waar die einde van die Tweede Wêreldoorlog en die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in Suid-Afrika op 'n nuwe tydvak in die geskiedenis gedui het wat verreikende gevolge vir die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap, ook op taalgebied, sou inhou, dui die waterskeidingstoespraak in 1990 weer op die begin van 'n nuwe tydvak met die gepaardgaande veranderinge op taalgebied.

Volgens Du Toit & Nel (1975:5/6) lê wisselwerking en wederkerigheid alle stellings wat oor die uitwerking van die massamedia gemaak word ten grondslag: "Die organisasies vir die onderskeie media word deur die politieke, ekonomiese en maatskaplike klimaat van die samelewing beïnvloed. Die omgekeerde is egter ewe waar - die media reflekteer die soort samelewing waarbinne dit funksioneer."

In die verhandeling is aangetoon dat Afrikaans net soos alle ander tale stilisties en sosiaal gestratifiseer is, met ander woorde sosiaal gedifferensieer is (vergelyk Trudgill 1974:37). Daar is ook met talryke voorbeelde geïllustreer hoedat hedendaagse Afrikaans koersaanpassinge maak in die lig van veranderde omstandighede. Ook wat betekenisverandering en betekenisverruiming betref, laasgenoemde waar polisemiese betekenisonderskeidinge vir dieselfde woord voorkom met 'n gepaardgaande nuwe betekeniswaarde wat die **dinamiese** aard van taal weerspieël. Sodanige koersaanpassinge in 'n taal, wat tred hou met die veranderinge in tyd, kan bekend staan as **diachroniese semantiese verandering**.

Die taal van die nuusmedia van hedendaagse Afrikaans kan gekwalifiseer word as die taal wat eienskappe en kenmerke het wat die hedendaagse Afrikaanse samelewing reflekteer. Aan die einde van die navorsing is die gevolgtrekking dat die nuusmedia in hooftrekke die

kenmerke toon wat hedendaagse Afrikaans kenmerk; trouens die nuusmedia beweeg op die voorpunt. Dit geld met betrekking tot **die wyse waarop woorde gevorm word**, maar ook wat **die prosesse van betekenisverandering en styl** betref.

Uit die bylaes word dit duidelik dat die grootste persentasie woorde in mediataal, in hierdie geval uit *Die Volksblad*, "geskep" word deur middel van samestellings. Reeds bestaande woorde word dus deur middel van nuwe kombinasies gebruik om nuwe uitvindings, gebeure of benamings mee te beskryf.

Vergelyk enkele voorbeelde van sodanige samestellings uit die bylaes wat nie in die kontrolewoordeboeke opgeneem is nie:

dakparkeerplek	-	6.1.1994	p.2
pizzasnyer	-	13.12.1993	p.9
polisievliegtuig	-	9.9.1992	p.2
rekspronge	-	4.1.1994	p.2
satellietskottels	-	2.8.1993	p.1
staatsveearts	-	16.10.1992	p.2
vakbondleiers	-	6.1.1994	p.7
wapenkuis	-	7.12.1993	p.1

Ten einde die omvang en graad van geleksikaliseerdheid van nuutskeppinge te bepaal word verskillende snitte gemaak. Dit is in alfabetiese lys, bylaes A-F, opgeneem waaruit duidelik afgelei kan word op die woorde wel opgeneem is in die betrokke woordeboeke al dan nie. Reeds 'n vlugtige blik op die lys van woorde wat nog nie in een of beide kontrolewoordeboeke opgeneem is nie, toon 'n enorme taalgroei in Afrikaans aan. Hierdie taalgroei is onteenseglik die weerspieëling van sosiale ontwikkeling ten opsigte van nuwe modes, maatskaplike veranderings en gewysigde houdings en dikwels ook van besondere gebeurtenisse. Hierdie maatskaplike verskynsels genereer woordformasies wat kenmerkend is van die taal van die nuusmedia. Ter illustrasie kan die neiging na **taalekonomie**, wat in 4.4.2 bespreek word, genoem word.

Die samestellings is nie alleen boeiend vanweë **die wyse** waarop dit gevorm word nie, dit is inhoudelik eweso omdat dit **die domein** waarbinne die nuutvorming ontstaan meedoënloos of trefseker karakteriseer. Illustreerend hiervan is byvoorbeeld die evolusie van **sokker** - daar word niks weggesteek nie as die nuusmedia samestellings gebruik soos die volgende:

sokkerboewe
sokkerdrama
sokkergeweld
sokkerrusie
sokkerskandaal
sokkerskare
sokkervandalisme

So ook ontstaan al meer woordformasies met die woord **gay-** in die hedendaagse nuusmedia - 'n verskynsel waaroor daar min kennis in die verlede was en waaroor die dominante heteroseksuele gemeenskap eerder geswyg het. Die woord **gay** is reeds in *VAW* (1993) opgeneem, maar nie in *HAT* (1994) nie. Tans word die **gay**-tema al meer verwoord wat bydra tot die bevestiging van die bestaan van 'n **gay**-groep. Volgens Stander (1993:11) word **gay**-poësie binne die sosiopolitiese raamwerk van homoseksualiteit geplaas.

Samestellings met die woord **gay-** sluit in:

gay-"hangkas"
gay-debat
gay-digters
gay-ervaring
gay-gedig
gay-gevoelens
gay-lens
gay-persone
gay-poësie
gay-rewolusie
gay-seks
gay-spreker
gay-teks

gay-tema
gay-verhouding

Van bogenoemde voorbeelde is afkomstig uit *Dolos*, 1993:11-16. In gay-taal word ook verwys na "straight" persone, met ander woorde heteroseksuele persone.

Dieselfde direktheid word aangetref waar dit gaan om die benoeming van sake wat ook nog nie so lank gelede nie as **taboewoorde** gebruik is:

dwelmverslaafde
gedadedood
kanker
kondoomaksie
kondoomreklame
seks
vigs (HIV-virus)

Samestellinge met dié woord wat steeds nie in die kontrolewoordeboeke voorkom nie, sluit in:

vigs-era	-	27.12.1993	p.6
vigs-organisasies	-	28.12.1993	p.9
vigs-projekte	-	31.12.1993	p.5
vigs-virus	-	15.12.1993	p.12
vigsbesmette	-	31.12.1993	p.8
Vigsdag	-	15.12.1993	p.12

Ander samestellings van dieselfde orde wat ook nie in kontrolewoordeboeke opgeneem is nie, sluit in:

kankerkliniek	-	3.8.1993	p.4
sekskapades	-	27.12.1993	p.6
seksrituele (satanisme)	-	29.12.1993	p.7

So ook samestellings met **Hasj-**, **heroïne-** en **homo**. (Vergelyk ook Diederichs (1981:45,46) vir vroeëre voorbeelde.)

4.3 DIE AARD VAN MEDIATAAL

Die radio en TV kan, alhoewel vervlugtend, aansienlik sneller berig oor aktuele gebeure en lopende kwessies as byvoorbeeld die gedrukte media, aangesien miljoene luisteraars en kykers op dieselfde oomblik inligting kan ontvang. Omroepers gebruik woorde vir nuwe sake, objekte en gebeurtenisse en dit bereik die kyker of hoorder eerste voor die nuutvorming in die ander media verskyn. Daarby word gekose name vir nuwe neigings of sake daaglik herhaal aan duisende kykers en hoorders, solank dit gespreks- of nuuswaarde het. Die TV is die magtigste medium in die samelewing wat per uitsending 'n kykdigtheid het van 'n miljoen of meer kykers - dit is 'n onaantasbare prestige. 'n Voordeel van die TV is dat die kind as kyker nog voor hy kan lees en skryf aan die TV blootgestel kan word en dat sy woordeskat daarby baat kan vind, terwyl die geskrewe medium eers later vir hom van belang word.

In beriggewing, advertensies en politieke propaganda bestaan daar onmiskenbaar 'n versluerde **oorredingsfunksie** wat ook die woordeskat wat gebruik word, beïnvloed en wat veral opvallend is in die politieke jargon van die afgelope paar dekades. Vergelyk De Klerk (1978:104): "Komposita met **-vryheid** het nie soseer te doen met emosies as met gesaghebbende toesegging van waardes nie: waarde-oordele waaroor die spreker geen teenspraak verwag nie."

Die **vredesideologie** was egter die afgelope paar jaar sterk op die voorgrond en het talle samestellinge met **vredes-** ontstaan. Dit kan ook beskou word as 'n versluerde oorredingsfunksie van 'n polities-gemotiveerde samelewing. Vergelyk voorbeelde uit die bylaes wat nie in die kontrolewoordeboeke opgeneem is nie, byvoorbeeld:

vredesboodskap	-	8.12.1993	p.6
vredesboodskap	-	9.12.1993	p.10
vredesbyeenkomste	-	22.9.1993	p.2
vredesdag	-	31.12.1993	p.8
vredesembleem	-	31.12.1993	p.5
vredesinisiatief	-	22.12.1993	p.5

vredesirkel	-	14.5.1993	p.7
vredesituasie	-	4.8.1993	p.5
vredesketting	-	30.6.1993	p.8
vredesknopies	-	31.12.1993	p.5
vredeskomitee	-	4.8.1993	p.5
vredesmag	-	3.1.1994	p.3
vredesooreenkoms	-	14.5.1993	p.1
vredesoptog	-	17.12.1993	p.2
vredestrukture	-	14.5.1993	p.4
vredesveldtog	-	31.12.1993	p.5
vredeswaarnemers	-	8.10.1993	p.1
vredeswoorde	-	30.12.1993	p.8

So kan heelwat probleemareas of ideologiesegelaaide kragvelde uit die bylaes gehaal word wat geskep is deur middel van oorwegend samestelling terwyl die kwessie in die media op die voorgrond was. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat samestellings beskou kan word as een van die aktiefste woordskeppingsmeganismes. Vergelyk byvoorbeeld **apartheid-, gemeenskaps-, grondwet-, konsep-, mags-, minibus-, onderhandelings-, onrus-, oorgangs-, plakker-, protes-, rasse-, streek-, taxi-, terreur-, veelparty-, veiligheids-, verkiesings- en versoenings-** as woordvormende elemente.

Deur die uitsending van 'n program vind 'n onbewuste "dril" plaas veral ook omdat die meeste kykers na meer as een program of nuusuitsending per dag luister of kyk. Die gevolg van hierdie kykersgedrag is onmiskenbaar dat sommige woorde, vorme en selfs uitsprake sal bly steek. Dit word bevorder deur sowel die eensydigheid van die nuusgebeure as die wyse waarop dit geredigeer word.

Dit is eensydig in die sin dat daar altyd sprake is van byvoorbeeld 'n onderhandelingsforum, massa-aksies, konflikte, konfrontasies, nuwe sake, uitsprake van leiersfigure, regerings- en ANC-woordvoerders en die amptelike opposisie, magsdeling, aanslae, vredesamesprekinge tussen verskillende groepe, droogtehulp, sosiale dienste en onderwys, ensovoorts, om maar 'n paar van die terugkerende motiewe te noem. Die patroon bly geyk of stereotiep, of dit nou oor die regering of oor ander politieke groeperinge handel. Hier kan bygevoeg word dat die talige invloed van die radio en TV

moontlik minder is as dié van die reklamebedryf wat die woordvoorraad van menige Afrikaanssprekende beduidend sneller laat aangroei.

Lakoff (1982:31) verwys na **leksikale vernuwing (neologismes)** as een van die vyf verskynsels wat 'n oorredende eienskap van die advertensiewese uitmaak. Volgens hom trek 'n nuutskepping die nodige aandag om 'n impak op die boodskap wat oorgedra word te maak. Swanepoel (1991:78) noem genoemde impak op die boodskap, die oortreding van die koöperatiewe beginsel wat die hoorder dwing om die boodskap te interpreteer en deel te neem aan die gesprek.

Geleentheidsamestellinge is ook aan die orde van die dag, byvoorbeeld:

abbahart
 bosberaad
 bosoorlog
 modderramp
 oppottingsprogram (opgaar van olievoorrade)
 proefbuisbaba
 slikramp
 taverneslagting

Die taal waarin nuus aangebied word, is eenvoudig, alledaags, vertroulik en neutraal. 'n Mens kan ook in die besonder die radio en TV bestempel as monotoon. Die woordeskate daarvan gee ook nie 'n volledige beeld van hedendaagse Afrikaans nie - niks meer as 'n mosaiëkbild daarvan nie. Dit kan bygevoeg word dat die radio en TV soms cliché- en sjabloonagtig aandoen.

So kan verskillende scenario's wat tot tipiese woordkeuses lei, aangetoon word; handel dit oor **produksie in die landbousektor** dan handel dit oor die droogte, droogtebystand - dit wil sê die leksikale domein bly beperk tot probleme, produksie, kwotasies, invoere en voorraad.

Onrus as terugkerende sjabloon word gekenmerk deur die feit dat daar onrus is wat normaalweg lei tot protes, massa-aksies, verbruikersboikotte, stakings en geweld, - **wraak** lei tot weerwraak, oor en weer beskuldigings van die ANC op die vroeëre regering, en omgekeerd. Die woorvoerder van die een groep voer samesprekinge of onderhandelinge wat misluk. Daarop volg opnuut 'n woordestryd. Die gevolg daarvan is maar weer opnuut konflik, onluste, massa-aksie, dood en verwoesting. By gebrek aan resultate, verhard die standpunte en loop dit uit op demonstrasie van geweld of mag, stakings, intimidasie, verzet en weer massa-aksie. Ander rolspelers word betrek waaronder vakbonde en werkgewersorganisasies, VN-waarnemers, die Goldstone-kommissie, ensovoorts. Die nuusmedia benoem nie alleen al die maatskaplike gebeure en veranderinge nie, maar sorg ook daarvoor dat onomasiese veranderinge vinnig versprei en waarskynlik net so vinnig aanvaar word.

Die **eufemisme**, normaalweg 'n kenmerk van die taal van die politiek (en ander terreine) is buitengewoon beperk in mediataal. Die verklaring vir die verskynsel kan gesoek word in die aard van die nuusmedia. Die taal is hier nie die belangrikste doel nie. Die berig of nuuswaarde wat oorgedra word vul die verwysende funksie van die taal aan. (Vergelyk Crisell 1986:73). Verder is die beriggewing in die nuusmedia dikwels so onthullend dat geen enkele **retoriek** daarteen opgewasse is nie (vergeelyk Hughes 1988:221).

Die nuusmedia voeg **oorspronklike jargon** toe aan die algemene woordeskat van Afrikaans. Heelwat terme wat oorspronklik eie is aan die **vaktaal** van die ekonoom, die politikus of die sportverslaggewer word deur die herhaalde gebruik nie meer as vaktaal ervaar nie, maar lê gemaklik op die algemene taalgebruiker se tong of ondergaan metaforiese ontwikkeling, byvoorbeeld:

balistiese toetse	-	3.1.1994	p.3
druktyd (koerantwese)	-	24.12.1993	p.2
voorproduksieweergawe (motors)	-	28.12.1993	p.6

Die taal van die nuusmedia is weliswaar gesproke Afrikaans, maar wat die radio en TV betref, voorgelese skryftaal. Vandaar die feit dat verhoudingsgewys weinig registers aangetref word wat kenmerkend is van mondelinge taaluitings. Kommunikasie tussen lesers, kykers of hoorders en die massamedia kan dus nie bloot by wyse van abstraksie onderskei word van die tipe kommunikasie wat tussen mense op 'n interpersoonlike basis plaasvind nie.

Wat die gedrukte media betref, is die handelsmerk die **neutrale register** of **nulkonnotasie**. Woorde in die bylaes (as verteenwoordigende momentopname van hedendaagse Afrikaans) word ook gekenmerk deur die neutrale register wat eie is aan mediataal. Ondanks die voorbehoude in bogenoemde kan aanvaar word dat die nuusmedia steeds meer woorde sal gebruik wat natuurlik en ongekunsteld sal aandoen. Dit is selfs moontlik dat die woordeskat ten koste van plegtigheid en neutraliteit in die toekoms verder sal inboet aan vertroulikheid en daardeur sy informele karakter sal verdiep. Vergelyk woorde uit die bylaes in dié opsig, soos:

kougomtaal	-	22.12.1993	p.9
poegaaie-eend-regering	-	4.1.1994	p.6
pruimhart	-	4.1.1994	p.6
sekskapades	-	27.12.1993	p.6
tedoe	-	10.12.1993	p.16
veiligheidsblaps	-	10.12.1993	p.11
wegholbrande	-	29.10.1993	p.2
witboordjiemisdrywe	-	17.12.1993	p.1

4.4 TAALVERSKYNSELS IN MEDIATAAL IN DIE ALGEMEEN

Voorbeelde wat hieronder bespreek word, is afkomstig uit onlangse mediataal in die algemeen en is nie noodwendig afkomstig van data uit die bylaes nie, behalwe wanneer anders vermeld.

4.4.1 TAALGROEI

Die taalgroei kan oorsigtelik beskryf word op die volgende wyses:

4.4.1.1 Popularisering van sportsoorte

Die popularisering van verskillende sportsoorte het meegebring dat 'n hele reeks terme uit dié sportsoorte hul weg vind na die alledaagse taalgebruik, byvoorbeeld:

Voor ons afskop met die verkiesingsveldtog... (rugby)

Jy het my nou onkant betrap; ek het gesit en dagdroom. (rugby)

Moet my nie probeer pypkan in dié saak nie. (rugby)

Moenie altyd probeer skeidsregter speel as die kinders baklei nie. (boks/rugby)

Afrikaans mag nie veld verloor in die Nuwe Suid-Afrika nie. (rugby)

Jy het my totaal uitgeboul met jou antwoord. (krieket)

Sy antwoord op my vraag was 'n uitklophou/kishou. (boks/tennis)

Op politieke gebied is die wenstreep in sig. (onder andere atletiek)

Probeer maar vir 'n dag of wat die teuels hou. (perdry)

Jy probeer my altyd op die middelpen boul met jou antwoorde. (krieket)

As jy so aanhou, gaan ek jou harpuis laat ruik in die verkiesing. (boks)

Die bal is nou in my baan, meneer die president. (tennis)

Jy skerm verniet vir jou party se kandidaat. (skerm)

'n Goeie aanloop in die verkiesing kan tot die party se voordeel strek. (atletiek)

Die land is oor die eerste hindernis op pad na 'n vreedsame toekoms. (atletiek/perdry)

Hierdie twee groot kanonne in die politiek kruis gereeld swaarde. (skerm)

Ek het my swaard in vir jou. (skerm)

Die mooiste voorbeeld is dié verband is afkomstig van adjunk-president F.W. de Klerk in *Die Volksblad*, 15.5.1995, p.7: "Die NP is binne in die skrum op die veld. Die NP staan

nie op die kantlyn en raas en skreeu nie. Ons sit nie 'n show op vir die paviljoen nie. Die NP hak die bal en druk drieë ter wille van 'n beter lewe vir alle Suid-Afrikaners."

4.4.1.2 Wêreldgebeure

Wêreldgebeure soos onder andere die Tsjernobil-ramp in Sowjet-Rusland waar 'n kernkragentrale onklaar geraak en ontplof het, het Afrikaans ook verryk met talle samestellings met **bestraling-**:

bestralingseffek
bestralingsgebied
bestralingsiekte
bestralingsongeluk

Aan die tuisfront het gebeure egter ook tot nuwe woorde en samestellings aanleiding gegee, byvoorbeeld die (Merriespruit) **modderramp**, **moddervloed** of **slykdamramp** en die **kerkslagting** (31.12.1993, p.8) en **kerk-aanval** (2.8.1993, p.3).

4.4.1.3 Die nuusmedia en die owerheid

Die nuusmedia, of dit nou teen of vir die huidige regering is of nie, tree as deurgeelukkig van die owerheid op, gesien die vele samestellings met **regerings-**, **staats-** en **owerheids-** wat so baie in die nuus is, byvoorbeeld:

owerheidsbemoeiing
owerheidsektor
regeringsgeboue
regeringskant
regeringskussings (spot, *Volksblad* 24.12.1993, p.7)
regeringswoordvoerder
staatsinmenging
staatskole

Vergelyk ook:

arbeidsonrus (27.12.1993, p.1)
 arbeidstekort

4.4.1.4 Internasionalisering

Internasionalisering blyk uit die groei van die woordeskat wat verwys na die Europese Gemeenskap, die Golfoorlog en die Moslemwêreld, die Sikhs- en Tamilrebelle, asook sportterme, byvoorbeeld:

anti-apartheid
 E.G.-afgevaardigdes
 E.G.-ambassadeur
 E.G.-bydraes
 E.G.-hulp
 E.G.-Landbouministers
 Europabekereindstryd
 Europabekerwedstryd
 Eurosentries (9.12.1993, p.4)
 Moslemstryders
 Moslemwêreld
 Sikh-ekstremiste
 Sikh-heiligdom
 Tamilrebelle
 Vredesmag (VN) (8.19.1993, p.1)

4.4.1.5 Verplasing van norme

Normmoorskrydende/normdeurbrekende gedrag het ook nuwe woorde tot gevolg. Enkele algemene voorbeelde uit die hedendaagse nuusmedia sluit in:

belastingontduiking
 eksamenbedrog
 inligtingskandaal
 meeluisteringskandaal
 opkickerskandaal
 seksskandaal

strandoproer
 subsidiebedrog
 verkiesingsbedrog
 wapenbedrog

Enkele voorbeelde uit die bylaes wat normdeurbrekende gedrag impliseer, sluit in:

arbeidsonrus	30.12.1993	p.2
gesinsgeweldenaar	22.12.1993	p.3
gesinsmoord	7.12.1993	p.3
grysinvoere	7.12.1993	p.9
leierskapsrusie	30.12.1993	p.8
onderwyskrisis	14.5.1993	p.3
plaasaanval	2.8.1993	p.5
protesaksie	4.1.1994	p.4
protesaksie	4.1.1994	p.4
rasseoproer	30.12.1993	p.2
rassespanning	4.8.1993	p.2
sanksiewapen	4.1.1994	p.7
sekskapades	27.12.1993	p.6
skaregeweld	29.12.1993	p.6
taxi-chaos	31.12.1993	p.8
taxi-konflikte	22.12.1993	p.10
taxi-onrus	3.2.1993	p.6
taxi-oorlog	7.1.1994	p.6
taxi-opstand	31.12.1993	p.8
taxi-protes	31.12.1993	p.8
treingeweld	7.1.1994	p.6
tronkmoord	28.12.1993	p.1
verpleegstaking	4.1.1994	p.4
volksvernietiging	17.12.1993	p.2
wegblyaksies	31.12.1993	p.1
witboordjiemisdrywe (spot)	17.12.1993	p.1

(Let op laasgenoemde woord se interessante morfologiese konstruksie.)

4.4.1.6 **Spoeidinformatie**

Die snelheid waarmee die inligting en nuus vrygestel word en wat tot talle nuwe woordvondste lei, blyk uit talle samestellinge met **spoed-** en **kits-**:

kitsbank
 kitsgaar (kossoorte)
 kitskoffie
 kitskontant
 kitskos
 kitstransaksie
 kitsvakature, kitsverkoper, ensovoorts).
 (Ook: kitsklaar, kitsoplossing, kitsrekenaar,
 spoedbesteldiens
 spoeddebat
 spoedkonferensie
 spoedonderhoud
 spoedorder
 spoedpos
 spoedvergadering

Voorbeelde uit die data is:

blitsbesoek	-	13.12.1993	p.7
kitsdieet	-	10.12.1993	Snuffelgids
kitskonstabel	-	7.1.1994	p.6
kitskrieket	-	20.12.1993	p.14
kitsoplossing	-	14.5.1993	p.10

'n Variasie op die tema, maar met dieselfde betekenis, is **jap-trap-kos**.

4.4.1.7 Omsigtige benaderings

In die Nuwe Suid-Afrika het 'n nuwe politieke raamwerk ontstaan wat gekenmerk word deur samewerking deur onderhandeling en 'n omsigtige benadering. Onsekerheid en omsigtigheid in die openbare lewe en politieke arena word gereflekteer deur vele vorme met byvoorbeeld **konsep-, proef-, reserwe-, interim-**. Enkele algemene voorbeelde sluit in:

interimberaad
 interimregering (of tussentydse regering)
 konsepgrondwet

konsepkontrak
 proe-flansering
 reserwebeveiliging
 reserwefonds
 reserwespan

Voorbeelde uit die bylaes sluit in:

konsep-dokument	-	21.12.1993	p.1
konsep-kieswet	-	8.12.1993	p.8
konsep-ooreenkoms	-	22.12.1993	p.4
konsep-wetsontwerp	-	8.12.1993	p.8
konsep-oorgangsgrondwet	-	7.12.1993	p.4
konsepwetgewing	-	7.12.1993	p.1

4.4.1.8 Prestasiegerigheid

Hiernaas blyk ook Suid-Afrikaners se verknogtheid aan prestasie uit samestellings met **rekord-, reuse-, en top-**. Algemene voorbeelde sluit in:

rekordinkomste
 rekordoeste
 rekordreënval
 rekordsyfers
 rekordvangste
 rekordverdienste
 reuse-inkomste
 reusebestelling
 reuselening
 reuseskok
 topakteur
 topamptenaar
 topatlete
 topbestuur
 topbyeenkoms
 topspelers

Enkele voorbeelde wat in die bylaes opgeneem is, sluit in:

rekordverkope	-	29.10.1993	p.2
---------------	---	------------	-----

reuse-lichterings	-	22.12.1993	p.19
top-groep	-	14.5.1993	p.7
top-pos	-	15.12.1993	p.2
top-poste	-	22.12.1993	p.4
top-presteerders	-	3.1.1994	p.3
top-range	-	17.12.1993	p.7
top-struktuur	-	22.12.1993	p.4
top-unies	-	27.9.1993	p.13

